

jou praktiese huis-en-tuingids

SA se
No.1
huis-en-tuin-
tydskrif



tuis

September | Oktober 2026
R120 (BTW ingesluit)
Namibië N\$125

TUINE

Kaal lappie grond
word 'n plukblomtuin

+ Permakultuur

Stanford-egpaar
wys hoe

PROE DIE NOSTALGIE

Rooibos-melktert,
koejawel-roomyskoek
& jou eie rissiesous

Wildspastei
met 'n
slapdeegkors

ST. FRANCISBAAI

KONTEMPORÊRE
SKUURSTYL HUIS

'Ons het rondom die
melkhoutbome gebou'

KNYSNA

Knus in die
inheemse woud

JOHANNESBURG

Twee avonturiers nou tuis
in 'n 100 jaar oue huis

GAMTOOSVALLEI

'Herwinde materiale het
'n storie om te vertel'

O, so.
mooi
ÉN SAG OP DIE AARDE!



K. LIGHT®

DESIGN • SERVICE • QUALITY



K. Light-ontwerpersversameling

Keramiek-hanglampe & tafellamp

KAAPSTAD Milnerton 021 552 4370

JOHANNESBURG Midrand 011 312 1247

Besigtiging net by vertoonlokale, K. Light Import verskaf
slegs aan kleinhandelaars en nie direk aan die publiek nie.

www.klight.co.za

"Keramiëkbeligting, pragtig vervaardig"

Met sorg gekose beligting kan die karakter van 'n ruimte vorm, en daarom bly gehalte, vakmanskap en weldeurdagte ontwerp so belangrik. Soos binnenshuise tendense bly ontwikkel, is daar 'n groeiende aanvraag na beligting wat internasionale invloede weerspieël terwyl dit 'n tydlose aantrekkingskrag behou. Een van K. Light se nuutste toevoegings omarm hierdie Europese ontwerptendens, en kombineer pragtig vervaardigde keramiëk met elegante glas om beligting te skep wat tekstuur, warmte en ingetoë sofistikasie na binneruimtes bring.



Opaal/pienk keramiëk-hanglamp



Opaal/grys keramiëk-muurlig.

K. Light se waardering vir uitsonderlike ontwerp word weerspieël in 'n sorgvuldig gekurateerde versameling van internasionaal ingevoerde beligting. Deur voortdurend nuwe ontwerpe bekend te stel en terselfdertyd 'n sterk fokus op gehalte en betroubare diens te handhaaf, help K. Light ontwerpers, argitekte en huiseienaars om beligting te ontdek wat binneruimtes met sowel styl as doelgerigtheid verryk.



Opaal/grys keramiëk-hanglamp



K. LIGHT®

Wenk van kim williams

Pure Design Innovation



Deur Kim Williams Interior Design Studio.


Laat daar lig wees

Beligting is veel meer as 'n praktiese noodsaaklikheid – dit is een van die kragtigste ontwerpelemente in enige huis. 'n Goed gekose treffende lig skep atmosfeer, definieer 'n ruimte en word dikwels die fokuspunt wat 'n binneruimte bymekaarbring.

Of dit nou bo 'n eettafel is, in 'n ingangsportaal of as 'n stelling in 'n woonruimte, beligting het die vermoë om te verander hoe 'n vertrek voel. Die regte keuse verlig nie net 'n ruimte nie; dit voeg karakter, warmte en 'n gevoel van doelgerigtheid by.

Wanneer dit deeglik gekies word, is treffende beligting waar funksie pragtige ontwerp ontmoet.





22 LESER-HUIS



34 LESER-HUIS




LESER-HUIS 46



Fokus op
VOLHOUBARE STYL

56



LESER-HUIS 94



110 Nostalgie op n bord

dekor

- 22 Nuutgeboorde huis sit **sag en knus** in Knysnabos
- 34 Twee avonturiers **blaas nuwe lewe** in 100 jaar oue huis in Johannesburg
- 46 **Eenvoud die wagwoord** in argitek en kunstenaar se Tuinroete-tuiste
- 56 **Styl en volhoubaarheid** in harmonie in ontwerp-duo se toevlugsoord
- 70 'n Gesellige gesinshuis met groot sorg rondom melkhoutbome gebou

IN DIE KOMBUIS

- 110 **Moderne kinkel** vir nostalgiese geure en ikoniese plaaslike bestanddele
- 120 Springbokpastei, **stap vir stap**
- 122 **Kortpadkos** Aandete in 'n japtrap!
- 126 **Kos & drank** om jou sintuie te voed

kompetisies

- 8 **Sê jou sê** en WEN 'n prys
- 84 WEN met jou **troeteldierfoto's**
- 91 Vul **Blokraai #194** in en WEN

in die tuin

- 94 Volhoubare oase geskep volgens **beginsels van permakultuur**
- 102 'n Liefde vir tuinmaak lei tot 'n **loopbaan wat blom**

IN ELKE UITGAWE

- 10 **Vars idees** met kurwes en patrone
- 16 **Wat's nuut** op die dekortoneel
- 80 **Raad Vra** die kenners
- 84 **Troeteldiere** en hulle dinge
- 86 **Tuindagboek**
- 130 **Agterblad** Karin Brynard gesels

CiELO | *Inspiring Spaces*



SIT TERUG EN WIEG DIE SOREN DRAAISTOEL

WINKELS

GAUTENG: FOURWAYS • KRAMERVILLE • EDENVALE • ROODEPOORT • ALBERTON • CENTURION • BROOKLYN
HAZELDEAN • WES-KAAP: DE WATERKANT • TABLE BAY • SOMERSET-WES • HERMANUS • GEORGE
KWAZULU-NATAL: BALLITO • HILLCREST • OOS-KAAP: PORT ELIZABETH • MPUMALANGA: NELSPRUIT
LIMPOPO: POLOKWANE • NAMIBIË: WINDHOEK | DESIGN HUB • MAURITIUS: BLACK RIVER | BANGALOW



KOOP AANLYN OF IN DIE WINKEL
CIELO.CO.ZA

GRATIS AFLEWERING
NA HOOFSENTRUMS*

*Besoek cielo.co.za vir die lys van hoofsentrums

Ek onthou nog goed – dit was op laerskool – die eerste keer toe ek Bloemfontein toe gevlieg het. Dit was my eerste keer in die Vrystaat, en my eerste keer op 'n vliegtuig, en die opwinding was groot.

Van Bloemfontein onthou ek baie dinge. Die son het anders opgekom, en anders gesak. Vroeër lig as in die Kaap, en vroeër donker saans – dit was nog nie eens *Egoli*-tyd nie!

En oor dit winter was, was als vaal. Want dit was koud, en die ryp het dik gelê in die tuin.

Twee jaar gelede is ek weer in Bloem, ook in die winter – dié keer vir 'n familielid se begrafnis. By die gastehuis het hulle die huurmotor met 'n kombars toegegooi om die vensters rypvry te hou. Ek gaan nou maar bieb: Ek is die aand in my kerkklere bed toe en het die volgende oggend net so op die vliegtuig geklim terug Kaap toe. Darem gesig gewas en tande geborsel.

Vroeë Augustus is ek weer in Bloem, dié keer vir werk – en ek is gepantser teen die koue. Maar kan jy glo? Een aand braai ons buite, en twee dae later eet ons hamburgers op die grasperk buite in die son! Wat my toe laat dink aan wat my vriend wat daar woon vertel toe ek hom uitvra oor sy romantiese vooruitsigte: Nee, sê hy, in Bloem vind jy nie liefde nie, want daar is te min enkellopers.

In Bloem, sê hy, kry jy hoogstens 'n beurt.

Nou ja, dit lyk my dit was nie ons beurt vir koud kry nie, maar so verlig soos ek is dat die wolmusse en handskoene in die tas kon bly, kwel ek my tog oor die vooruitsig van die baie warm en baie droë somer wat volgens die kenners op ons wag. Want as daar 'n beurt is wat ek nie weer wil hê nie, is dit die emmerdans onder die stort om water te spaar oor Dag Zero wink.

Ek het die storie al vertel, maar ek voel sterk daaroor. Dit gries my dat ons drinkwater gebruik vir toilette spoel. En toe ek lees van die Bezuidenhouts se eko-huis in die Crossways Farm Village en dat reënwater vir riolering volgens die huiseienaarsvereniging verpligtend is, onthou ek van my droom om eendag 'n politikus te word, wanneer ek my vir net twee dinge sal beywer. As jy vir my stem, sal geen huisalarm vir langer as twee minute lui nie (vra my buurman ...), en geen toilet sal ooit met drinkwater gespoel word nie.

Die res van die land se probleme kan die res van die kabinet oplos; ek, daarenteen, sal met *Tuis* se paneelwa ry en huisalarms inspekteer, en 'n reënwater-spoelmeester word. Jy weet, soos wanneer die geraaspolisie kom kyk of jou honde wel heeltyd blaf soos die bure beweër. (Dit het ook al met my gebeur. Dan kom sit hy in 'n kampstoel op die sypaadjie en luister.)

Soms is die waarheid werklik vreemder as fiksie.

Iedergeval, die son kandel reeds anders, en dit maak my opgewonde. Ek wag die somerse daeraad in. Ook die pienk wolk blomme van die bougainvillea in die agterplaas. Want dis die lente se beurt. En wat 'n heerlike beurt! Of hoe?



Foto Willem Botha



Om die nuwe seisoen te vier, is 'n lieflike ekstrasid uitgawe van *Tuis Werf* nou te koop. Kry dit by 'n supermark naby jou. As jy sukkel, stuur vir ons 'n e-pos na redakteur@tuis.co.za.

wicus
redakteur@tuis.co.za

Die volgende uitgawe van *Tuis* is vanaf 16 Oktober op straat.

tuis

REDAKTEUR
Posadres
Algemene navrae

Wicus Pretorius, redakteur@tuis.co.za
Posbus 1802, Kaapstad 8000
yumna.tofey@media24.com, 021 406 4552

REDAKSIE
Artikelredakteur
Kreatiewe redakteur
Ontwerpredakteur
Kosredakteur
Tuinredakteur
Digitale redaksie
Multimediajoernalis
Foto-opknapper

Beatrice Moore-Nöthnagel, beatrice.noethnagel@media24.com
Marian van Wyk
Andrew Maritz
Johané Neilson, johane.neilson@tuis.co.za
Marié Brody
Peter van Noord, Johan van Zyl, Natasja Lochner
Annette de Wet, Walter Hayward
Suné Esterhuizen
René Nortjé
Jacques du Plooy

Hoof: Produksie en nakoming

MEDEWERKERS

Natalie Boruvka, Karin Brynard, Greg Cox, Paula Dubois, Gerda Engelbrecht, René Esterhuyse, Gillian Eva, Lynne Fraser, Mary Jane Harris, Bobbie Hart, Ryan Hart, Christoph Hoffmann, Misha Jordaan, ER Lombard, Jan Ras, Karl Rogers, Jeandri Streicher, Amanda van Wyngaardt

ADVERTENSIES & INHOUDSBEMARKING

Verkoopdirekteur Bea van der Vyver, bea.vandervyver@media24.com, 011 877 6047

Verkoopbestuurder Lani Rheeder

Sleutelklantbestuurders Charlene Meyer, Daniela di Giovanni, Leone Jacobs, Nicolette Kannenberg, Riette Peens, Debbie van der Merwe

Kantoorbestuurder Ann du Bois

ann.dubois@media24.com, 011 713 9529

DIVERSE INKOMSTE

Geleenthheidsdirekteur Francois Malan, francois.malan@media24.com

STUDIO

Hoof Laila Majiet

Kunsredakteur Sally Cronjé

Bedryfs- en inhoudsbestuurder Mike de Beer

Kommersiële redakteur Lerato Sejake

Produksiebestuurders Christine Smith, Kim Petersen

Kreatiewe redakteur: video Sandlasethu-Siphe Yilani

Redakteur: spesiale projekte Gerda Engelbrecht, gerda.engelbrecht@media24.com

Senior bemarkingsbestuurder Andile Nkosi, andile.nkosi@media24.com

Bemarkingsbestuurder Setjhaba Maphike

Projekbestuurder Nafiesha Hoosain

UITGERSPAN: MEDIA24 MEDIA

Uitgewer Edwina Lyners

Hoofbestuurder: Afrikaanse media Tammy van Zyl

Finansiële hoof Luxolo Dywili

Inkomste hoof Nerisa Coetzee

Uitvoerende hoof Minette Ferreira

SIRKULASIE

Kategoriebestuurder tommy.chapman@onthedot.co.za

MEDIA24 KORPORATIEF

Uitvoerende hoof: Media24 Raj Lalbahadur

Waarnemende finansiële hoof: Media24 Nelmarie Beyers

MEDIA24 *Tuis* word uitgegee deur Media24, Heerengracht 40, Kaapstad 8001. Tel. 021 406 2121



Kopiereg Media24. Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die geskrewe toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopieëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die advies wat in die tydskrif gepubliseer word akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies, skade of ongerief wat daaruit voortspruit nie. Die redaksie behou die reg om veranderinge te maak aan enige materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan of verlies van die materiaal nie. Alle pryse is onderworpe aan verandering en kan verskil van winkel tot winkel; die prys in die winkel moet as die finale bevestigde bedrag beskou word.



Jou visie.
Ons kundigheid.
Die perfekte kombuis.



34 jaar van gehaltesiens. 2-jaar-kombuiswaarborg.
Meer as 43 vertoonlokale landwyd. 0861 327 9543
Trotse lid van die Kombuis spesialistevereniging.

 easylifekitchens.co.za

"Van die oomblik dat ek by EasyLife Kitchens Boksburg ingestap en vir Julia ontmoet het, het ek geweet ek is in goeie hande. Sy het my visie met pragtige ontwerpvisualiserings verwesenlik, die installasie was professioneel, en die eindresultaat was presies soos ek dit voorgestel het. Dankie aan die ELK Boksburg-span vir 'n aangename ervaring wat seepglad verloop het. Ek sal beslis weer saam met hierdie span werk!"
Terry Pritchett, Boksburg

Ons lesers sê

WENBRIEF

Sharlotte ná die operasie

Iris Whitfield van Stilbaai skryf

Ek sit ewe rustig en lees daardie koffie-en-sjokoladekoekresepsie in julle Junie | Julie 2026-uitgawe toe hierdie madame besluit genoeg is genoeg. Hulle is so jaloers as hulle nie al die aandag kry nie! Ek is nou al twaalf dae heeltyd by haar tot die keël Dinsdag afkom en die stekies uitkom.

Dankie vir julle lieflike tydskrif wat mens so laat droom.



Tuis praat my taal


Lillabet Smith van Centurion skryf Onlangs leen 'n vriendin haar nuutste *Tuis* vir my. Wat 'n belewenis! Ek lees van die verstommende dinge wat mense doen om 'n huislike blyplek te skep. Maar wat my nog meer tref, is die keurige en speelse gebruik van ons taal, Afrikaans. Wat 'n tone-krul-lekkerte is elke raak beskrywing nie. "Dis tyd vir die blues" ... die blou van drome en verlange. "Blosende skoonheid", en siedaar! 'n Kleur-opkikker. Elke alliterasie tref die oog en lig my gees. "Vrolike viering", "Kelkies, kleur en kurwes", "Pienk en perfek". Elke woord trek jou in om verder te lees. Die suggestie van 'n woord en die verrassende beeld. "Aan my kant" ... en daar pryk 'n tafel met 'n kartelrand. "Voel verlig" ... en die mooiste lamskerms word vertoon. "Soet, sappig, somer" ... met roomys as verlokking.

Baie dankie en baie geluk aan die redaksie en teksredakteurs vir hierdie heerlike leeservaring.

Halt, besige bytjies

Eliz Vermeulen van Pretoria skryf So interessant vir my: Besig wees. Hoe laat dit my terugdink. Aan baie jare gelede toe ek so besig was dat mense vir my gesê het ek is seker die besigste mens in Potchefstroom. Stop, halt!

Daar was niks wat ek nie aangepak het nie. Ek was betrokke by sportafgrigting en -wedstryde, eisteddfods, volkspele, verjaardagpartytjies vir die kinders. Nou, op 'n redelik hoë ouderdom, is ek met 'n gekraakte knieskyf by my oudste dogter, Corné, op Vrede in die Vrystaat. Ek kyk toe hoe sy tussen skoolhou en eksamenvraestelle opstel en merk aandag gee aan hulle diertjies, gaan sing by Kersafsluitings en beskuit bak. Isabel, die jongste, het 'n druk werksprogram met drie kindertjies, onder wie 'n besige tweeling. Celize is weer erg oor haar kinders se akademie en sportprestasies. So kom ons ondersteun ons Besige Bytjies met alle eer aan Hom en deur alles wat genade is.



'n Baie mooi foto vir 'n legkaart, maar glad nie 'n maklike een nie! – Smitte

Ek wil sommer my tuisprojekkie deel. Ek het die 100 jaar oue vertoonkas met sy mooi loodglasvensters vir net R3 000 op Gumtree gekoop, en omgetower in 'n drankkabinet. Ek weet sommige ril by die gedagte om hout te verf, en ek sal self nie geelhout verf nie. Maar so 'n ou kas met bruin vernis lyk darem baie beter met 'n nuwe jas. – Marnus Hattingh, Kaapstad



OP FACEBOOK

V: Wat is die een gereg wat jou altyd laat terugverlang na jou ouma?

👍👍 My ouma het die heerlikste patats in haar koolstoot se oondjie gemaak. Dan het ons dit middeldeur gesny, met botter gemeng en uit die skil geëet. Die beste! – Rozelda van der Westhuizen

👍👍 Al Ouma se kos! Veral as sy weet jy kom kuier. Haar krummel-vartjops en rooihoender was tops! – Roelet Wolhuter

👍👍 My ouma se jam-tertijes, ingelegde perskes en skaapboud. – Yolanda Steyn

👍👍 Net die gedagte aan my ouma se groentesop en frikkadelle laat my verlang ... – Amorlie Bloemarts

👍👍 Ouma Joey het getoor met kos. Sy het roosterbrood en gebakte eier na 'n koningsmaal laat proe. Sy kon wondere verrig met skaap en hoender, om van yskastert en nagereg nie eens te praat nie. – Lizel Kruger

👍👍 My ouma Jonker se varsgebakte, sagte wit anysbeskuit met botter. – Erika van Zyl Kruger

👍👍 My ouma se pampoenpoffers met die lekkerste karamelsous. – Christelle Sachse

WEN!

Die skrywer van die wenbrief ontvang 'n Zartek ZA-120-dubbelwaaier van R1 099.

Die ZA-120-waaier is kragtig, herlaaibaar en draagbaar. Met sy toringontwerp en outomaties roterende dubbellemme is die waaier geskik vir jou kantoor, huis of patio. Die ingeboude hoë-kapasiteit-Li-oonbattery word met 'n USB-C-laaier herlaai en werk vir 4-14 uur, na gelang van die modus. Verskeie stellings vir spoed, horisontale rotasie, die vertikale hoek van die waaier en 'n tydskakelaar maak dit maklik om die lugvloei te beheer.

Besoek [zartek.co.za](https://www.zartek.co.za) vir meer inligting.

Zartek



Die redakteur behou die reg om briewe te redigeer.



Bedien elke **maaltyd in styl.**
DIE JOZI STOEL VERSAMELING

incanda
FURNITURE

Besoek ons:

Pretoria | Kramerville | Bloemfontein | Paarl | Durbanville | Hermanus
Somerset-Wes | George | Port Elizabeth | Polokwane | Windhoek Design Hub

Koop aanlyn
incanda.co.za



Kikker dit op met kurwes

Verfris dié lente jou dekor met pastelskakerings, treffende patrone en sagte geronde rande.

Deur Johané Neilson en Natalie Boruvka



Foto's Karl Rogers/Vignette • Produksie Natalie Boruvka

Die gesin kom deur die dag hier bymekaar om te kook, maaltye te deel en huiswerk te doen. Dis elegant en verwelkomend – die nuwe hart van die huis!

Skrynwerk deur Malco;
Guatemala Verde-marmer
op werkblad van Sangengalo;
rottanghanglampe van Baskiti

Stap vir stap sagter

In hierdie huis in Constantia, Kaapstad, het Jenine Bruce van Lacuna nou saamgewerk met haar Switserse kliënte – 'n jong gesin van ses – om 'n donker, karakterlose sitkamer te omskep in 'n oopplankombuis met 'n ligte en speelse gevoel. Die oorgroot eiland met sy diepgroen marmerblad vorm die fokuspunt van die vertrek.

“Ek wou 'n vrouliker gevoel skep met die sagte kurwes van die eiland, wat herhaal is in die spatblad met sy geronde rand en die groot rottanghangligte met hul skulprand. Saam sorg dié organiese vorms vir 'n sagte aanslag en 'n gevoel van warmte,” verduidelik Jenine. Die oorspronklike groot venster kom behoorlik tot sy reg, met die tuin se groenigheid wat prominent sigbaar is en natuurlike lig wat die vertrek binnestroom.

Bly in verbinding

In die eetgedeelte langs die oopplankombuis word die kurwes van die ontwerp herhaal in die groot tafel, kontemporêre stoele en die hangligte wat soos beeldhouwerke lyk. Die marmerkombuisblad word herhaal in die eetruimte se opdienkas. Langsaan is 'n klein ingeboude bankie wat met sagte fluweel gestoffeer is.

Die eetruimte loop aan die een kant uit op 'n buiteonthaalruimte en aan die ander kant op

'n sentrale binnehof met 'n tuin. 'n Hoë venster soortgelyk aan die een in die kombuis bied nog 'n uitsig op die groenigheid buite.

In die warmer maande wanneer die deure wawyd oop staan, verdwyn die grens tussen binne en buite. "Ons wou hê die ruimte moet gesofistikeerd en vrolik voel," verduidelik Jenine. "Ek hou van hoe die Rae Smith-skilderye 'n tikkie speelsheid bring en hoe die mooi pastelpalet in die mat en die kershousers op die tafel herhaal word." >>

Eetkamertafel deur
Deft Studios;
eetkamerstoele van
Woodbender; hangligte van
Bofred; kuns deur
Rae Smith; mat van
Hertex Haus; kershousers
van The Little Haus



Stylvol geteël

Kan jy glo hierdie badkamer met sy kurwes en sagte, organiese silhoeëtte was eens op 'n tyd 'n braaikamer? In pas met die karakter van hul 1970's-huis in St. James in die Kaap het Chris Willemse en Dané Erwee besluit om hul nuwe badkamer te ontwerp met geronde hoeke en 'n gepleisterde wastafel met geronde rande. In plaas daarvan om standaardteëls te gebruik, het hulle met ou sintelblokke 'n stylstelling teen die mure gemaak.

“Ek en Dané het 'n groot hoop sintelblokke waarvan die vervaardiging gestaak is by Klay raakgehoop en dadelik die hele lot gekoop,” vertel Chris. “Ons het dit met groot moeite in ‘teëls’ van 1 cm dik gesny en die badkamer daarmee afgewerk. Dit was 'n proses van leer en probeer, maar ons is gaande oor die patroon, wat die sagte kurwes van die vertrek verder beklemtoon.” >>

SÓ HET HULLE GEMAAK ...

Die teëls is met net genoeg teëlkleefmiddel gelê om die patroon te behou. Daarna is die terracotta met 'n sementreiniger skoongemaak voordat dit met Alumanation Sovereign Seal verseël is. 'n Mengsel van wit sement en sand is as voegbry gebruik, waarna dit weer skoongemaak is en 'n laaste laag Sovereign Seal aangebring is om die voorkoms af te rond.

“Die eerste aanwending van die seëlmiddel is baie belangrik. As dit verkeerd gedoen word, absorbeer die poreuse terracottateëls die wit sement en gaan die patroon verlore,” verduidelik Chris.

Argitektuur deur Casper Lundie van Biru; muurligte van Eagle Lighting

DIS IN DIE DETAIL

Dané het die ronde spieël gemaak van twee ronde houtraamvensters wat ná die opknapprojek oorgebly het. Hy het daarna die raam bedek met stroke ou tapisserieë wat hulle op hul reise raakgehoop het.

1015-Y50R



medalpaints.co.za

5005-B20C



7010-G50Y



GEÏNSPIREER DEUR

Die Natuurskoon

In die kleur van jou keuse

VERVAARDIG DEUR



Panache[®]
PAINT

Buite die boks

Hierdie gesinshuis in die boomryke Kaapse voorstad Rondebosch is ideaal vir onthaal, en 'n kroeg was van die begin af 'n noodsaaklike element, sê Lei Lester, die ontwerper.

In plaas van reguit lyne in die hoek omraam 'n asimmetriese geboë eenheid die rakke en spieël. Hierdie onverwagte silhoeët oorbrug die gaping tussen die vensterlyn en toonbank, wat die kroeg

naatloos geïntegreer laat lyk eerder as iets wat later bygevoeg is.

“Dit moes 'n fokuspunt wees, maar nie die ruimte oordonder nie,” verduidelik Lei.

“Die spieël laat die ruimte groter lyk, terwyl die geboë bokant en toonbank die hoekuitleg optimaal benut. Die teëls op die toonbank gee diepte en detail aan die kurwe.” 📌

VERSKAFFERS EN KONTAKTE Baskiti [instagram.com/thebaskitico](https://www.instagram.com/thebaskitico). wovendesign [Biru studiobiru.co.za](https://www.biru.co.za) Bofred [bofred.co.za](https://www.bofred.co.za) Deft Studios [deftstudios.co.za](https://www.deftstudios.co.za) Eagle Lighting [eaglelighting.co.za](https://www.eaglelighting.co.za) Hertex Haus [hertexhaus.co.za](https://www.hertexhaus.co.za) Klay [klay.co.za](https://www.klay.co.za) Lacuna [lacunaspaces.co.za](https://www.lacunaspaces.co.za) Lei Lester [leilester.co.za](https://www.leilester.co.za) Malco [malco.co.za](https://www.malco.co.za) Rae Smith [instagram.com/rae_smith_paintings](https://www.instagram.com/rae_smith_paintings) Sangengalo [sangengalo.co.za](https://www.sangengalo.co.za) The Little Haus [thelittlehaus.co.za](https://www.thelittlehaus.co.za) Union Tiles [uniontiles.co.za](https://www.uniontiles.co.za) Woodbender [woodbender.com](https://www.woodbender.com)

Teëls van Union Tiles

Altyd 'n trappie voor

Die Woodoc-Manier



Maklike aanwending en -onderhoud beteken jy bly altyd 'n trappie voor met Woodoc DECK Dressing.

'n Duursame, getinte houtbehandeling wat ekstra UV-beskerming aan jou buitenshuse hout verleen.

- Trappe met **Woodoc DECK Dressing (Golden Brown)** behandel.

Daneel Louw 2012/2



Skandeer die kode vir volledige besonderhede oor Woodoc se reeks Dek Verseëlaars en "hoe-om-te-doen"-advies.

Woodoc
KOS VIR HOUT

Woodoc Kliëntediens: Vir vriendelike, persoonlike hulp en advies, skakel Tolvry 0800 411 200, gedurende kantoorure. @ www.woodoc.com Facebook Woodoc WhatsApp +27 66 302 4702



Wat's nuut

Saamgestel deur Johané Neilson
[instagram.com/johanealet](https://www.instagram.com/johanealet)



DINAMIESE ONTWERP

Die lae onder die glasuur van Italtile se Waves Green Digital Crystal Rectified- gepoleerde porseleinteëls (900 x 180 mm; R990/m², italtile.co.za) bevat kristalle wat die marmer-geïnspireerde patroon na vore bring en skep 'n afwerking wat die lig pragtig weerkaats.



VAT VYF!

Boss-hanglig in
Antique Brass
R1 960,
light.co.za

Funky Fish-
kerskandelaar
R139,99,
mrphome.com



Hiervan hou ons ...

Geriffelde Flute-koffietafel (129 cm L x 59 cm B x 38 cm H; moet aanmekaargesit word; R2 200, mrphome.com). Die gladde, pilvormige tafelblad skakel skerp hoeke uit en skep 'n organiese vloei wat perfek is vir gesinskamers wat baie voeteverkeer dra, maar ook vir knus sitareas.


Neem 'n oomblik om die leer- en koperdetail te waardeer op dié Memphis-eikehoutbedkassie (R8 600, hertexhaus.co.za) in Mocha.



Thread Office
Cabbage Leaf-
keramiekpot (14,2 x
16,2 cm) R399 en
strooikussing met
visgraatpatroon in
blou (60 x 60 cm;
verevulsel
ingesluit) R699,
yuppiechef.com



Aurelia-mat in die
kleur Evergreen
(200 x 300 cm)
R6 200,
hertexhaus.co.za



Pak 'n patroon

PatternPOP se duursame PVC-vloerteëls (450 x 450 mm; R1 300/m²) is trots Suid-Afrikaans en spog met treffende hoëresolusie-ontwerpe en 'n versteekte inmekaarhaakstelsel sodat dit naatloos en gomvry geïnstalleer kan word – selfs oor bestaande teëls. Kies uit die bestaande versameling of skep jou eie ontwerp. Gaan na patternpop.co.za. Ons is gaande oor die speelse Coastline Loop-teëls!

Bo van links: Coastline Loop, Pink Parquet, Luna Wave en Pistachio Pop.

Blunt & Co. in Pretoria is bekend vir die kontemporêre metaalmeubels wat hulle ontwerp en vervaardig. Ons is gaande oor die Charlie-driesitplekbank, 'n poeierverfbedekte staalontwerp met verstelbare pote wat net so goed binne as buite werk. Besoek [instagram.com/bluntcodesign](https://www.instagram.com/bluntcodesign).

Charlie-bank (78,7 cm H x 160 cm L) R7 300 en kussing R1 800



Ocean-vaas met strepe R99,99 en spieël met 'n organiese vorm en raam wat lyk soos hout R129,99, pepstores.com.



Finn Duo-muurrak (hier in die kleur Ash Brown; 50 cm H x 21 cm D x 100 cm B) R3 500, luun.co.za



Butterfly in Bloom-kussing (60 x 60 cm) R1 895, blockandchisel.co.za

Sardinia-koffietafel (132 cm L x 80 cm B x 40 cm H) R17 995, blockandchisel.co.za >>



FLUKS BY DIE RAK

Little Nomad Studio se poeierbedekte staalrakke is oorspronklik ontwerp vir kinderkamers, maar sal aan enige ruimte in jou huis 'n speelse gevoel gee. Gaan na nomadstudiocollective.co.za.

Van bo: Juniper Scallop-rak in groen (600 mm B x 150 mm H x 75 mm D; R950), Harper-rak in pienk (600 mm B x 150 mm H x 150 mm D; R950) en Huxley-rak in rooi (600 mm B x 210 mm H x 210 mm D; R1 280).

Ons het Shawtec se nuwe voegbry-pigmente (R200/1 kg) op Instagram raakgesien en was dadelik verlief op die kombinasie van die Terra Cotta-skakering en langwerpige houtskoolkleur teëls. Die fyn UV-bestande pigmente (ook in geelbruin, houtskool, smaraggroen en wynrooi) kan met sement- of epoksi-voegbry gemeng word vir interessante kleurkombinasies vir teël-, messel- of mosaïekprojekte. Besoek shawtec.co.za.



Dokter and Misses se treffende Strelitzia-vloerlamp (R8 800, dokterandmisses.com) sal soos 'n beeldhouwerk lyk in enige interieur. Die hoekige staalemente herinner 'n mens dadelik aan die kenmerkende blom en skep 'n lieflik warm atmosfeer.

SOETE DROME

Gebruik verskillende lae om 'n vreedsame slaapkamer te skep met Cielo se Voyager-bed van herwonne dennehout (dubbel; R14 999), 'n Camdyn-stoel in die kleur Seagrass (R6 999) en geometriese Arjun- en Neela-muurkuns (122 x 82 cm; R4 199 elk). Koop dit aanlyn by cielo.co.za.



Prague-leunstoel in die kleur Forest Flint R7 999, cielo.co.za



Jaipur Fountain Fired-strooikussing (45 x 45 cm) R500, indiaink.co.za



Die Bella-sak (65 cm L x 41 cm B x 20 cm D; R450) is perfek vir die strand of inkopies en word van herwonne materiaal en die plastiek van sewe 500 ml-bottels gemaak. Net 'n beperkte aantal word gemaak – bestel joune via WhatsApp by 081 255 9011.

DIS 'N KUNS

Die kunstenaar Bella Maree het vier jaar gelede met BellaArt by die Greyton-dorpsmark begin. Haar vrouegesentreerde gemengdemedia-kuns blaas nuwe lewe in illustrasies uit vintage- botaniese boeke en ou navigasiekaarte, en haar versameling sluit afdrukke, muurbehangsels, kussings en Bella-sakke in. Volg Bella by [instagram.com/1876bella_](https://www.instagram.com/1876bella_) of ontmoet haar Saterdag van 09:00 tot 12:00 by die Greyton-dorpsmark. Bella maak van 27 Oktober tot 1 November 'n draai by Kamers/Makers Winelands wat by Allée Bleue buite Franschoek gehou word. >>

ITALTILE



Decor Green Two



Decor Blue Three

- 200x200mm
- Gerektificeerde porselein
- Geskik vir mure sowel as vloere
- Mat-afwerking
- Lae onderhoud: Geen verseëling nodig nie

DIE STYLVOLSTE MANIER OM PRET TE HÊ.

DECOR GREEN TWO

Matgeglasuorde Porseleinteël 200 x 200mm



Patrone is in die kollig – dit bring persoonlikheid, diepte, kreatiwiteit en 'n vrolike warmte as teenvoeter vir die streng neutrale minimalistiese estetika. Dis tyd dat jou binneruimtes speels raak met Italtile se eksklusiewe **Décor Green Two**. Die meeste pret wat jy op jou vloere en mure kan hê. Een teël, verskeie uitlegte.



Uitlegopsies: Verskeie maniere om te teël, met veelvuldige stylgebruike.




Eksklusief by

ITALTILE


LIVE BEAUTIFULLY

Ons vertoonlokale is 7 dae per week oop.


AANLYN WINKEL 010 271 2272




italtile



italtilesa



italtilesa



italtile

'n Banket vir die oë

Chandler House – 'n galery en kreatiewe ruimte met 'n aweregse versameling kuns, oudhede en rariteite – lê weggesteek in Kaapstad se historiese Bo-Kaap. Die kurator is die kunstenaar en ontwerper Michael Chandler, wat plaaslike erfenis en kreatiwiteit vier met rakke vol versamelstukke en werke deur opkomende Suid-Afrikaanse kunstenaars. Besoek chandlerhouse.co.za.



Gemma Orkin Butterfly-afdroogdoeke R400 elk

Nuusflits!

Pineapple House Interiors by The Palms in Woodstock in die Moederstad het inspirasie geput uit die stylvolle Pineapple House-boetiekhotel en vier tydsame vakmanskap met 'n versameling handgeglasuurde keramiekwerk, blokgedrukte materiaal, pasgemaakte meubels en handgemaakte dekor. Gaan na [instagram.com/pineapplehouse_ct](https://www.instagram.com/pineapplehouse_ct).



HIER KOM DIE LENTE

Babylonstoren se Forest Flower Frog (vanaf R400, shop.babylonstoren.com) is 'n keramieklompadda wat blommeranskikkings makliker maak. Die openinge hou die individuele blomsteele mooi in plek – en dan is dit kinderspeletjies om alles mooi in balans te hou.



Organiese Block Party-handdoeke (beskikbaar in Astro en Sherbet; 150 x 85 cm) R900 elk, mungo.co.za



Soetmelksvlei se troeteldierbeddens (vanaf R900, shop.babylonstoren.com) word van suiwer sybokhaarvilt gemaak en is in drie groottes te koop. 🏠

DIS 'N LEEFSTYL

Poetry open middel September sy eerste Poetry of Living-winkel in Johannesburg by Nelson Mandela Square. Die winkel verkoop die handelsmerk se volledige reeks meubels, huisware en leefstylprodukte wat volgens die seisoene verder aangevul word. Die ruimte is sorgvuldig ontwerp om ons leefwyse te weerspieël en bring modes, interieurs en alledaagse leefstyl in een samehangende ervaring bymekaar. Gaan na [instagram.com/poetrystores](https://www.instagram.com/poetrystores) vir die jongste nuus.



**DIE KRAG VAN MAQ
NOU IN 'N VLOEISTOF**

WIE WOON HIER?

Grant en Theresa Ayton asook hulle kat, Nino

WAAR Knysna

GROOTTE 200 m² (dek uitgesluit)

Grant en Theresa se huis verdwyn so te sê in die inheemse bos, danksy die ongepleisterde bakstene en gestroopte modernistiese argitektuur. Vir die ontwerp het die argitek Guillaume Pienaar hom deur die terrein laat lei om die noordelike sonlig en die huis se visuele konneksie met die omgewing tot sy reg te laat kom. Ontwerp deur Pinard Architecture

Ontwerp VAN BINNE na buite

Danksy 'n argitek se sensitiewe benadering en twee kreatiewe huiseienaars wat volhoubaarheid eerste stel, sit hierdie Knysna-huis sag en knus in sy omgewing.

Teks en produksie Marian van Wyk • Foto's Greg Cox



Die kombuis en eetkamer lei na 'n sonnige dek wat Grant en 'n paar handlangers gebou het van 32 mm-dennehoutplanke wat met KCA ("CCA") behandel is. "Ek het die planke met behoorlike ventilasie aan die onderkant gespasieer; dit sal nie sommé verrot nie," verduidelik hy.

DIS IN DIE DETAIL

Die tafel is een van Grant se eie ontwerpe. "Die blad is van Australiese swarthout, 'n indringer-spesie wat in die Tuinroete geoes is. Ek is baie puntenerig oor hout; ek wil so volhoubaar as moontlik te werk gaan."

Ek lê 'n belaglike hoeveelheid tyd op my rug en *verwonder* my aan die rou bekiste beton. Ek is dol oor die *unieke* patrone. – Grant

T

oe Theresa en Grant Ayton in 2019 na Knysna verhuis het, was dit makliker gesê as gedaan om die regte eiendom te kry wat hulle begroting pas. Maar in die verwoestende brande van 2017 het etlike skoongemaakte erwe in die mark gekom, en in 2020 het die egpaar na 'n erf met 'n skerp helling en 'n uitsig oor die swart gebrande bos gaan kyk. Teen dié tyd het hulle reeds verskeie eiendomme onder oë gehad, maar Grant het dadelik geweet dis “die een”.

“Ek was so verlief op die bosuitsig en die noordelike oriëntasie,” sê Grant, eienaar van die meubelonderneming Design Wise. “Toe ons eers die erf gekry het, het dit net reg gevoel dat ons ons eie huis bou. Ons het gehou van die idee van 'n skoon begin, en om iets saam te skep.” >>

VERFKLEUR

Dulux Mountain Shadow


VERFKLEUR

Dulux Intense Ink

Die sitkamermeubels se organiese styl en die sagte groen muurkleur sluit by die bos aan sonder om met die uitsig mee te ding.

“Ons gebruik die rand van die verhewe vloer as ekstra sitplek wanneer ons 'n partytjie het,” sê Theresa.

Rusbank en koffietafel deur Design Wise; strooikussings van Ashanti Design; dieremaskers (bo die kaggel) van Fancy That; mat in Pakistan gekoop



Die kombuis se uitleg is geïnspireer deur Theresa se vorige werk by 'n Deense meubelmaatskappy wat veelsydige stapelbare pakplekstelsels ontwerp het. "Ek is dol oor daardie aanpasbaarheid," sê sy. Saam met haar goed deurdagte kleurpalet skakel die ingeboude kombuiskaste van Amerikaanse eikehout perfek in by die res van die interieur.

Kombuis deur Design Wise



Meubels wat as sitplek en pakplek dien, is een van Theresa se gunsteling-ontwerpoplossings. Sy het Grant aangemoedig om die twee meubelstukke van hout en staal vir die portaal te maak.

VERFKLEUR

Dulux Gentle Tide

Rak en laaikas deur
Design Wise; seilsak
en houtskool pet van
Chasing Bees



Laat nagte, vroeë oggende

Die egpaar het die plaaslike argitek Guillaume Pienaar van Pinard Architecture aangestel, wat die ontwerpproses met 'n paar eenvoudige vrae begin het. Grant en Theresa moes beskryf hoe hulle dink 'n tipiese dag in hulle toekomstige huis sou verloop. Waar sou hulle hulle oggendkoffie drink? Hoe sou hulle hulle vriende onthaal? Hy het selfs een nag op die erf gekamp sodat hy die beweging van die natuurlike lig en die sonsopkoms eerstehands kon ervaar. "Hy kon letterlik ons gedagtes lees," sê Theresa.

Die bouwerk het in Januarie 2022 begin. Toe die egpaar daardie September intrek, was die huis nog ver van klaar af. "Hier was geen binnendeure nie," onthou Theresa. "Ons het net die noodsaaklike basiese goed gehad. 'n Tydelike kombuistoonbank is ingesit, maar die badkamers het darem wasbakkaste gehad sodat die loodgieterswerk gereed was vir die bouinspekteur."

Die bouprojek het ekstra druk geplaas op Grant, wat die huis se houtwerk en meubels tussen projekte vir Design Wise se kliënte moes inpas. "Daar was baie laat nagte en vroeë oggende, en groot stres en baie foute," sê hy, en lag darem.

Die resultaat is 'n huis waar nóg Grant nóg Theresa se styl domineer. Dit weerspieël eerder die interaksie tussen twee kreatiewe siele. "Daar is nie 'n dag wat ek huis toe kom en dink dit was nie die moeite werd nie," sê Grant. >>



Een van die mees treffende meubelstukke is hierdie drankieas waarvoor houtlatte met stoom gebuig is om die ronding te verkry (*sien ook bl. 25*). "Ons het 'n stoomboks gebruik voor ons die latte oor 'n setapparaat gebuig het," verduidelik Grant. "Dis met baie liefde gedoen."

Drankieas deur Design Wise; lamp van Arrange Studio



Van die dek af lei 'n plankpaadjie na die "voëlskuiling" – 'n kuierkol waar die egpaar naweke ontbyt eet, stil tye geniet en hulle aan die voëllewe verwonder. "Die bosbokkies kom tot in ons tuin, en die ystervarke grawe ons plante op, maar dis 'n prys wat ek met 'n glimlag betaal," sê Grant.

Kussings met sigsagpatroon van Love of Linen

Ons is deur die *natuur* omring, maar is net 'n paar minute van die dorp af, so ons *voel nooit* afgesonder nie. – Theresa

EERLIKE MATERIALE, VOLHOUBARE DENKE

Die moderne argitektuur word versag deur Grant se handgemaakte houtmeubels, fineervloer van Belgiese eikehout, en aardse, natuurlike afwerkings soos rou bekiste beton, hout, staal en ongepleisterde bakstene. “Ons is al twee gek na die kombinasie van grof en verfyn,” verduidelik Theresa.

Dit was Guillaume se idee om nie die buitemure soos beplan te pleister nie. Theresa en Grant was onmiddellik verlief op die resultaat. Binne is dieselfde stene gebruik vir ’n fokusmuur by die trap, waar dit visueel by die buitemure aansluit.

As eienaar van Design Wise het Grant die projek spontaan as ’n maker benader. Sy handgemaakte meubels is oral te sien langs bykomstighede soos spieëls en muurhake wat hy self gemaak het. “Ek streef daarna om so volhoubaar as moontlik te wees. Al die hout wat ons by Design Wise gebruik, het ’n FSC-sertifisering.”

Onder die leefvertreke is ruim JoJo-reënwaterrenks wat sowat 25 000 liter water kan berg. Reënwater word wanneer moontlik vir toilette en elders gebruik. Die eiendom het toegang tot munisipale dienste wanneer dit nodig is. Sonkrag word vir die toekoms beplan. >>

Waar mens by die trap se onderpunt (*onder*) by die leefvertrek en eetkamer instap, raam nog ’n landskapvenster die uitsig oor die bos. Die vloere is van Belgiese eikehoutfineer. “Ek geniet regtig die vloere se warmte onder my kaal voete,” sê Grant.



Die kurwe wat Guillaume vir die trapskag ontwerp het, versag die sterk argitektoniese lyne, terwyl ’n lang, smal venster lig inlaat. “Ek is dol oor die vlugtige blik op die bos en die tuin wat mens deur daardie venster kry as jy by die trappe afkom,” sê Grant.

Hanglampe van
Ashanti Design



Hanglampe en stoele van Weylandts; tafel deur Design Wise

DIS IN DIE DETAIL


Selfs die strukturele elemente is met sorg beplan om die warmte te behou wat Grant wou hê. ’n Prominente I-balk is met eikehout beklee.




Die sagte kurwe van die betonafdak bo die voordeur is in harmonie met die trapskag (*bo*) en maak die fasade minder strak.

Dek

Onderste vlak



Boonste vlak



In die hoofslaapkamer herinner die vintage wolmat bo die bed vir Grant aan 'n spesiale fietsreis saam met sy pa langs die Karakoram-hoofpad tussen Pakistan en China. "In 'n dorpie sowat 50 km van die Chinese grens was 'n winkel met die wonderlikste handgemaakte matte. Ek het sewe gekoop! Ons het dit met 'n taxi gaan haal, en die ekstra bagasie het maar R135 gekos. Dis so 'n lekker herinnering," sê Grant.

VERFKLEUR

Dulux
Awakening Feel

Bed en bedkassies
deur Design Wise;
kombers van Mungo

VERSKAFFERS EN KONTAKTE

Arrange Studio arrangestudio.co.za Ashanti Design ashantidesign.com
Chasing Bees chasingbees.co.za Design Wise instagram.com/designwiseknysna
Dulux dulux.co.za Fancy That instagram.com/fancy.that.design.studio
Love of Linen instagram.com/love_of_linen_plett Lux Crete luxcrete.co.za
Mungo mungo.co.za Pinard Architecture pinard.tv Weylandts weylandts.co.za
Wolkberg Casting Studios wolkbergcs.com



“Hierdie venstersitplek in ons slaapkamer is ’n geluiskoot; ons het eers tydens ’n terreinbesoek besef wat ’n ongelooflike, ononderbroke uitsig ons hier kan hê,” sê Theresa.

NEE DANKIE VIR WIT MURE

Theresa het ure lank navorsing oor verfkleure gedoen en in verskillende lig-intensiteite op die bouterrein na verfmonsters gekyk. “Grant sê altyd wit mure herinner hom aan hospitale,” sê sy laggend. As kleurliefhebber het sy geen oortuiging nodig gehad nie, en daar is nie ’n enkele wit muur in die huis nie. Die resultaat is subtiel eerder as dramaties. Sagte groene en bloue, warm terracotta en rustige neutrale skakerings skep diepte en komplementeer die hout- en baksteenoppervlakke. 🏠

Die palet in die hoofbadkamer (*onder*) is deur die maroen wasbak geïnspireer. Theresa het op koel, vars blou teëls besluit om met dié warm, aardse kleur te kontrasteer.



In die gastekamer op die onderste vlak is die egpaar se liefde vir kleur duidelik.

Oop kas en bed deur Design Wise; kussings van Love of Linen



Teëls van Wolkberg Casting Studios; wasbakkas en spieël deur Design Wise; wasbak van Lux Crete

MAAK DIE BESTE KEUSE

VERFKLEUR

Dulux
Soft Fauna 1

Droom jy oor 'n ingeboude kombuis? Dink weer. **Milestone Kitchens** se kenners stel 10 algemene mites aan die kaak en verduidelik waarom losstaande kombuiskaste die heel beste keuse is.

Die werkblaaie is van soliede dennehout wat met 'n mediumkleur beits behandel is.

VERFKLEUR

Dulux
Soft Fauna 3



MITE #1 'n Gehaltekombuis moet ingebou wees.

Werklikheid 'n Kombuis met losstaande kaste bied dieselfde funksionaliteit en gehalte, met veel groter buigsaamheid.

MITE #2 As jy jou kombuis wil opknep, moet jy jou regmaak vir 'n lang, morsige proses met bouers, stof en weke se ontwingting.

Werklikheid Losstaande kombuiskaste word volledig gemonteer afgelewer – die installasie is dus vinnig en aansienlik minder ontwingtig as kombuise wat op die perseel ingebou moet word.

MITE #3 Dit maak nie sin om in 'n pragtige kombuis te belê as jy nog nie in jou “vir-altyd-huis” woon nie.

Werklikheid 'n Losstaande kombuis is 'n belegging wat saam met jou kan trek.

MITE #4 Dit neem jare om genoeg geld te spaar om jou kombuis op te knep.

Werklikheid Jy hoef nie al die eenhede van 'n losstaande kombuis op een slag aan te skaf nie; begin met die kaste wat jy die nodigste het en voeg mettertyd nog by.

MITE #5 As die kombuis eers geïnstalleer is, kan jy nie die uitleg verander nie.

Werklikheid Met losstaande kaste kan jou kombuis saam met jou huis, gesin en toestelle verander.

MITE #6 Jy hoef nooit jou kombuiskaste te skuif nie.

Werklikheid Daar sal tye wees wanneer jy toegang tot waterpype en elektriese aansluitings moet kry, of skade moet herstel.

En as jy 'n knaagdier- of ander plaag het, kan losstaande kaste verskuif word sonder om die hele kombuis uitmekaar te haal om die probleem op te los.

MITE #7 Ingeboude kombuise is die moderne gier.

Werklikheid Die moderne leefstyl vereis toenemend meer praktiese oplossings. 'n Toekomstgerigte oplossing is eerder 'n kombuis wat saam met jou huis kan verander, maklik onderhou en skoongemaak kan word en ook met die minimum ontwingting geïnstalleer kan word.

MITE #8 Aaneenlopende werkblaaie is meer prakties.

Werklikheid Met 'n losstaande kombuis kan individuele werkblaaie herstel of vervang word plaas van die hele kombuis s'n.

MITE #9 Ingeboude kombuise is makliker om skoon te maak.

Werklikheid Tradisionele ingeboude kombuise word aan die vloer en muur vasgemaak en kan dus nie onder, aan die kante óf aan die agterkant skoongemaak word nie. Losstaande kaste kan eenvoudig geskuif word om maklik toegang te kry tot daardie moeilik bereikbare plekke waar vuiligheid ophoop.

MITE #10 Jy moet kies tussen die voorkoms van 'n ingeboude kombuis en 'n losstaande kombuis.

Werklikheid Jy kan jou losstaande kombuis met voetstukke soos 'n ingeboude kombuis laat lyk. Die verskil is dat elke kas, ondanks die ingeboude voorkoms, selfondersteunend is en nie op die mure of vloer staatmaak om dit regop te hou nie.

Losstaande kombuise is 'n vars, praktiese manier van doen en bied kombuiskaste wat saam met jou huis kan ontwikkel met al die funksionaliteit van 'n ingeboude kombuis. Dis boonop makliker om skoon en in stand te hou. Milestone Kitchens se pragtige eenhede word gebou om te hou en spesifiek ontwerp om veeldoelig te wees. Elke eenheid word in ons fabriek in KwaZulu-Natal met die hand gemaak van soliede Suid-Afrikaanse denne- en essenhout, en dan landwyd afgelewer – volledig gemonteer en gereed om in posisie geplaas te word. Kies uit drie kenmerkende reekse, wat volgens jou behoeftes aangepas kan word.

WIE WOON HIER? Grant en Christa Ansell met hulle
Deense hond, Murphy, en bokkers, Benton en Ruby
WAAR Parktown-Noord, Johannesburg
GROOTTE 261 m²

ALTYD 'N avontuur

'n Waagmoedige egpaar, geïnspireer deur 'n langpadreis van
epiese proporsies en hul ervaring in die restaurantbedryf, het hul
fokus verskuif na die opknapping van die byna 100 jaar oue huis
wat hulle vandag hul tuiste noem.

*Deur Mary Jane Harris • Foto's Christoph Hoffmann
Stilering Amanda van Wyngaardt*

Die ligfokuspunt by die deur is geïnspireer deur iets wat Christa in Londen gesien het. “Ek het besluit om self een te maak van hout en spandoek. Die tekstielkunswerk is van ’n Belgiese ontwerper wat in Marrakesj werk. “Ons was met vakansie in Marokko en was dadelik verlief op haar werk. Grant het toe dié een vir my verjaardag bestel,” vertel Christa.

Die eetkamer het ’n oop en ruim gevoel nadat die plafon uitgehaal is om die balke te ontbloot. Omdat hulle oorspronklike eetkamertafel hopeloos te klein was, het hulle in hierdie pragtige tafel belê en dit met stylvolle dog meer bekostigbare stoele gekombineer. ’n Handgeweefde Indiese mat met ’n luiperdvelmotief skep ’n tikkie speelsheid.

’n Houtstofie sorg dat die eetkamer en kombuis warm bly.

Lig bo die tafel van Glo Lighting; eetkamertafel van James Mudge Furniture Studio; stoele van Chair Crazy; mat van Weylands; tekstielkunswerk van LRNCE

Vir ekstra pakkplek in die kombuis het Christa sweefrakke gekies met ligte aan die onderkant, en dit toe 'n laag-op-laag-voorkoms gegee met kookboeke, skilderye, vase en plante. "Saam met die geraamde foto's en kombuisgoed op die rakke laat dit die kombuis huisliker voel," sê sy.

Christa kon nie die deur-handvatsels in geborselde goud kry waarna sy op soek was nie, daarom het sy die regte vorm gekoop en dit toe 'n poeierverflaag gegee.

Die Ansells het die nuwe kombuis gehou waar dit voorheen was, maar die venster bo die stoof in die oorkantste muur laat toegebou. "Om lig in te laat het ons 'n smal venster bo kophoogte ingesit," sê Christa. Omdat sy lief is vir kosmaak het sy presies geweet wat sy hier soek. "Ons is mal oor onthaal, en 'n sentrale eiland met 'n wasbak was ononderhandelbaar. Ek kan groente skrop en kos voorberei terwyl ek met my vriende gesels," sê sy.

Kombuiskaste deur Gift Sithole van Gifted Designs; marmerblaaie van Marmernova; lig van The Light Shed; kroegstoele van Weylandts; handvatsels van HandleCo.



Om die kombuis (*links*) groter te maak het hulle die ou opwaskamer deel gemaak daarvan. Hier het hulle 'n groot plaaswasbak van porselein ingesit. Bo dit is 'n skoolstyl venster met swaai panele – dit sorg vir vars lug en verbind die vertrek met die tuin.



“Hierdie stoep is omtrent lekker in die somer,” sê Christa. Omdat die egpaar die meeste van hulle tyd hier deurbring en dit beskut is teen die elemente, het sy dit met 'n fluweel- en houtrusbank gemeubileer, asof dit 'n binnevertrek is.

N

adat hulle vyf jaar lank in Londen gewoon het, het Grant en Christa Ansell, albei geoktrooieerde rekenmeesters, 'n ongewone manier gekies om terug te kom Suid-Afrika toe: Hulle het besluit om te ry!

“Ons het 'n Land Cruiser gekoop, dit toegerus en oor die volgende agt maande deur Frankryk, Italië, Griekeland en Turkye gery voor ons oor is Egipte toe en van daar af deur die Soedan en Ethiopië regdeur tot in Namibië huiswaarts gekeer het,” vertel Christa.

Ná 'n reis reg oor Suid-Afrika om net weer te sien wat in hulle eie land aangaan, het hulle in Johannesburg aangekom. “Ons was gek oor die opwip-eetplekke in Londen en wou ons eie hier kom oopmaak,” sê Christa. Die een was Perron in Illovo en die ander Streetbar Named Desire in Parkwood. “Dit was opwindend en baie lekker; ons het dit so geniet om met die konsep vorendag te kom, die dekor te skep en die spyskaart uit te werk.”

Met die koms van Covid-19 het die egpaar oor hulle prioriteite besin. Hulle wou 'n paar leefstylveranderinge aanbring en het daarom die restaurante verkoop. “Ek is 'n oggendmens en om tot laat in die nag klante gelukkig te hou het nie so lekker gewerk met vroegoggendstappies saam met Grant en die honde nie,” sê Christa, wat nou in die fiksheidsbedryf werk.

Tog het hulle in dié tyd baie geleer oor huisopknapping, verbouing, en hoe om met bouspanne te werk. Hulle wou hierdie kennis en ervaring gebruik vir 'n woonplek van hul eie.

Hulle het begin huis soek. “Ons wou iets hê met karakter, baie bome en 'n grasperk vir ons honde; iets wat ons ons eie kan maak,” sê Grant. “Ons het na honderde huise gaan kyk, maar geweet dís die een die oomblik toe ons deur die voordeur stap en die groot oop stoep en stil tuin met sy jakarandaboom sien.” >>



Christa en Murphy, die Deense hond.

Fluweelrusbank van @home; houtrusbank van Patio Warehouse; koffietafel van Esque; ligte van Weylandts



Behou die voetspoor

Die huis, wat iewers in die jare dertig gebou is, is tipies van die buurt, met 'n grys sinkdak, komvensters en selfs 'n kelder. "Die plek was in 'n goeie toestand, maar het 'n baie outydse 1990's-styl gehad. Maar ons kon sien ons sou ons eie stempel daarop kon afdruk," sê Christa.

"Die vertrekke was almal apart en toegemaak. Omdat ons hou van 'n binne-buite-leefstyl, wou ons die huis so oop en lig as moontlik maak," sê Christa. Hulle het by die oorspronklike vloerplan gehou, maar van die mure tussen die leefvertrekke uitgebreek sodat elke ruimte steeds 'n eie identiteit het. Nou is daar 'n gemaklik vloei tussen hulle.

"Ons is albei baie lank en voel effens vasgedruk deur 'n lae plafon en lae deure, daarom het ons die plafon in die eetgedeelte en kombuis verwyder om die balke te ontbloot," verduidelik Christa. Om die gevoel van ruimte verder te versterk het hulle 2,5 m hoë stapeldeure van staal tussen die eetkamer en stoep laat installeer. "Dit het 'n groot verskil gemaak. Ons hou baie van onthaal, en as die deure oop is, is daar oorgenoeg plek vir almal om te sit, eet en gesels," voeg Christa by.

Die kapstok by die ingang (links) is een van die min stukke wat die egpaar uit Londen saamgebring het.

Portaaltafel en spieël van Block & Chisel



In die nis langs die leefvertrek se kaggel (sien oorkant) is 'n versameling kunswerke, tekeninge en stukke wat die egpaar oor die jare present gekry het.



Dié ongewone ornament was 'n geskenk wat Christa se skoonpa vir haar gegee het – hy het dit in 'n antiekwinkel raakgekoop.

Ek is gek oor *glansryke* interieurs met verskillende lae kosbare ornamente en kuns wat steeds *knus* en ingeleef voel. – Christa

Afwerking en meubels

Toe die mure begin val, het die egpaar opgemerk die vloer verskil van vertrek tot vertrek. “Daar was vloere van ou oregonen en ’n klompie met mat, maar toe ons die matte uithaal, sien ons van die vloere is net sement of linoleum,” onthou Christa. Om ’n gevoel van deurlopendheid te kry het hulle regdeur die huis ’n geveerde Franse-eikehoutvloer laat installeer. “Soms maak dit kraakgeluide, wat bydra tot die ouwêreldse karakter van die huis,” voeg sy by.

Toe hulle in Johannesburg aangeland het, het hulle baie min meubels gehad. “Aanvanklik het ons in ’n ou mynhuis gebly en net hier en daar ’n vintage stuk gekoop wat by daardie styl pas. Maar daardie huis was veel kleiner; toe ons hier intrek, was die eetkamertafel hopeloos te klein en die tafeltjie in die ingangsportaal is ook ingesluk deur die groot ruimte,” sê Christa. Stelselmatig het die egpaar by verskillende plekke items begin koop waaroor hulle mal was en dan stukke soos beligting bygevoeg wat ’n sterk stelling maak. “Die resultaat is ’n eklektiese balans van vintage sjarme en moderne eenvoud wat die huis ’n ingeleefde gevoel gee sonder dat dit volgestop voel,” sê Christa, wat op vele maniere deur ’n woonstel in Frankryk geïnspireer is.

“Op pad terug van Londen af het ons in ’n Airbnb-plek in Lyon gebly. Dit het ’n moeitelose elegansie gehad – hemelhoë plafonne, visgraat-parketvloere, wit mure met gietstukke en ’n goueraamspieël – en ek wou iets soortgelyks hier hê,” sê Christa. “Wat jy hier sien is alles danksy Christa se kreatiwiteit en visie. Ek gebruik my veto-stemme spaarsaam, en ook net as dit regtig nodig is,” voeg Grant met ’n glimlag by. >>


Hulle het die geteëlde kaggelomranding uitgehaal en vervang met ’n sierrand, iets wat die atmosfeer in die leefvertrek totaal verander het. “Ons het ’n goueraamspieël bo dit gehang soos die een wat ons in ’n woonstel in Frankryk gesien het,” vertel Christa. “Ek is gek daaroor om ryk kleure in te bring met meubels soos die fluweelrusbank, en vind ook dat aardse skakerings die neutrale basis hier komplementeer.”

Kaggel se sierrand van Vasco Henriques; rusbankmateriaal van Hertex; stoffering deur Douglas Upholstery

Die stoeptafel met sy sementblad het die Ansells spesiaal laat maak en toe met die rottangstoele gekombineer.



Tafel deur Wolkberg Casting Studios; stoele van Sixth Floor; handgeborduurde servette van If You Please



Die ingang met sy Engelse karakter en die komvensters is wat die egpaar twee keer laat kyk het. “Die huis was eers donkergrys, maar ons het dit wit geverf om dit op te kikker,” sê Christa. 'n Grasperk vir die honde en gevestigde bome was van die ander beslissende faktore toe hulle die huis gekoop het.

Gelukkig het die vorige eienaars in die verste hoek van die tuin 'n buitenshuise onthaalarea met 'n vuurherd gebou. “Al wat ons gedoen het, was om latte by te voeg om die polikarbonaatplafon te versag en latwerk bo-op die mure aan te bring vir privaatheid,” verduidelik Christa. “Hierdie ruimte is ideaal vir partytjies. Dis wonderlik om saans hier te sit terwyl die vuur knetter, en dis ook in die winter 'n heerlike sonnige kol.”



VERFKLEUR
Plascon Ewa



Houtrusbank van Kipekee Studio; rottangstoele van Eight Degrees South; gegroefde ottoman van Hertex Haus

Omdat Christa se visie vir die hoofbadkamer was dat sy in die bad kan lê en oor die tuin vol luipeerbome uitkyk, is 'n muur van stapeldeure geïnstalleer. “Ek het gordyne hier gehang om die algehele effek te versag, maar ook vir privaatheid.

Staalstapeldeure van Go-To Door and Window

En toe, uiteindelik, die badkamers

Nadat die Ansells twee jaar in die huis gewoon het, was dit tyd om die badkamers te takel. “Die bestaande badkamers het hulle doel gedien, hoewel dit baie ‘beige’ was en glad nie ons styl nie. Ons het besluit om dit so te los tot ons 'n ruk lank in die huis gewoon het en geweet het presies wat ons wou hê,” verduidelik Christa.

Hier het die binne-buite-leefstyl waarvoor hulle so lief is, weer gestalte gekry. In die hoofbadkamer het hulle stapeldeure soortgelyk aan dié in die leefgedeeltes laat installeer – iets wat dit laat voel of die ruimte deel is van die tuin. “Ons het 'n buitestort bygevoeg om 'n soort tuisspa te skep. Ek dink die badkamers is uiteindelik die kroonjuwele van die huis. 'n Beloning vir al ons harde werk,” sê Christa. >>



Bad van Livingstone Baths; geborselde goudkrane van Trendy Taps; stortafskorting van Shower Doors SA



Marmerblad van Marmernova

Die bedkopstukke in dié slaapkamer was oorspronklik een groot kopstuk. “Toe ons vir die hoofslaapkamer ’n hemelbed aanskaf, het ek ons stoffeerder gevra om die kopstuk middeldeur te sny vir hierdie twee beddens,” sê Christa. Die 1960’s-dekens was ’n geskenk van Grant se ouers, en die skildery is Christa se eie handewerk.



Roomkleur bedlamp van Elevenpast; maroen bedlamp van Typo; mat van Weylandts

“Die tweede badkamer het ’n groot transformasie ondergaan. Omdat dit klein en smal is, moes ek dit meer ’n spatkamer maak met die bad en stort agter ’n glasskerm,” verduidelik Christa, wat ook die pleisterkuns teen die muur gemaak het.



VERSKAFFERS EN KONTAKTE @home bash.com **Block & Chisel** blockandchisel.co.za **Chair Crazy** chaircrazy.co.za **Douglas Upholstery** 078 367 4795
Eight Degrees South eightdegreessouth.com **Elevenpast** elevenpast.co.za **Esque** esque.co.za **Gifted Designs** 065 904 8390, sgift75@gmail.com
Glo Lighting glolighting.co.za **Go-To Door and Window** gotodoorandwindow.co.za **HandleCo.** handleco.co.za **Hertex** hertex.co.za **Hertex Haus** hertexhaus.co.za
If You Please instagram.com/ifyouplease_shop **James Mudge Furniture Studio** jamesmudge.com **Kipekee Studio** kipekeestudio.co.za
Livingstone Baths livingstonebaths.com **LRNCE** lrnce.com **Marmernova** marmernova.co.za **Patio Warehouse** patiowarehouse.co.za
Pedersen + Lennard pedersenlennard.co.za **Plascon** plascon.co.za **Shower Doors SA** showerdoorssa.co.za **Sixth Floor** superbalist.com
The Light Shed lightshed.co.za **Trendy Taps** trendytaps.co.za **Typo** cottonon.com **Union Tiles** uniontiles.co.za **Vasco Henriques** 084 495 4435,
 info@vascostone.co.za **Weylandts** weylandts.co.za **Wolkberg Casting Studio** wolkbergcs.com

Toe die Anells hierdie romantiese hemelbed sien, het hulle dadelik gewete die skoon vertikale lyne sou die hoogte van die plafon in die hoofslaapkamer versterk. "Alles hier is oop en lig, met die minimum dekor sodat dit kalm en skoon is," verduidelik Christa. 🏡

Bed van Weylandts; sytafeltjie van Pedersen + Lennard; venstersitplek gebou deur Gift Sithole van Gifted Designs



INGEVOERDE 1000x1000MM XL TEËLS VAN **R549**m²

OIKOS BEIGE

EKSKLUSIEF INGEVOER UIT EUROPA

SPAAR GROOT
EKSKLUSIEWE XL TEËLS

ROCKSTONE PEARL

FEROE GREIGE

INDEED ASH

ARDESIA CREAM

ARDESIA LIGHT

KOOP UITGESOEKTE PLAASLIKE TEËLS VAN **R179**m²

Kies plaaslike teëls uit die allerbeste reekse insluitend: Mat porselein 600x600mm vanaf **R179m²**. 790x790mm vanaf **R249m²** n groot formaat 600x1200mm vanaf **R269m²**.

Beskikbaar in die winkel en aanlyn

LAUFEN BASAL Wit muurgemonteerde wasbakke in verskeie wydtes
REEKS VANAF R2 290elk


AFFIRMATIONS Chill Pill
gewone spieël 500x800
NOU R1 590elk **WAS R1 690**

JEEVES TORCELLO Gepoleerde vlekvrystaal verhitte reling 520x1055mm
NOU R7 990elk **WAS R8 590**

UITGESOEKTE DIVINA-KRANE TOT 15% AF VAN R899elk

UITGESOEKTE TIVOLI-KRANE TOT 15% AF VAN R1 749elk

OSWALDO SWART MUURGEMONTEERDE BADKAMERKASSIE 795x450x480mm (Wasbakstel & Blad)
NOU R6 490elk **WAS R6 990**



SEMPlice ALESSIA REEKS VAN BYKOMSTIGHED VAN


Belegging in blywende styl – Vervaardig van 304 vlekvrystaal. Kom met 'n uitstekende vashegting vir maklike installasie. Elkeen pragtig vervaardig met 'n 10-jaar-waarborg.

R269 each

SEMPlice
BEAUTIFULLY SIMPLE BATHROOMWARE



Beskikbaar in swart & chroom



10-JAAR-WAARBORG

ITALTILE

TEËLS, KRANE, SANITÊRE WARE & BADKAMERMEUBELS

Pryse is geldig solank voorraad hou en onderhewig aan verandering. Pryse sluit BTW in.

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

ETNA TAUPE
1200x2800mm

NORMANDIE LIGHT GREY
290x890mm

BEAUTIFUL
LIVING
SALE

TEËLS, KRANE, SANITÊRE
WARE & BADKAMERMEUBELS

PECAN SQUARE BEIGE
1000x1000mm

IVORY SQUARE GLOSS
223x223mm

223x223mm

INFINITY TAUPE
750x1500mm

EKSKLUSIEWE TEËLS TOT
50% AF
ITALTILE

PANTHEON EVOLUTION MATT
1000x1000mm

NOU AAN!



SPAANSE TEËLS

TEEN PRYSE WAT NOOI WEER
HERHAAL SAL WORD NIE.

BEPERKTE VOORRAAD VAN

R199m²

Kry jou deel van pragtige produkte en
soveel meer in die winkel of aanlyn.

www.italtile.co.za/bls

Ons vertoonlokale is 7 dae per week oop.

TIMELESS GRIS
290x890mm

Eksklusief by

ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY

Minder *lae,* meer karakter

'n Argitek en sy kunstenaarsvrou het 'n huis gebou waar elke afwerking van 'n ontwerpfilosofie van eenvoud spreek.

Teks en produksie Marian van Wyk
Foto's Karl Rogers



WIE WOON HIER?

Daniël en Anneen Bezuidenhout, en hulle seun, Daniël-Milan (Mila)

WAAR Crossways Farm Village, 45 km wes van Gqeberha

GROOTTE 225 m² (stoepe ingesluit)

In die kombuis is 'n ou 3 m lange oregon-dennehouttafel wat as eiland dien in perfekte proporsie met die vuurherd, wat 3 m breed is. Die tafel is op wiele om 'n hoogte van 900 mm te kry en rakke van dennelaaghout is ingebou. Agter die muur waar die kaste is, is 'n opwaskamer links en 'n spens regs.

VERFKLEUR

Dulux Plantation
Green

Kombuiskaste deur
Woodworx @ Jbay;
vadoek van Mungo





Daniël,
Anneen
en die
11 maande
oue Mila.

Die huis is in 'n skuurstyl gebou, en die afwerkings skep 'n industriële gevoel. Die skuurgedeelte se mure en dak is met dieselfde Safal Steel Colorplus Textured-dakplate in die kleur Thunderstorm beklee, en die mure is so rou as moontlik gelaat. "Ons het plek-plek 'n besemtegniek gebruik vir tekstuur, en die mure met Gripseal Slasto & Natural Stone Sealer verseël vir waterdigtheid," sê die argitek en huiseienaar Daniël Bezuidenhout van Ateljee Architects.



á jare in die woonbuurt Sentraal net langs Gqeberha se middestad het Daniël en Anneen se kop bos toe begin staan.

"Ons het Knysna en Wildernis oorweeg, maar toe begin ek werk kry in Crossways Farm Village," vertel Daniël. Hulle het gou besef dié eko-landgoed bied die ideale middeweg: Dis net 'n halfuur se ry van Gqeberha en Daniël se argitekspraktik, Ateljee, én bied die ongerepte landskap en oop ruimte waarvan hulle so droom.

Hulle het einde 2023 daar 'n erf gekoop, die planne die volgende jaar ingedien en in 2025 begin bou. 'n Jaar later staan hulle nuutgeboude huis as bevestiging dat eenvoudige afwerkings en herwinde boumateriaal die karakter van 'n goed deurleefde ruimte kan skep.

"As argitek hou ek nie van huise wat té nuut en té perfek lyk nie," sê Daniël oor sy liefde vir herwinde boumateriaal. "Materiale moet reeds die stories begin vertel van die ingenieurs- en konstruksiewerk."

'n Mens sien dié ontwerpfilosofie ook elders in die huis. Die loodgieters- en elektriese installasies is grootliks ontbloeit eerder as om dit in mure toe te pleister. "Dis waarna ons streef in my praktik; om so min as moontlik onnodige lae by 'n gebou te voeg."

Die rou betonmure en -plafonne waarop die afdruk van die bekisting steeds sigbaar is, ontblote balke en houtteksture dra saam met die staalraamvensters by tot 'n industriële gevoel, en komplementeer die skuur-argitektuur.

As kunsonderwyser en kunstenaar was die goeie natuurlike lig, en hoe die interieur deur die loop van die dag saam met die son verander, vir Anneen 'n aangename verrassing. Maar dis veral die huis se verhouding met die natuur en die landskap wat sy koester.

"Elke middag wanneer ek huis toe ry, voel dit soos 'n detoks," vertel sy. "My kop is definitief skoner hier; mens begin klein goed raaksien waarvoor jy voorheen nooit tyd gehad het nie, soos die verandering van die seisoene, en tarentale wat oor die pad hardloop ..." >>

Vir 'n naatlose oorgang tussen die kombuis en die stoep is dieselfde plaveistene op die vloer gebruik. Klompiestene was op die Bezuidenhouts se wenslys, maar buite hulle begroting. "Ek het vir Sive Wotsitsa van Mjoli Property Solutions in Walmer Township gevra om hierdie sementstene in 'n klompievorm te maak. Dit was nie deel van sy produksielyn nie, maar hy het die gietvorm aangeskaf en nou maak hy dit."

Pouffe van Tropical Traders Africa




Groot glasspildeure skei die kombuis en eetkamer van die stoep. Elke staalvenster en -deur het 'n vorige lewe gehad. Daniël was maande lank op die spoor van tweedehandse fabrieks- en skoolvensters, onder meer in Humansdorp, Knysna en Oos-Londen. Al die rame is gesandblaas, herstel en weer gespuitverf. Die deure se panele is van veiligheidsglas.

Aanpas en opknop van industriële vensters deur Phoenix Structures



Strukturele elemente, soos die houtbalke in die dubbelvolume-ruimte, is sigbaar van die boonste vlak af, en vertel die storie van Daniël se ontwerpfilosofie en die ingenieurswerk.



Die biblioteek, waar Anneen se ouma se klavier staan, is op 'n laer vlak as die sitkamer en kombuis. Hier is elke dag 'n treffende spel van laatmiddaglig en skadu danksy die groot industriële vensters.



‘Groen’ ontwerp en sterreprag

Die Crossways-landgoed, waar Daniël ook in die ontwerp-oorsigkomitee dien, is bekend vir sy “groen” ontwerpgriglyne en het selfs sy eie rioolsuiweringsaanleg. Reënwaterenks is, soos deur die landgoed vereis, by die loodgieterswerk geïntegreer en alternatiewe metodes vir waterverhitting word aangemoedig.

Danksy 'n donkerhemelbeleid wat bepaal dat buiteligte na onder moet skyn, word ligbesoedeling beperk. Ná sononder skyn buiteligte net na onder, en kan Daniël en Anneen hulle aan die sterreprag verkyk deur die dubbelvolume-vensters.

Die huis maak op eenvoudige passiewe ontwerp staat eerder as ingewikkelde tegnologie, en veral die noordelike oriëntasie reguleer die temperatuur binne. Die lang noordelike stoep se proporsies is noukeurig bereken sodat dit die somerson uithou, maar die laer winterson diep in die vertrekke inlaai.

Onder die dakplate is Sisalation GR 405 geïnstalleer wat hitte terugkaats voordat dit die leefruimtes bereik, en die temperatuur in die somer en winter aangenaam hou binne. Saam met die noordelike oriëntasie, diep stoepoorhang en goeie kruisventilasie dra dit by tot passiewe termiese gemak sonder dat meganiese verkoeling nodig is. >>

In die sitkamer dra erfstukke en tweedehandse meubels by tot die ingeleefde gevoel. 'n Lae rak is ingebou as staanplek vir kuns.



VERFKLEUR

Dulux Brave Ground

Kussings van Mungo (links), Skinny laMinx (regs voor; intussen gesluit) en Mr Price Home (regs agter)

Die biblioteek het 'n groot kagbel "vir die lekkerte". Daniël se lessenaar is hier, en reg bo dit, langs die oop ruimte, is Anneen se kunsateltjie (sien ble. 52 en 54). Die ronde mat is by 'n sypaadjiesmous gekoop.

My idee met die *dubbelvolume*- oop ruimtes was om soveel as moontlik *ruimte* te voel. – Daniël





Handdoek van Mungo

Die hoofslaapkamer se stort (bo) het 'n venster na die dak, waarheen die Bezuidenhouts soms met 'n glas wyn ontsnap. Die ontblote loodgieterspype is getrou aan Daniël se ontwerpbeginsel om so min as moontlik lae te hê wat detail wegsteek.

Industriële vensterrame (regs) dien as relings op die boonste vlak, waar Anneen se ateljee oor die leefvertrekke uitkyk.

Verbruik minder, bou eenvoudiger

Waar moontlik is materiale hergebruik. Al die klip wat tydens die uitgrawings uit die erf gekom het, is elders op die terrein gebruik. Daniël wil instandhouding tot die minimum beperk of ten minste maklik maak, vandaar die ontblote loodgieterspype.

Hy erken dat van sy afwerkings eksperimenteel is. "Dit frustreer my dat mense 'n betonvloer lê en dit dan playei. Ek het geen beton onder die playeisel in die leefvertrekke en op die stoep gelê nie; dit sluit aan by my filosofie van so min as moontlik lae; dis dieselfde beginsel as die klipvloere van ouds."

Die grond onder die stoep en leefvertrekke se vloer is eenvoudig goed gekompakteer, en daarna is 'n laag Bidim ('n swaardiens-geotekstiel) bo-oor die gekompakteerde grond gelê om dit stabiel te hou. "Dis die eerste keer dat ek 'n vloer so lê binne; ons sal mettertyd sien hoe duursaam dit is." >>



KLEURSLIM

BEKOSTIGBARE GETINTE KLEURE



KRY DIÉ STYL




PREMIUMKWALITEIT-VERF

Duram PrimeX is 'n grond- én deklaag in een, ideaal vir moeilike oppervlakke soos melamien en teëls. Met gevorderde Kleurslim-tegnologie kan dit in meer as 800 bekostigbare Duram-verfkleure gemeng word. Die resultaat is uitsonderlike kleurdiepte, dekking, akkuraatheid en weerstand teen verbleiking.

Bekostigbare kleurmenging beskikbaar by toonaangewende hardewarewinkels.

Kleure kan weens die beperkings van die drukproses verskil.




PELICAN WING | W01



KING MACKEREL | 60

Duram
SMART PAINT

Anneen se sonnige kunsateljee is op die boonste vlak. "Anders as die norm vir kunsateljees front dit nie suid vir sagter lig nie; ek het daardie beginsel laat vaar ter wille van die berguitsig," sê Daniël.



Die hoofslaapkamer spog met 'n herwinde parketvloer uit 'n huis in Sentraal, die buurt waar die Bezuidenhouts voorheen gewoon het.



Deken en serp van Mungo; wolkomers van Gerber & Co; kussings van Mr Price Home

By die bad in die hoofslaapkamer skep herwinde hortjies privaatheid. Die sementteëls in die badkamers is die enigste dekoratiewe afwerking in die huis, en is met gekookte lynolie ingevryf vir waterdigtheid — iets wat Daniël nog op die res van die betonvloere en -mure op die proef wil stel. 🏠



Sementteëls van Africotta; handdoek van Mungo

Ek wil sien hoe iets gebou is. Die *materiaal* vertel die storie van die konstruksie. – Daniël



Konstruksiewerk deur NJO Konstruksie; strukturele ingenieur Rigo Govoni van Structural Solutions

VERSKAFFERS EN KONTAKTE Africotta africotta.co.za Ateljee Architects (Daniël Bezuidenhout) ateljeearchitects.co.za Gerber & Co gerberandco.com Gripseal gripseal.co.za Mjoli Property Solutions [instagram.com/mjoli_solutions](https://www.instagram.com/mjoli_solutions) Mr Price Home mrphome.com Mungo mungo.co.za NJO Konstruksie (Shaun du Plessis) 082 870 5726 Phoenix Structures 073 979 0364 Safal Steel safalsteel.com Structural Solutions structuralsolutions.co.za Tropical Traders Africa tropicaltradersrsa.co.za Woodworx @ Jbay cwoodworx.co.za

**STIHL****100**
YEARS

VERBETER JOU TUINONDERHOUD MET DIE NUWE HTA 30

Die oplog van swaar of raserige toerusting is nie meer nodig om uitgestrekte woonerwe onberispelik te hou nie. Die nuwe batteryaangedrewe STIHL HTA 30-paalsnoeier wat spesifiek vir huiseienaars ontwikkel is, bied moeitelose bereik en presisiesnoei van hoë heinings, oorgroeide lower en hoë boomtakke. Geniet die gladde, fluisterstil werking wat veeleisende tuintake in 'n naatlose ervaring omskep.

- Knip oorhoofse takke veilig van die grond af reg met 'n verstelbare teleskopiese paal wat tot 4,5 meter kan uittrek.
- Die vinnige inmeekaarsit sonder gereedskap maak dat jy dadelik kan begin werk sonder ingewikkelde verstellings.
- 'n Ingeboude veermeganisme behou outomaties die ideale kettingspanning.
- Die uiters ligte bou saam met 'n sagtegreephandvatsel beperk uitputting tot die minimum tydens lang sessies.
- Met aandrywing deur die kompakte STIHL AS-batterystelsel lewer dit tot 140 snitte per lading.



HTA 30
BATTERYPAALSNOEIER

Ontdek die STIHL HTA 30 en verander hoe jy jou bome versorg.



facebook.com/stihlsa



www.stihl.co.za



instagram.com/stihlsa

OP EIE STOOM IS 'n lewenswyse




Styl en volhoubaarheid kom in perfekte harmonie saam
in dié man-en-vrou-ontwerpspan se huis.

Deur Beatrice Moore-Nöthnagel • Foto's Christoph Hoffmann • Stilerings Amanda van Wyngaardt

Al was dit nie deel van die oorspronklike ontwerp nie, is die korbeelwerk aan die buitekant 'n kenmerk wat dadelik uitstaan. "Soos die huis begin vorm aanneem het, het ons gevoel die fasade kort 'n bietjie meer karakter en tekstuur, en toe besluit om die uitsteekbakstene by te voeg," sê Bev. "Dit was 'n eenvoudige verandering, maar het 'n groot verskil gemaak. Dit maak die mooiste skaduwees wat regdeur die dag verander soos die son daarop val."

Die buitemure het 'n saksmeer-afwerking wat die mure 'n subtiële tekstuur gee. Dis met naaswit verf afgerond.

WIE WOON HIER? James en Bev Norris, hulle seun, Adam (22), en twee Skotse terriërs, Angus en Scruffles
WAAR Northcliff, Johannesburg
GROOTTE 380 m²



James en Bev het byna 10 maande lank sonder 'n kombuis in die huis gewoon voor hulle besluit het wat hulle wil hê. “Ek is so bly ons het gewag; ek is regtig baie in my noppies met die eindresultaat,” sê Bev.



“Ek sou dit beskryf as 'n moderne plaaskombuis,” sê Bev. “Ons het een van ons eie sierstroke gebruik vir die Shaker-detail op al die kasdeure, en die voorkoms is presies wat ons in gedagte gehad het.”

B

ev Norris het op 'n plaas in die Karoo grootgeword, en dis waar sy die waarde besef het daarvan om eenvoudig en volhoubaar te

leef. Vandag woon sy en haar gesin skaars 12 km buite die Johannesburgse middestad, byna heeltemal van die netwerk af. Dis 'n lieflik ontwerpte kontemporêre huis – en 'n bewys dat 'n volhoubare leefstyl beslis elegant en stylvol kan wees.

Bev en haar man, James, het die skuurstyl huis in 2022 gebou nadat hulle 'n erf van 1 000 m² gekoop het wat deel was van 'n 4 000 m²-eiendom wat onderverdeel is.

“Ek wou hê die ontwerp van die huis moet die eenvoud en eerlikheid van tradisionele Karoo-argitektuur weerspieël, maar met 'n kontemporêre kinkel,” sê Bev, wat voorheen 'n boer en restaurateur was en tans die eienaar is van Norris & Norris, 'n onderneming wat spesialiseer in binnenshuise muurafwerkings. James is haar eggenoot en sakevennoot.

Die egpaar wou reg van die begin af 'n selfvoorsienende huis skep – om omgewingsredes, maar ook vir gemoedsrus. “Ons is byna volkome onafhanklik van die netwerk wat betref elektrisiteit en water (sien bl. 68 vir besonderhede),” sê Bev.

“'n Sonkragstelsel verskaf al ons elektrisiteit, en dit word ondersteun deur 'n petrolkragopwekker en gas. En dan het ons twee boorgate – een wat ons elke dag gebruik en nog een vir noodgevalle. Die enigste munisipale diens waarop ons nog staatmaak, is die rioolstelsel.” >>

Langwerpige handgemaakte teëls sorg vir detail en tekstuur sonder om die dekor te oorweldig.

Teëls deur Wolkberg Casting Studios



Bev was nog altyd gaande oor sagte kurwes en geronde vorms, iets wat duidelik is in die ronde kombuisvenster en L-vormige geronde eiland met sy ingeboude sitbank. “Die bank het sitplek vir baie meer mense as wat jy dink, en dis hier waar almal graag bymekaarkom,” sê sy. “Die ontwerp is effe outyds en ek wou dit ’n meer moderne kinkel gee. Ek het ’n ou kiaattafel bygevoeg wat ek in die Karoo gekry het – dit werk goed saam met die kurwe van die toonbank. Dit het gevoel soos die perfekte pasmaats, en die tafel bring ook warmte en karakter.”

Kombuis deur Charma Designs; stoeltjies van Mr Price Home; lampskerm van Hertex Haus

Tolbosse van ’n vriend se plaas buite Graaff-Reinet sorg vir ’n Karoo gevoel.

VERFKLEUR

Jack’s Paint
& Hardware
Nightmare

VERFKLEUR

Jack’s Paint
& Hardware
Ballito Sand





'n Smeulstofie wat na
twee kante warm
maak skep 'n fokuspunt.
Dit verdeel die sitkamer
en kantoor subtiel terwyl
die oopplan-gevoel
behoue bly. – Bev

Hoewel die oorspronklike plan nie twee sitgedeeltes gehad het nie – een aan elke kant van die smeulstogie – het die idee by Bev opgekom toe sy haar ou werktafel dwars draai en besef daar is genoeg ruimte vir 'n tweede sitgedeelte. “Ek het ook vier stoele gehad wat staanplek gesoek het, en daarom het ek 'n groot lampskerm, 'n ronde mat en ronde tafel bygevoeg om alles mooi bymekaar te bring. Dis nou ons gunstelingplek om koffie te drink en met kliënte te vergader.” >>

Mat van Hertex Haus; Morrisstoel gestoffeer in materiaal van The Mill Fabrics; strooikussingmateriaal van Cottonberry





Kunswerke deur Roxanne

Dardigan verfraai die muur tussen die kombuis en leefruimtes. Die houtbokse op die rak is ou gietvorms vir bakstene.



Houtbokse van Amatuli Artefacts; lamp van Hertex Haus; groen keramiekbord deur Martin Haines

Argitektoniese detail

“Die middelpunt van ons huis is ’n groot skuurstyl leefarea met hoë plafonne en ontblote dakbalke wat ’n wonderlike gevoel van ruimte skep,” sê Bev.

Een van die kenmerkendste eienskappe is die ronde vensters. Dit herinner Bev aan die ou skoolvensters waarmee sy grootgeword het, die soort wat op ’n sentrale as kantel en wat jy met ’n lang haakstok oop- en toemaak. “Dit gee nie net karakter nie, maar sorg ook vir lig en ventilasie,” verduidelik sy.

Die dak is met Chromadek bedek en spog met ’n vlinder-ontwerp, wat aan die huis ’n unieke profiel verleen. Dit help ook om reënwater na die opgaartenks te laat afloop, wat dit ’n mooi én praktiese kenmerk maak.

“Ons het regdeur die huis dubbelglas-vensters en -skuifdeure laat installeer, alles met aluminiumrame,” sê Bev. “Dit hou ons huis koel in die somer en warm in die winter. Die dun aluminium-rame komplementeer ook die moderne plaashuis-estetika. Wanneer die deure oop is, vloei die leefareas tot in die binnehof, wat die binne-buite-verbintenis naatloos maak.”

Die vloere is ’n kombinasie van parket en swart en wit teëls in ’n ruitvorm (*sien bl. 64*). “In elke huis wat ek nog besit het – en selfs ook die restaurante wat ek oor die jare gehad het – het ek dambordteëls met die een of ander vorm van houtvloerbedekking gekombineer. Die tydlose dambordblokke gee ’n speelse gevoel aan die vertrek en skep persoonlikheid, terwyl die parketvloer sorg vir warmte en tekstuur. Al is die twee heeltemal verskillend, komplementeer hulle mekaar en skep ’n voorkoms wat terselfder-tyd klassiek en ontspanne voel.”

’n Helder skildery deur wyle André Naudé is omtrent ’n treffer teen die donker muur.



FUNKSIONEEL & DEKORATIEF

Hoe indrukwekkend die huis se onafhanklikheid van die netwerk ook al is, is dit eintlik die lieflike afwerkings en dekor wat die kollig steel. “Ons wou warmte en eenvoud meng met kontemporêre ontwerp en materiale, en het ’n huis ingerig wat tydloos en gerieflik voel – én in voeling met die omgewing,” sê Bev.

Die pilare aan weerskante van die smeulstofie is struktureel, maar ook in ’n ontwerpelement omskep. “Omdat ons met sierstroke werk, was dit die ideale kans om vir kliënte te wys wat alles moontlik is,” sê Bev. “Eerder as om die pilare te probeer wegsteek, het ons dit gevier deur paneelwerk en detail by te voeg. En nou is dit funksioneel én dekoratief.” >>

Lêstoel van Sevens; rusbanke van Zorora Sofas; mat van Monn

Die leefvertrek die naaste aan die kombuis is meer ontspanne. Daar is twee lêstoel waar James en Bev terugsit, ontspan en TV kyk. Die sofas is perfek vir besoekers – en, natuurlik, die honde, wat meen dit behoort eintlik aan hulle!



Oor die jare het ons vir kliënte *tallose idees* gegee deur net vir hulle te wys hoe *sienstroke* in verskillende ruimtes kan werk. – Bev

Bev is gek oor strepe! Sy hou baie van die ontwerp wat die paneelwerk rondom die deur na die hoofslaapkamer se en suite-badkamer skep.

Gestreepte materiaal op Morrisstoel van Loomcraft Fabrics; kimono van Gypsey Rose; mat van Monn



Teen die mure (en plafon) uit

Bev en James het Norris & Norris in 2019 begin en spesialiseer in premium binnenshuise muurafwerkings, waaronder bekleding, sierstroke, 3D-muurpanele en muurpapier, waarvan baie uit België ingevoer word. Dis dus geen verrassing nie dat byna elke vertrek van hulle eie huis spog met besonderse detail.

“Ons het van die begin af besluit elke ruimte moet ’n ander ontwerp hê,” sê Bev. “Dit was amper asof ons ’n mini-vertoonlokaal in ons huis geskep het. Nou kan ons vir kliënte die verskillende style en moontlikhede in ’n outentieke omgewing wys eerder as bloot in ’n katalogus.

“Sierstroke gee diepte en karakter. Dit kan ’n gewone muur in ’n klassieke óf kontemporêre fokuspunt omskep. Ons verskaf ook produkte aan selfdoen-entoesiaste, en baie van hulle behaal uitstekende resultate. My wenk is om jou tyd te neem, presies te meet en jou uitleg behoorlik te beplan vóór jy begin met die monterwerk. Sodra jy alles uitgemerk het, is die installasie taamlik eenvoudig.”

In byna elke vertrek het Bev die sierstroke tot teen die plafon geneem (*sien bl. 66*). “Die plafon is eintlik my gunstelingplek om paneelwerk te installeer,” sê sy. “Dis ’n oppervlak wat dikwels misgekyk word, maar dit kan ’n ruimte heeltemal transformeer. Jy sit dalk agterna met ’n seer nek, maar dis die moeite werd – en groot pret.” >>



“Hierdie jakkalsmotief is ’n gunsteling!” sê Bev. “Ek het die duvetstelle en handdoeke in Engeland gekoop, en hoop nog om die koffiebekers by my versameling te voeg. Die ontwerp is Mr Fox deur Scion Living en dit laat my altyd glimlag.”



VERFKLEUR

Plascon Chutney

Pleks daarvan om die hele plafon in die gastekamer in een kleur te verf, het Bev 'n verf-effek gebruik om "deur die paneelwerk te sny" – dit skep kontras en die ruimte lyk interessanter.

Geraamde doek met botaniese kunswerk van Evolution Product





Eklektiese dekor

Bev is nie iemand wat beperk word tot 'n enkele ontwerpstyl nie. “My versamelings weerspieël die hoofstukke in my lewe en die bedrywe waarin ek oor die jare gewerk het,” verduidelik sy. “Die skedels kom uit my boerderydae, die borde en beelde uit my tyd in restaurante, en baie van die bokke en Karoo-geïnspireerde stukke kom uit die tyd toe ek in die Karoo was. Wanneer ek in my huis rondkyk, sien ek nie net dekoratiewe stukke nie; ek sien herinneringe en ervarings.”

Al het haar huis tans verskeie donker mure, sê Bev sy voel gereed om dinge te verander. “Een van die aspekte van donker mure waarvan ek baie hou, is hoe mooi kunswerke, spieëls en dekoratiewe stukke daarteen uitstaan. Dit skep 'n dramatiese agtergrond wat die stukke laat skitter.”

Nog 'n dekorkenmerk van Bev wat uitstaan, is die gebruik van oorgroot lampskerms. “Ek is gek oor groot lampskerms en sterk vorms – dit maak 'n stelling en gee dadelik persoonlikheid aan 'n vertrek,” sê sy. “Dit versag ook 'n ruimte en skep 'n atmosfeer wat jou binnenooi. Dis 'n goeie manier om kleur, tekstuur en patrone in te bring.”

Bev en James het hul kunsversameling oor baie jare opgebou, en elke stuk dra by tot die storie van hulle huis. “Ek is nooit haastig om 'n muur te vul nie – ek koop kuns omdat ek daarvan hou, nie omdat ek 'n vertrek moet klaarmaak nie. Ek hou veral van die werk van die keramiek-kunstenaars Charmaine en Martin Haines en versamel al baie jare lank hulle stukke. Vir my is die keuse van kuns instinkief. Ek wêet net wanneer iets 'tot my spreek'. ” >>

Kopstuk en bedbasis deur Gracious Living Spaces, gestoffeer in materiaal van Skinny laMinx; buitenshuise materiaal op rusbank van Hertex; mat van Monn



Die hoofslaapkamer spog met sierstroke wat 'n streep-effek skep. Om die sterk lyne te balanseer het Bev 'n kopstuk met 'n sagte kurwe gekies. By die voetenent van die bed is 'n ou rusbank wat in buitenshuise materiaal gestoffeer is sodat 'n mens dit maklik kan afvee. Die materiaal staan sy man goed teen modderpootjies, sê Bev.

Adam se kamer, wat ook as 'n tweede gastekamer gebruik word, is só ontwerp dat dit gerieflik is en jou welkom laat voel. Fyn sierstroke is vir die paneelwerk gekies met stukke oop muur tussenin. “Ek dink dit gee die kamer 'n sterk Britse gevoel en skep diepte en karakter sonder dat dit 'n fortuin kos,” sê Bev. “Dit is 'n eenvoudige metode, maar wys hoe 'n paar goed geplaaiste sierstroke die voorkoms van 'n vertrek heeltemal kan verander.”

Kopstukke en bedbasis deur Gracious Living Spaces, gestoffeer in materiaal van Hertex; mat van Monn; bokhorings deur Charmaine Haines

VERFKLEUR

Jack's Paint
& Hardware
Fancourt Slate



Van die netwerk af

“Van die dag dat ons hier ingetrek het, het ons volkome op ons eie sonkragstelsel en batterye staatgemaak vir alledaagse behoeftes, insluitend die yskaste, ligte, haardroërs en ander huishoudelike toestelle,” sê Bev. “Ons huis is glad nie aan Eskom se netwerk gekoppel nie. Ons het geleer hoe om ons elektrisiteitsverbruik te bestuur deur toestelle wat baie energie gebruik – soos die wasmasjien – op sonnige dae te gebruik wanneer die sonpanele die meeste krag opwek. Ons woon nou al vier jaar hier en was nog nooit sonder krag nie. Ons het wel ’n petrolkragopwekker vir noodgevalle, maar ons het dit nog nooit nodig gekry nie.”


Warm water word deur drie geisers verskaf wat elk aan sy eie fotovoltaiëse sonpanele gekoppel is. Op bewolkte dae is daar twee 48 kg-gassillinders wat die werk kan doen, wat beteken die gesin het altyd warm water vir die badkamers en wasmasjien. Vir kosmaak gebruik hulle slegs gas.

“As jy eers verstaan hoe die stelsel werk, word dit deel van jou daaglikse roetine. Deesdae is dit vir ons tweede natuur en ons dink selde daaraan.”

Dié beskutte buiteruimte, weggesteek tussen die hoofslaapkamer en gastekamer, word gevorm deur die huis se E-vormige ontwerp. Dit is ’n heerlike plek vir ’n ontspanne middag of drankies saans. Behandelde houtlatte gee spikkelskaduwee.

Stoele van Patio Warehouse

VERSKAFFERS EN KONTAKTE Amatuli Artefacts amatuli.co.za Charma Designs charmadesigns.co.za Cottonberry cottonberry.co.za Evolution Product evolutionproduct.co.za Gracious Living Spaces 082 497 7747 Gypsey Rose gypseyrose.co.za Hertex hertex.co.za Hertex Haus hertexhaus.co.za Jack's Paint & Hardware facebook.com/JacksPaintSA Loomcraft Fabrics loomcraft.co.za Monn monn.co.za Mr Price Home mrphome.com Norris & Norris instagram.com/norrisandnorris Patio Warehouse patiowarehouse.co.za Plascon plascon.co.za Scion Living scionliving.com Sevens sevens.co.za Skinny laMinx skinnylaminx.com The Mill Fabrics themillfabrics.co.za Wolkberg Casting Studios wolkbergcs.com Yolo yolocomposttumbler.co.za Zorora Sofas zororasofas.co.za



Die kompos word twee of drie keer per week gedraai.



Kosafval sal binnekort in wurmtee omtower word.



KOMPOS EN 'N WURMPLAAS

“Die meeste van ons kombuisafval gaan na ons Yolo-komposwenteldrom waar dit in ryk kompos omskep word wat dan teruggaan tuin toe,” sê Bev. “Ons het ook 'n wurmplaas, wat wurmkompos (“vermicompost”) en vloeibare wurmtee produseer. Dié gebruik ons om ons groente, kruie en ornamentele plante te bemes. Ons hoenders stap oral op die werf rond en beloon ons met vars eiers – partykeer sommer twee keer per dag. Die groente-en-kruietuin gee vir ons seisoenale vars produkte vir die kombuis.

“Ek moedig mense aan om dié leefstyl te probeer,” sê Bev. “Jy hoef nie alles oornag te verander nie. Begin net met een of twee dinge, of dit nou die kweek van 'n paar groentesoorte is, jy jou eie kompos maak, reënwater opvang of sonkrag installeer. Wat vir my die lekkerste daarvan is om van die netwerk af te wees, is die gevoel van onafhanklikheid en die gemoedsrus wat dit jou gee.”

“Ons geniet dit regtig om ons eie groente te kweek – en dit is nóg 'n stap in die rigting van 'n volhoubare leefstyl. Dit gee vir ons onafhanklikheid, maar verlaag ook ons impak op die omgewing,” sê Bev.



'n Leerkurwe

“Ons grootste les was dat jy steeds gerieflik kan lewe al is dit sonder die krag- of waternetwerk – jy moet net jou ingesteldheid verander,” sê Bev. “My raad is om in die beste sonkragstelsel en batterye te belê wat jy kan bekostig – en kry erfare installeerders. Dit is ook belangrik om 'n stelsel te ontwerp wat reg van die begin af by jou gesin se leefstyl en daaglikse energiebehoeftes pas, eerder as om dit later te probeer opgradeer.

“Maar die belangrikste is om nie bang te wees vir verandering nie. Met 'n stelsel wat goed ontwerp is – en 'n klein bietjie beplanning – is dit baie makliker om sonder die netwerk klaar te kom as wat die meeste mense dink.”

WATERSLIM

'n Opgaartenk van 5 000 liter verskaf boorgatwater aan die hele huis. Dit gaan deur 'n omvattende filtreerstelsel, wat insluit 'n Big Blue-driefasefilter met 'n koolstofblokfilter en dan 'n 5 mikron- én 1 mikron-sedimentfilter. Die stelsel het ook 'n toestel wat die water versag, 'n outomatiese chloortabletvrsteller om die water te behandel, en 'n filter onder die kombuisblad om drinkwater deur middel van KDF (hoësuiverheid-sink-en-koperalloori) te suiwer. Dit word in Amerika vervaardig om swaarmetale te verminder en die watergehalte te verbeter.

“Ons boorgatwater is skoon, veilig en geskik vir ons alledaagse behoeftes,” sê Bev. “'n Aparte 6 000 liter-tenk vang reënwater van die dak af op vir die tuin. Só kan ons ons natuurlike waterbronne ten beste benut en dit verminder vermorsing.

“Ons gebruik nie 'n druppel munisipale water nie. Ons boorgat bedien die hele erf en ons is heeltemal selfvoorsienend.” 🏡

Met die bome *in gedagte*

Dié gesellige gesinshuis in 'n kontemporêre plaasstyl is met sorgsaamheid teenoor die natuur en 'n fokus op rou, eerlike materiale gebou.

Deur Mary Jane Harris • Foto's Greg Cox
Produksie Marian van Wyk



WIE WOON HIER?

Ryan en Bobbie Hart, hulle twee seuns, Malakai (12) en Nate (11), en Lola die Franse bulhond

WAAR St. Francisbaai

GROOTTE 342 m²

VERFKLEUR

Kleur Space Sabre Poly
Acrylic St Francis White

BUITEKANT

Die huis staan knus tussen witmelkhoutbome.

“Die drie rotse was te groot vir gebruik in die keermuur in die tuin. Die huis was reeds gebou toe ons dit agterkom, en ons kon hulle op geen manier uitkry nie, daarom bly hulle nou net hier,” verduidelik Bobbie. Ook op die eiendom is ’n losstaande kothuis en dubbelmotorhuis.

D

it was die pragtige bome wat vir Bobbie en Ryan Hart oortuig het dat dit die plek is waar hulle hulle gesin se nuwe huis moet bou. "Ons vorige blyplek was effens te groot vir ons. Dit het nie knus en gesellig gevoel nie; dit was ook nie regtig ons styl nie. Boonop was dit aan die wind blootgestel en was daar geen bome nie. En dis hoekom ons na 'n meer geskikte eiendom begin soek het," vertel die egpaar.

Bobbie en Ryan het 10 jaar lank in Londen gewoon, waarna hulle na Suid-Afrika teruggekeer het. "Ons wou hê ons seuns moet hulle familie ken, en hoewel ek graag weer in Kaapstad wou gaan woon, het ons gevoel 'n kleiner, stiller dorp waar ons kinders 'n regte kinderlewe kan hê sou 'n beter keuse wees. St. Francisbaai was ideaal," verduidelik Bobbie. "Ryan se ouers woon hier, en hy het hom aangesluit by die familie-onderneming, Hart's Ice Cream, wat sy pa, Dave, in 2012 begin het."

KOMBUIS

"Ons vorige kombuis het 'n donker houtskoolkleurige palet gehad; hierdie keer wou ek iets minimalisties en vars hê. Ek het die wit afwerking gekombineer met berkelaaghout, waaroor ek dol is. Dis 'n treffende kombinasie met die marmierwerkvlakke, tekstuurryke baksteenmure en sementvloer," sê Bobbie, wat spatsels kleur geskep het deur bykomstighede en kombuisware op die laaghoutrakke te rangskik.

SWEMBADDEK

Die erf het 'n helling, daarom is die swembad gedeeltelik bogronds gebou, op dieselfde hoogte as die dek. "Ons wou nie trappe na die swembad hê nie," sê Bobbie.



Handdoek van Mungo

Ter wille van die bome

"Toe ons hierdie eiendom gesien het met gevestigde witmelkhout- (*Sideroxylon inerme*) en kershoutbome (*Pterocelastrus tricuspidatus*) wat mens nie in 'n leeftyd kan kweek nie, moes ons dit net koop. Trouens, ons was so gek na hierdie bome dat ons nie omgee het hoe die res van die erf lyk nie," sê Bobbie.

Gelukkig front die erf in die St. Francis Links-landgoed noord en het dit 'n pragtige uitsig oor die groen strook.

"Ons het 'n huis gevisualiseer wat knus in sy landskap sit en gemaklik tussen binne en buite vloei," verduidelik hulle. "Ons wou geen verkwiste ruimte hê nie. As jy die boukoste in ag neem, moes elke vierkante sentimeter werk."

Die egpaar het die argitek Jason Erlank van Gqeberha genader vir die ontwerp. "Hy is bekend vir huise wat esteties én prakties is," verduidelik die egpaar. "En hy het ons aangemoedig om ook by die ontwerp betrokke te wees."

Die Harts was vasbeslote dat die bome sou bly; die huis moes bloot om hulle ontwerp word. "Toe die bouers die motorhuis afpen, het Stuart O Bray van Lighthouse Construction gesê een van die bome is te naby en moet verwyder word. My antwoord? 'Die motorhuis sal voor die boom moet padgee'," vertel Bobbie.

"Ons moes by St. Francis Links se estetikakomitee toestemming kry om 'n meter verder terug te bou om die boom te red. Gelukkig is hulle toegewyd aan die bewaring van ons omgewing se flora." >>



SITKAMER

In die sitkamer dra groot glasskuifdeure by tot 'n naatlose oorgang tussen binne en buite. "Hierdie hele hoek maak oop na die tuin," sê Bobbie. Al die glas maak die vertrek in die wintermaande koud. "Ons moes 'n houtsmeulstofie installeer om die vertrek te verhit, en ons het dit hier geplaas sodat ons steeds die groen strook aan die ander kant kan geniet, selfs wanneer die deure toe is."

Ottomans van Hertex Haus; Balinese gemakstoele van MI Designs; ronde grasmatte van Mr Price Home

'n Vriendin wat geëmigreer het, het haar versameling botaniese skilderye deur die Rhodesiese kunstenaar MH Phear vir Bobbie gegee, wat dit laat herraam het.





DEK

As student het Bobbie vir die meubelmaker Adrian Hope gewerk. "Dit was my droom om eendag van sy meubels te hê, en dis toe net reg vir ons dek," vertel sy. Die dennehoutdek bly koel danksy 'n pergola wat ook van dennehout is. >>

Meubels van Hope Garden Furniture

Oor die 12 jaar wat ons in hierdie *omgewing* woon, het ons besef hoe *belangrik bome is* as jy 'n tuin wil vestig. – Bobbie

Ons het meubels gekies wat vir ons
prakties en spesiaal is, eerder as stukke wat
nuut en 'n modegier is. – Bobbie

VERFKLEUR

Kleur Space
Great White

HOOFSLAAPKAMER

Die hoofslaapkamer onder die spitsdak op die boonste verdieping het 'n pragtige uitsig oor die groen strook en die gholflandgoed. "Ons het saamgestelde eikehout vir die slaapkamervloere gekies vir die ongelooflik warm voorkoms en gevoel," verduidelik Bobbie. Die kometers was 'n geskenk van 'n vriend. "Ek wou nog altyd 'n wolkometers van Pendleton in Amerika hê; die ontwerpe is deur die inheemse Amerikaanse bevolking geïnspireer, en die kombers word in die Pasifiese Noordweste gemaak."

Vloer van Lalegno; ottoman van MI Designs



**MUUR-
AFWERKING**

Earthcote
Granite Old
Copper

Krane en stortkop van
The Copper Bath Company;
handdoek van Mungo



Bobbie Hart

V&A MET RYAN EN BOBBIE

Wat was die duurste verrassing toe julle die huis gebou het, en hoekom?

Ons het nie opgelet dat die argitek 2,4 meter hoë binnendeure op die planne aangedui het nie. Dit is op bestelling gemaak en vanweë ons keuse van berkelaaghout was dit baie duurder as die bedrag waarvoor ons begroot het. Maar ons is dol daarvoor.

Wat was julle grootste besparing?

Vir die grens aan die agterkant het ons 'n draadheining in 'n plaasstyl gemaak wat deur nieshoutpale ondersteun word. Plante kan daardeur groei en mens kan daardeur kyk, wat die tuin visueel vergroot. Dit was baie goedkoper as 'n baksteenmuur. Waar ons lae keurmure nodig gehad het, het ons natuurlike klip gebruik, wat mooi lyk en goedkoper is as bakstene.

Enige raad vir ander huisbouers?

Bestee in die beplanningsfase tyd om te besluit waar julle ligte en kragproppe nodig het. Moet dit nie los tot die fondament gelê is nie. Elke lig- en kragpunt kos geld, daarom moet mens dit reg beplan. Wanneer jy van nuuts af bou, is die opsies onbeperk. As jy jou besluite begin bevraagteken en by te veel mense raad kry, kan dit oorweldigend raak. Vertrou jou intuïsie en glo in jou keuses. Dit is immers jou huis. >>

Skoon en eenvoudig

Die eindproduk van die argitek en die Harts se kreatiewe denke is 'n kontemporêre L-vormige dubbelverdiepinghuis met skoon lyne, aantreklike proporsies en eenvoudige afwerkings sonder fieterjasies.

“Dis 'n kontemporêre woning in 'n plaasstyl met die fokus op rou, eerlike materiale wat 'n aardse en tydlose gevoel skep,” verduidelik Jason.

“Die vloer is van rou sement wat ons gepoleer en verseël het,” sê Bobbie. “Dit lyk soos 'n afgevlakte vloer, maar kos baie minder en verg bitter min instandhouding. Die spitsdak se riffel-aluminiumplate en die wit mure se eenvoudige saksmeer-afwerking pas by die plaasstyl wat hulle wou skep.

HOOF- EN SUITE

“Ons het die metroteëls tot teen die plafon gelê om aandag te vestig op die hoogte van die badkamer se dak,” sê die Harts. Die pilaar met die loodgieterwerk asook die muur bo die wasbak (sien bl. 78) het 'n tekstuurafwerking. Vir 'n vintage estetika het hulle badkamertoebehore met 'n antieke voorkoms gekies, soos gansnekspuite. “Ons het dit oral in die huis gebruik,” sê Bobbie.

MALAKAI SE SLAAPKAMER

Nog 'n Pendleton-kombers helder Malakai se slaapkamer op. Om die ontwerp te herhaal het die Harts 'n maatskappy in George gevra om die kas van berkelaaghout te maak. “Hulle het ook al die lessenaars in die huis gemaak,” sê Bobbie.

Kas en lessenaar op bestelling gemaak deur De Steyl





Handdoeke
van Mungo



Wasbakas deur
Designer Living

Wind wat nooit einde kry nie!

Toegang tot die huis is tussen 'n losstaande gastekothuis en die dubbelmotorhuis. By die voordeur stap jy by 'n groot leefvertrek met 'n hoë spitsdak in. Die kombuis en sitkamer is aan teenoorgestelde kante van hierdie vertrek, waar groot glasdeure aan drie kante mens se oë na die welige groen strook laat dwaal. Wanneer die deure oop is, word die dek en die swembad spontaan deel van die leefvertrek.

"Die voordeel hiervan is dat ons die deure kan oop- en toemaak na gelang van die windrigting," verduidelik Ryan. "n Vriend wat 'n windplaas het, sê St. Francisbaai het die mees bestendige wind; nie die meeste nie, maar die mees bestendige! Dis hoekom ons die huis so geplaas het dat ons teen die westewind beskut is."

Gelukkig het die egpaar baie dieselfde smaak. "Daar was geen stryery oor afwerkings nie," sê Bobbie. "Ons hou van dieselfde goed, selfs dieselfde meubels."

"Ons was nog nooit spyt dat ons hierheen getrek het nie. Die kinders is heeltyd in en uit die huis; hulle ry oral met hulle fietse en hier is 'n baie hegte gemeenskap."

"Ons is dol daaroor om in hierdie huis te bly, dit pas ons perfek. Ek twyfel of ons ooit weer 'n huis sal bou."

VERSKAFFERS EN KONTAKTE

Designer Living facebook.com/designerlivingstfrancis **De Steyl** desteyl.co.za
DIY Lighting diylighting.co.za **Driftwood Studios** driftwoodstudios.co.za
Earthcote paintsmiths.co.za **Hart's Ice Cream** harts.co.za
Hertex Haus hertexhaus.co.za **Hope Garden Furniture** hopegf.com
Jason Erlank Architects jasonerlank.co.za **Kleur Space** kleurspace.co.za
Lalegno lalegno.co.za **Lighthouse Construction** lighthouseprojects.co.za
MI Designs midesigns.co.za **Mr Price Home** mrphome.com **Mungo** mungo.co.za
Pendleton pendleton-usa.com **The Copper Bath Company** copperbath.co.za




Die huis en dek is gebou rondom bestaande melkhoutbome, wat 'n beskermde spesie in Suid-Afrika is. In die somer dra hulle klein wit blommietjies, waarna swart bessies volg. Die groen sambreel van Mianmar was 'n geskenk en die hangstoel kom van Bali.

Só het hulle gemaak ...



Die erf is skoongemaak, maar al die bome en soveel as moontlik van die natuurlike plantegroei is behou. Die fundamente is gemerk en gegrawe.




Die leefvertrek en kombuis se mure staan, asook die ingeboude braaiplek vir die dek wat langs die kombuis beplan was.



Die boonste verdieping verrys, en die vrydraende betonblad vir die balkon buite die hoofslaapkamer is gegiet.




Die vormwerk vir die betondak van die hoofslaapkamer se balkon is gereed vir die gietwerk en die nokbalk is op sy plek vir die dak se konstruksie.




Die swembad is deels bogronds en op dieselfde vlak as die huis se vloer. Die buitewand het 'n saksmeer-afwerking en die leefvertrek se oop dakkappe is geïnstalleer.



Nadat die swembad voltooi is, is 'n houtdek as skakel tussen die swembad en die huis gebou.




Nadat die riefel-aluminiumdakplate geïnstalleer en die dek voltooi is, is houtpilare as stutte vir die stoepdak geïnstalleer. Drie rotse (bo regs) wat te groot was vir die keermuur, is nou deel van die tuin. 🏡




Foto's Bobbie en Ryan Hart, Jason Erlank Architects

Boonste
vloer



Grondvloer





Vra die kenners

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel

Wonder jy hoe om persoonlikheid in jou badkamer te skep?

Vra net – ons kry die antwoorde.



Prakties en propvol persoonlikheid

Een van die grootste veranderings in badkamerontwerp is dat dit nie meer bloot funksionele vertrekke is nie, maar karaktervolle ruimtes. Ons kreatiewe redakteur, **Marian van Wyk**, deel haar wenke om jou badkamer met behulp van 'n paar klein veranderings in 'n stylvolle uitspanplek te omskep.



1 Hang 'n spieël wat 'n stylstelling maak.

Ronde, ovaal en klipvorms is hoogmode, en skep 'n balans met die strak horisontale en vertikale lyne in die vertrek. Oorgroot spieëls soos hierdie een in Anita Griesel se Durbanville-badkamer bly 'n gunsteling; rame van hout, dun swart staal en geborselde koper skep warmte. 'n Vintage of kleiner dekoratiewe spieël kan elders in die vertrek gebruik word om lig te weerkaats.

2 Kleur die mure in. Net soos plakpapier hoef kuns nie tot leefvertrekke en slaapkamers beperk te word nie. Of dit 'n abstrakte skildery, botaniese afdruk, swart-en-wit foto of landskap is, kuns kan 'n doodgewone badkamer in 'n gesofistikeerde, persoonlike ruimte omskep, soos hier by Lanie van Reenen se Stanford-huis. Kies waar moontlik gehalte-rame met glas wat jou kuns teen waterspatsels en stoom sal beskerm.

Foto Jan Ras • Produksie Marian van Wyk



3 Stileer rakke soos 'n ontwerper. Badkamerrakke hoef nie net praktiese artikels te bevat nie; jy kan alledaagse badprodukte met dekoratiewe objekte soos keramiekware, beelde, handgemaakte bakkies of kerse kombineer. As jy boonop die luukse van ruimte het, bederf jouself gerus met rakke wat net vir die mooi daar is, soos Chloe Buckland in haar badkamer in Oranjezicht, Kaapstad, gemaak het.

Foto Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk



4 Nooi die natuur in. Plante versag harde argitektoniese oppervlakke onmiddellik en skep die gevoel van 'n rustige uitspanplek. Variëteite wat lief is vir humiditeit, soos varings, aronskelke, vredeslelies en orgideë floreer in badkamers met goeie natuurlike lig, terwyl kruip- of hangplante die ruimte versag en hoogte skep, soos in Reghardt en Yentl Bruwer se Struisbaai-badkamer (*links*). 'n Olyf- of bloekomtak of die geurige blare van plante soos malvas verrig wonderde in 'n mooi vaas.

5 Laat tekstuur tel. Natuurlike teksture is een van die maklikste maniere om 'n badkamer geselliger te laat voel. Geweefde mandjies (*links en bo*) is 'n eenvoudige manier om dit reg te kry en bied nuttige pakplek. 'n Geweefde skinkbord (*oorkantste bladsy*) wat met sorg gepak is, skep stylvol orde op 'n wasbakkas. >>



In *Werk* 2026/27 wys ons hoe jy 'n welige toevlugsoord met binnenshuise plante kan skep.

Foto Karl Rogers • Produksie Marian van Wyk



Ontmoet die ontwerper

Wortels in Afrika

Ons hou die Johannesburgse meubelontwerper Joey Khuvutlu se werk al geruime tyd met belangstelling dop, en in Junie het hy 'n mylpaal bereik. Sy handelsmerk, Daily, het amptelik Dwela geword.

Hy het sy onderneming in 2023 gestig met die idee om mooi ontwerpte, funksionele en duursame meubels vir Suid-Afrikaners toeganklik te maak. Drie jaar later spog dit met 'n nuwe identiteit, afgeronde vervaardigingsprosesse, 'n sterker toewyding tot volhoubare materiale, en nuwe versamelings wat kontemporêre Afrika-ontwerp vier.

“Dwela (dit kom van *dwelling*) is sinoniem met wat ons bereik het, en waarheen ons op pad is,” sê Joey. “Die naam is in ons leefruimtes gewortel en in die beginsel dat goed deurdagte ontwerp die alledaagse lewe eleganter maak.”

V&A MET JOEY

1 Is daar 'n meubelstuk wat elke huis moet hê?

'n Eetkamertafel! Dis een van die veelsydigste meubelstukke in enige huis, en 'n bymekaarkomplek vir maaltye, kuiers, vierings, werk en beplanningssessies. Dit hoef nie groot of oordadig te wees nie; dit moet net mense nader aan mekaar bring.

2 Watter tendense maak jou nou opgewonde? Ek vind die groeiende waardering vir outentieke materiale en tydllose ontwerp bemoedigend. Meer mense kies minder stukke van beter gehalte wat jare lank sal hou eerder as om kortstondige modegiere te volg.

3 Watter style is nou gewild? Ons versamelings versinnebeeld wat rofweg as Afro-Modernisme bekendstaan; dis 'n kontemporêre ontwerptaal wat in Afrika se handwerktradisies en slim ontwerp-beginsels gewortel is. Veral afwerkings van natuurlike hout bly gewild omdat dit die eerlikheid en warmte van dié materiaal vier.

4 Wat inspireer die span by Dwela? Inheemse Afrika-meubel-tradisies, waar beskikbare materiale vindingrykheid inspireer. Ons skep kontemporêre stukke wat mooi, prakties en duursaam is – en in harmonie met hoe mense vandag leef, beweeg en woon.

5 Watter van jou ontwerpe is 'n persoonlike gunsteling? Die Shallal Swingback Diner (*bo*). Dis my eerste skepping, en ek glo die beste voorbeeld van hoe ek meubelontwerp benader. Die vloeiende silhoeët en skulpturale vorm weerspieël die skoonheid en veelsydigheid van okoume-laaghout en die kenmerkende “swingback” pas subtiel aan by die persoon wat daarop sit. Vir my vang dit die balans vas tussen die estetika, funksie en vakmanskap wat Dwela definieer. 🏠

KONTAK dwela.co.za



Die Grootste Verskeidenheid Patiomeubels en Bykomstighede in Afrika

LUUKSE BUITE-LEEFSTYL

Besoek een van ons skouspelagtige winkels vir al jou patio-behoefte — oop 7 dae per week, met landwye aflewering tot by jou deur.

Verken ons
Palermo-reeks

Patio
WAREHOUSE
www.patiowarehouse.co.za



 **WHATSAPP ONS**

Pretoria - 012 749 3120 | Centurion - 012 657 9400 | Randburg - 011 801 0820 | Kaapstad - 021 526 7240
Somerset-Wes - 021 840 4160 | Umhlanga - 031 566 8550 | George - 044 010 0102



Diere- maniere

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel

*Dis heerlike
lente!*



Ver in die ou Kalahari

Die Kalahari loop definitief in die are van Karoo, die Duitse steekhaarpointer. – *Riëtte Viljoen, Somerset-Wes*



Op sy perdjie ...

... en reg om te galop! – *Sinvia Redelinghuys, St. Helenabaai*



Die neutekraker

Shiraz hou sy hand op vanjaar se makadamia-oes. – *Lorma Durand, Pongola, KZN*




Takbestuurder

Katryn is oudergewoonte op haar pos. – *Lizl Scheepers, Calvinia*



Ingewurm

Harry sê hier's nie eintlik iets te sien nie. – *Tiaan Froneman, Kaapstad*



Uitgevat!

Ivy en Jonker lek solank lippe af vir die lente! – *Stephanie van Heerden, Pretoria*

WEN! Elkeen van die eienaars wie se troeteldier op hierdie blaaie verskyn, wen 'n geskenkbewys van R500 van Petshop Science (petshopscience.co.za). Kry al jou troeteldierbenodighede onder een dak by Petshop Science, waar kundige assistente jou kan help om die regte keuse te maak.

Min dinge laat 'n troeteldier so vinnig regop sit as daai bekende gefrommel van 'n pakkie met iets lekkers daarin. Die regte snoepgoed kan veel meer as 'n smaaklike happie wees – dit kan ekstra voedingsvoordele inhou én jou dier se welstand verbeter. 'n Nuwe gunsteling wat eksklusief by Petshop Science beskikbaar is, is Angus & Annie Dog Biscuits (1 kg; R69,99), wat geskik is vir honde van alle groottes en in 'n verskeidenheid geure beskikbaar is.

Montego se XenPet Protein Bars (450 g; R99,99) in drie geure bevat kaseïen om spierkondisie in alle honderasse te ondersteun, terwyl Kit Cat Cranberry Crisps (20 g; R19,99) die urienstelsel in katte help en ook die opbou van plaak en tandsteen verminder.

Kry dié en ander troeteldierprodukte by jou naaste Petshop Science of bestel dit by **Sixty60** met aflewering dieselfde dag – dis makliker as ooit tevore om die serte te laat swaai en snorbaarde te laat tril.

Stuur jou foto's (minstens 2 MB elk) na troeteldiere@tuis.co.za en sluit jou kontakbesonderhede in – jy kan ook 'n wenner wees! Kompetisieëls op bl. 128.



V&A

Saam op 'n drafstap

David Treurnicht van Pretoria skryf Ek wil graag saam met my hond vir langafstanddraaf oefen – wat moet ek hieroor weet?



Dr. Karien Brink, bestuurder van veeartsenysake by Hill's Pet Nutrition, antwoord Oefening saam met 'n hond is 'n heerlike manier om gehaltetyd saam deur te bring. Tog is nie alle honde geskik vir langafstanddraaf nie, en voorbereiding is noodsaaklik om seker te maak jou vierbeenvriend bly gesond, gelukkig en sonder beserings.

Dink aan jou hond se ras, ouderdom en gesondheid Rasse wat ontwikkel is vir uithouvermoë en aktiwiteit – soos labradorretrievers, golden retrievers, borderkollië, poedels en talle terriërrasse – hou dikwels baie van hardloop en kan mettertyd langer afstande baasraak. Daarteenoor kan bragisefale rasse (honde met 'n plat gesig) soos bulhonde, mopshonde en bostonterriërs vanweë hulle anatomie sukkel met lang oefensessies. Groot rasse en honde wat met gewrigstoestande soos osteoartritis sukkel, sal dalk 'n aangepaste oefenprogram moet kry.

Laat die veearts kyk Jou veearts kan enige moontlike onderliggende toestande identifiseer wat jou hond se vermoë kan beïnvloed om veilig te hardloop, en dan raad gee oor geskikte vlakke van oefening. Dit is veral belangrik vir klein hondjies, ouer honde en diere met 'n geskiedenis van gewrigs-, hart- of asemhalingsprobleme.

Brandstof is belangrik Namate die intensiteit en duur van oefening toeneem, sal baie honde ekstra kalorieë nodig hê om 'n gesonde liggaamskondisie te handhaaf. Monitor jou hand se gewig, energievlakke en hersteltyd en gesels met die veearts as dit lyk of hy meer kos of voedingsondersteuning nodig het.

Begin stadig en bou geleidelik op Selfs energieke honde het tyd nodig om ekstra stamina op te bou. Begin met korter stappies en ligte drafessies voordat jy die afstand en pas stelselmatig aanpas.

'n Vinnige toename in oefening kan onnodige druk op spiëre, gewigte en pootkussinkies plaas en die risiko op beserings verhoog.

Fokus op opleiding en sosialisering Basiese opleiding met 'n leiband voorkom 'n trekkery, vasstekery of onvoorspelbare bewegings wat tot ongelukke kan lei. Honde moet ook gemaklik wees tussen baie mense, ander honde en onbekende omgewings voordat julle byvoorbeeld aan georganiseerde byeenkomste deelneem. Gereelde besoeke aan hondevriendelike parke en sosiale omgewings bou selfvertroue en versterk gehoorsaamheid.

Warm op, koel af 'n Kort stappie voor oefening help die spiëre en gewigte om gereed te maak vir aktiwiteit, terwyl 'n afkoelstappie agterna help om die liggaam te laat herstel.

Kies koeler tye van die dag Suid-Afrika se klimaat kan oefening in die middel van die dag gevaarlik maak, veral in die warmer maande. Vroegoggend en laatmiddag is gewoonlik die veiligste tye vir buiteaktiwiteite. Troeteldierouers moet ook onthou sypaadjes kan warm bak en jou dier se sensitiewe pootkussinkies brand.

Hidrasie is belangrik Dra water en 'n bakkie saam wanneer julle saam gaan draf en bied gereeld vir jou hond water aan. Wees op die uitkyk vir tekens van ontwatering of oorverhitting – dit sluit in oormatige hyg, kwyl, lusteloosheid, swakheid of disoriëntering.

ONTHOU Oefening moet jou hond se fisieke en geestelike welstand verbeter, nie in gevaar stel nie. Die doel is om positiewe ervarings te skep wat ook die verhouding tussen diere en hulle gesin versterk.

KONTAK hillspet.co.za 📍



Tuindagboek

Saamgestel deur Gillian Eva • Foto's Verskaf

Daardie eerste botsels, die nuwe blaartjies wat oopvou en die helder kleure wanneer die lente aanbreek, is van die beste tye in die tuin en beloop 'n goeie seisoen wat voorlê. Volg dié wenke om blomme te verbeter en 'n gesonde tuin te hê.



Krismisroos

1 KOS VIR DIE TUIN

Voeding in die lente is een van die belangrikste take van die seisoen en is op elke plant in die tuin van toepassing:

- **Blombeddings** Moedig blomvorming aan met 'n stadig vrystellende formule soos 3:1:5.
- **Potplante** Verwyder die boonste laag ou potgrond en vervang dit met 'n mengsel van vars potgrond en kompos plus 'n stadig vrystellende algemene kunsmis soos 2:3:2.
- **Bolle** Wanneer bolle begin doodgaan wat in die winter en lente blom, moet jy voortgaan om vir hulle kos te gee – dit sal hulle help om in die volgende seisoen oorfloedig te blom. Gebruik 'n spesialisprodukt soos Hadeco Bulb Food, BioOcean of 'n algemene kunsmis soos 2:3:2 wat 'n bietjie meer fosfate bevat wat die voedingstowwe in die bol aanvul.
- **Eenjariges** Dien elke twee weke 'n vloeibare kunsmis soos Nourish, Kelp, Multi-Kelp, Multi-Booster, Seagro of GroBest toe.
- **Krismisrose** Kikker blou blomme op met Starke Ayres Acid-Loving Plant Food, en die pienkes met Wonder Shake 'n Grow.
- **Vrugtebome** Voed hulle met 'n kaliumryke vloeibare kunsmis soos 4:1:6 óf gebruik 'n algemene korrelkunsmis soos 2:3:2.
- **Rose** Om gesonde blaargroei, knopvorming en kleur te verbeter, dien Ludwig's Vigorosa 5:1:5, Rose & Flower 8:1:5 of Flower & Fruit-kunsmis toe.



Voed rose om blaargroei te verbeter en blomvorming aan te moedig.



Gee vir jou grasperk kunsmis.


2 SIEN DIE GRASPERK REG

Die lente is 'n goeie tyd om jou grasperk met nuwe saad aan te vul en dooie dele te vervang en herstel – vóórdat dit in alle erns begin groei. Volg dié maklike stappe:

- Gebruik 'n harde hark om enige dooie stingels, wortels en uitlopers los te wikkels. Verwyder al die gemors.
- Sny die grasperk taamlik kort (maar nie reg tot op grondvlak nie) om die gras weer aan die gang te kry.
- Lei die gras diep nat.
- Gebruik 'n tuinvurk om gaatjies in die grasperk te steek waardeur kunsmis by die wortels kan kom – dit belug ook die grasperk. Belugting verbeter dreinerings en verminder kompaktering van die grond, wat die wortels sterker laat groei.
- Bedek los soorie met kompos of bogrond.
- Dien 'n stadig vrystellende organiese kunsmis of snelwerkende chemiese kunsmis vir grasperke toe, iets soos 7:1:3 of 8:1:5 – albei bevat baie stikstof. Maak die gras dan behoorlik nat.
- Eindig met 'n grasgrondmengsel bo-oor.



Agapanthe



Kosmos

3 SAAI EN PLANT NOU

Saai saad of plant nuwe plante in jou beddings om 'n kleurrike, oorvloedige tuin te hê in die maande wat voorlê.

• **Eenjariges** Dis maklik om spatsels kleur te kry: Saai blomsaad soos kosmos (*Cosmos bipinnatus*), kappertjies (*Tropaeolum majus*), petunias (*Petunia x hybrida*), sonneblomme (*Helianthus annuus*), baardangeliers (*Dianthus barbatus*) en jakobregops (*Zinnia elegans*), om enkele te noem. Dié blomme is ook 'n moet om bestuiwers na jou tuin toe te lok.

• **Meerjariges** Plant kleurrike beddings met spesies wat óf hulleself saai óf 'n paar jaar sal hou voor hulle verdeel moet word. Van die meerjarige blomplante wat jy nou in die tuin moet vestig, sluit in agapanthe (*Agapanthus praecox*), Echinacea, Euryops, laventel (*Lavandula*), salie (*Salvia*) en duisendblad (*Achillea millefolium*).

• **Kruie** Moet ook nie vergeet om 'n verskeidenheid kruie soos basilie, grasuie, koljander, dille, ment en pietersielie te plant nie. Jy gaan hulle almal nodig kry vir jou lentegeregte!



Bome vir die nageslag

In Suid-Afrika word Boomplantweek elke jaar van 1-7 September gevier, en dan word tuiniers aangemoedig om 'n boom in hulle eie tuin te plant. Kies een wat vir 'n lang tyd op een plek kan staan, sorg dat daar genoeg plek is vir die boom, en maak seker sonliwende plante word nie in skaduwee gehul nie. Selfs in 'n klein tuin kan jy een klein boom plant, maar maak seker jy kies nie een wat 'n aggressiewe wortelstelsel het nie.

Ter viering van Boomplantweek kies die departement van landbou, bosbou en visserij twee "Bome van die Jaar". Vanjaar is die algemene boom die olienhout (*Olea europaea* subsp. *africana*) en die skaars een die rooi-ivoor (*Berchemia zeyheri*).

Het jy geweet?

As deel van die Ten Million Trees-program mik Suid-Afrika daarna om vanjaar op Erfenisdag (24 September) twee miljoen bome te plant. Verlede jaar is 1,3 miljoen bome op een dag geplant, en die hoop is dat dié syfer in 2026 verbygesteek kan word. Gaan na 10milliontrees.dffe.gov.za/10milliontrees/about en vind uit hoe jy deel van hierdie program kan word. >>



'N VIERING VAN TUINE!



Sondag 18 Oktober gaan mense reg oor die land bymekaarkom om Tuindag te vier.

Vanjaar se tema is "From Garden to Table: Grow, Gather, Celebrate" en die fokus val op die vele maniere waarop jou tuin jou kan voed – nie net met die kos wat jy kweek en deel nie, maar ook fisiek en geestelik. Tuindag is die perfekte verskoning om kreatief te raak met tafeldekor en blomkranses, en vriende en familie oor te nooi vir 'n tuinpartytjie. Hier is 'n paar idees wat jy gerus kan probeer:

• Stel jou spyskaart saam met bestanddele wat jy uit die tuin kan oes as basis – voorbeelde is kruiepesto, tamatie-bruschetta, vrugtepoedings en roosmarynsosatieskokkies.

• Voeg klein blommetjies by ysblokkies vir drankies.

• Versier kolwyntjies, koeke en slaai met eetbare blomme.


• Gebruik potplante as tafeldekor en gee dit vir jou gaste as 'n present om huis toe te neem – kruie in 'n pot is nie net mooi nie, maar ook bruikbaar!

• Stuur gaste huis toe met 'n pakkie saad.

Wenk Besoek gardenday.co.za vir nog idees, uitnodigings, aanwysings vir blomkranses en meer. Deel op 18 Oktober dan jou spesiale Tuindag-oomblikke op sosiale media deur GardenDaySA te merk óf stuur dit per WhatsApp na 074 288 1487.



Kopie verskaf deur Life is a Garden; besoek lifeisagarden.co.za vir meer, of volg hulle op facebook.com/lifeisagardens en instagram.com/lifeisagardens



Maklike somergroente

Uiteindelik kan ons somergroente begin kweek! Berei die beddings vroeg in September voor terwyl die grond nog koel is, en saai wortelgroente soos beet, wortels en radyse. Van einde September kan jy dan voortgaan met vrugdraende gewasse wat maklik groei – soos tamaties, groenboontjies, somerskorsies, komkommers en blaarbeet.

TAMATIES

Die geurigste tamaties bly maar dié uit jou eie tuin. Ranktamaties dra heeljaar, terwyl stoeltamaties 'n korter dratyd het, wat beteken jy kan 'n tweede sarsie in November of Desember saai.

- Saai wat direk in die grond gesaai word, sal 'n penwortel ontwikkel wat sorg vir 'n sterker plant wat bestand is teen siektes.
- Vir goeie dreinerings kan jy die grond operd in die tamatie bo-op die hophie plant. Gereelde diep water is noodsaaklik, maar moenie die blare nat laat word nie.
- Om swamsiekte en witvlieg in toom te hou, plant die plante 30 cm uitmekaar. Stut jou tamaties en gee voeding sodra die vrugte begin vorm.

Probeer dié! 'Bumble Bee Mix' vir kinders, 'Heirloom Mix' vir alledaagse gebruik of 'San Marzano' vir ernstige kosliefhebbers.

Gaan na kirchhoffs.co.za en rawliving.co.za vir meer inligting, of koop aanlyn saad by gropak.co.za.

GROENBOONTJIES

Stoel- of rankboontjies dra vir 'n vale en jy moet gereeld pluk – selfs daaglik – om die oes langer te laat aanhou.

- Saai direk. Plant stoelboontjies naby mekaar sodat die plante mekaar kan ondersteun. Vir rankboontjies moet jy traliewerk of 'n tepee oprig.
- Boontjies hou van klam grond, veral wanneer hulle blom en bone begin ontwikkel.

Probeer dié! 'Malelane'-stoelboontjies en 'White Emergo'-rankboontjies.

BLAARBEET

Dié snelgroeïende gewas is verspotmaklik om te kweek.

- Saai dit op 'n plek wat oggendson en middagskadu kry. Lei hulle gereeld nat.
- Oes twee tot drie van die buitenste blare van elke plant op 'n slag. Hoe meer jy sny, hoe vinniger produseer hulle.

Probeer dié! 'Fordhook Giant' en 'Swiss Chard Mix'.

KOMKOMMER

Die meeste komkommer-variëteite begin hulle eerste vrugte produseer ongeveer 60 dae nadat jy dit gesaai het. Dit kan as 'n rankplant gekweek word – heg die plant aan houtlatwerk of 'n tuisgemaakte houtraam.

- Knyp die groeipunte af wanneer die plante 60 cm hoog is. Sodoende moedig jy sylote aan waaraan die meeste vrugte gedra word.
- Lei die plante goed nat in warm en droë tye. Oppervlakbesproeiing hou die blare droog en voorkom meeldou.
- Oes die vrugte sodra hulle 'n volwasse lengte bereik.

Probeer dié! 'Ashley' of 'Crystal Apple'.

SOMERSKORSIES

Murg- en vlapampopoentjies is albei somergewasse wat vinnig groei.

- Vir beter ontkieming plant twee saadjies per gaatjie. Wanneer die saad een ware blaar het, sny die swakker saailing teen die grond af.
- Spasieer plante 50 cm tot 1 m uitmekaar sodat die blare vinnig droog word nadat dit natgelei is of gereën het – dit maak hulle minder vatbaar vir meeldou.
- Plante het baie water by hulle voete nodig – te min en hulle gaan nie blom nie.

Probeer dié! 'Caserta'-murgpampoentjie en 'Scallop Blend'-vlapampopoentjie.

ANDER GROENTE WAT JY NOU KAN SAAI

Somerreënstreke Beet, blaarslaai, eiervrug, ertjies (in koeler gebiede), kool, mielies, pampoen, rabarber, radyse, seldery, soetrissies, spanspek, wortels.

Winterreënstreke Beet, blaarslaai, eiervrug, mielies, pampoen, rabarber, radyse, seldery, soetrissies, spanspek, wortels.


Laeveld en KwaZulu-Natalse kus Eiervrug, mielies, radyse, soetrissies.

NUUT IN KWEKERYE

Magiese mistiek

Salvia 'Mystical' is 'n nuwe meerjarige variëteit wat kompak is en goed uitsprei, en ook meer blomstele produseer as sy voorgangers. Dit is beskikbaar in suiwer wit of persblou en word 30-45 cm hoog en breed. Hulle floreer in sonnige beddings, in grond wat goed dreineer, en is hitte- en droogtebestand as hulle goed gevestig is. Die blomme lok bestuiwers en die lang blomseisoen van die lente tot vroegwinter maak hulle ideaal vir landskappe, klein tuine en potte. Verwyder dooie blomme om nuwe blomvorming aan te moedig en die plante netjies te hou.

KONTAK ballstraathof.co.za



Wit *Salvia*
'Mystical'



Alocasia 'Frydek'

MOOI VIR BINNE

Skakerings van groen

Alocasia 'Frydek' is 'n lieflike loofplant wat groot, fluweelagtige donkergroen blare met helderwit are vorm. Nog 'n aantrekkingskrag is die heldergroen nuwe blare wat verskyn en 'n kontras vorm met die donkerder volwasse blare. Dié plante groei tot 'n hoogte en breedte van 60-90 cm. Net soos ander *Alocasia*-variëteite floreer hulle in 'n warm vertrek met helder indirekte lig. Hou die grond deurlopend nat, maar nie deurdrenk nie. Omdat dit 'n tropiese plant uit die Filippyne is, hou 'Frydek' van hoë humiditeit – boots dié toestande na deur dit op 'n spoelklipbad te plaas of dit saam met ander binnenshuise plante te rangskik sodat jy 'n vogtige mikro-omgewing skep. >>

KONTAK lvplant.co.za



A-SHAK (PTY) LTD
REG. NO. 1968/000075/

Die oorspronklike Plasterkey.

Dekades lank vertrou deur kontrakteurs en DIY-entoesiaste.

Pasop vir namaaksels.

A-Shak (PTY) LTD
Quality Assured
Established 1958

PlasterKey® 25 L
Universal waterbased bonding aid

- Bonds plaster to smooth surfaces
- Improves non-structural bond of cement & gypsum plasters
- No more hacking and chipping of smooth surfaces
- Bonds to sound PVA surfaces
- Easy to use

1. MIX WITH WATER TO A THICK PASTE
2. MIX TO A THICK PASTE
3. APPLY WITH BRUSH OR ROLLER
4. SMOOTH WITH FLOAT
5. FINISH WITH TROWEL


VRA VIR LUDWIG

Knypsnœi

Betsie van Deventer van Boksburg skryf Ek het 'Duet', 'People's Princess' en 'Satin Beauty' as plukblomme geplant – om blomme vir die vaas te

hê én weg te gee vir vriende. Maar ek wonder tog of dit die groei van die roos beïnvloed as jy te veel blomme op een slag sny.

Ludwig antwoord Vermyn dit deur in September te "knypsnœi" – dit beteken jy knyp die sagte punte van ongeveer 30% van die nuwe lote af. Sodoende word blomvorming oor die hele seisoen versprei. Maar as jy dit nie gedoen het nie en die meeste van die blomme maak in dieselfde stadium oop, moenie meer as 50% van die blomme oor 'n tydperk van 'n week sny nie. As jy te dikwels te veel blomme van een bos pluk, kan dit tot wortelstres lei, tensy dit 'n baie hoë bos met baie blare is.

Omdat jy die maksimum aantal blomme wil pluk, moet die rose regdeur die seisoen gesond en vol blare bly. Dit beteken hulle moet gereeld water kry – minstens twee keer per week en in baie warm tye selfs daaglik. Gee ook elke maand voedsel om nuwe groei en blomme aan te moedig.

Die pes wat die grootste skade aan blomme aanrig, is blaaspootjie – begin in September daarvoor spuit wanneer die blomknoppe begin vorm. Hou aan om vir die res van die seisoen twee keer per maand voorkomend te spuit. 'n Maklike beheermaatreël is om Koinor te gebruik wat jy rondom die basis van die roos aanwend – die sistemiese werking daarvan hou vir tot ses maande.

KONTAK ludwigsroses.co.za


VRA VIR JJ

Raadop met my klimop

Julianne Tucker van Somerset-Wes skryf Ek het 'n kanarieklimop in my tuin wat heel vinnig gegroei het, maar nou sien ek donker kolletjies op die

blare. Selfs die nuwe blare wat verskyn, is vol spikkels. Wat kan ek gebruik om die plant te behandel?

JJ antwoord Jou kanarieklimop (*Senecio tamoides*) is besmet met swartvlek, 'n algemene swamsiekte. Verwyder eers die blare wat die ergste aangetas is, snoei omliggende struik om lugvloei te verbeter en behandel dan jou klimop met Copper-Flow-Plus, 'n kontakmiddel teen bakterieë en swamme. Herhaal elke twee weke, veral ná swaar reën.

KONTAK gardensbyjj.com



V: Wat is die naam van die geel blom wat voor in die bedding blom in Janine Pitt se tuin op bl. 96 van julle Junie | Julie 2026-uitgawe? – **Hester Kleinjan**

A: Dit is 'n aëronstaf (*Verbascum thapsus*), 'n tweejarige plant wat tot 2 m hoog kan groei met 'n stewige, regop, wollerige steel met 'n rits pieringvormige liggeel blomme in die somer van hulle tweede jaar. Janine sê as jy dit eers een keer in jou tuin het, sal jy altyd daarvan hê omdat hulle hulself baie maklik saai.



V: Ek is gaande oor die plant op die eiland in die Haasbroek-gesin se kombuis op bl. 39 van julle November 2025-uitgawe. Wat is dit? – **A.J. van Rooyen, Bettysbaai**

A: Dit is 'n bromelia wat die vaas- of kruikplant (*Aechmea fasciata*) genoem word. Hulle dra klein pers blommetjies met skouspelagtige helderpienk skutblare. 🏠



WEN! Een van vier Tafelberg-boeke ter waarde van R340 elk kan joune wees.

WEN: 'n Meesleurende reisverhaal waarin Jean Cooper en sy vriend De Witt vir drie maande per motorfiets deur Afrika ry, van Pretoria tot Spanje. Wat as 'n avontuur begin, ontwikkel vinnig tot 'n diepgaande reis deur uiteenlopende landskappe, geskiedenis en menslike ervarings. Die tog is vol fisieke uitdagings: dik sand, reënstorms, grensposte, tegniese probleme en onvoorspelbare paaie, maar ook oomblikke van gasvryheid en menslikheid. Deur Namibië se stilte en Angola se wonde word die skoonheid en pyn van die kontinent sigbaar. Terselfdertyd ontvou Cooper se innerlike reis. In die middel van 'n *midlife*-krisis bevraagteken hy sy identiteit, sy huwelik, begeertes en werk. Terwyl die vriende saam val, lag en volhard, word hulle gedwing om nie net Afrika nie, maar ook hulself en mekaar nuut te leer ken. **Die eerste vier lesers wie se korrekte blokraai ons trek, wen 'n eksemplaar van Jean Cooper se boek, *Waar die teerpad ophou*.**



Stuur die voltooide blokraai en jou kontakbesonderhede voor 15 Oktober 2026 na **Tuis-blokraai #194**, Posbus 1802, Kaapstad 8000, of skandeer jou ingevulde vorm en e-pos dit na kompetisie@tuis.co.za. *Sien ons kompetisiereëls op bl. 128.*

Naam Adres


Postcode Sel Tel. (w) E-pos

Sow Delicious Start-A-Garden-geskenkboks met saad vir eetbare blomme R599, Yuppiechef



Middelslag-Anduze-pot (46 cm H)
R2 795,
Block & Chisel

Madison-buistoeel
(beskikbaar in groen en bruin)
R5 990, Patio Warehouse



Polipropileenmat met veldblommotief
(150 cm B x 200 cm L) R1 150, India Ink

Tuinkopies

Saamgestel deur
Beatrice Moore-Nöthnagel

Ons hou hieraan!



Buiten hul vrolike materiale vir stoepsambrele en lêstoele het Atelier Annika pas 'n nuwe reeks buitepoewe (vanaf R3 250 elk) bekendgestel asook 'n beperkte aantal keramiekhouders met 'n kers (R995).



Scribble-plantpot met strepe (13 cm B) R129,99,
Mr Price Home



Deluxe-voëlvoerbak
R1 499, Iconomy



Latte-muurlig van aluminium en glas wat na bo en onder verlig
R1 245, K.Light

VERSKAFFERS Atelier Annika atelierannika.co.za Block & Chisel blockandchisel.co.za India Ink indiaink.co.za Iconomy iconomyonline.com K.Light klight.co.za Mr Price Home mrphome.com Patio Warehouse patiowarehouse.co.za Yuppiechef yuppiechef.com

• Ons laaik'it! •

TALENT, TALENT, TALENT!



Albert Pretorius

Frank Opperman

Margit Meyer-Rödenbeck

Nataniël

Leon Gropp

Sandra Prinsloo

Dean John Smith


Joshua na die Reën

en vele meer!

Skandeer vir meer inligting
en kaartjies



seatme



'n Kontoersloot-en-wegspelsel verskaf die meeste van die tuin se water. Die hoof-kontoersloot (*swale*) is 1,5 m breed en 30 cm diep en gevul met boombasstukkies – en loop omtrent oor die volle diagonale lengte van die tuin. Danksy dié sagte kontoere word afloopwater soos in 'n spons in die slote gehou.

WIE WOON HIER? Cavy en John Kelley met Meadow, die golden retriever; die katte Bageera en Baloo; Nando's, die hoenderhaan; drie makoue; 11 henn

WAAR Stanford, Wes-Kaap

GROOTTE VAN TUIN 1 998 m²

OUDERDOM VAN TUIN 5 jaar

GRONDTIPE Kleierige leem

'n Volhoubare Oase

In die rustige dorpie Stanford staan die Casa Blanca Farmstead waar Cavy en John Kelley 'n florerende permakultuurtuin geskep het.

Deur René Esterhuyse • Foto's Suné Esterhuizen

“Die tuin anker en kalmeer ’n mens,” sê Cavy.
“Daar’s verskillende kolle waar jy kan sit en die
natuur inneem. Ons ‘raadsaal’ is onder ’n lieflike ou
peperboom (*Schinus molle*) in die middel van die
tuin. Hier kry ons spikkelskaduwee waar jy in
die somer van die hitte kan ontsnap en in
die winter weer die lieflike sonskyn kan
waardeer. In elke rigting is daar die pragtigste
uitsigte oor die tuin.”



Wat vandag 'n weldeurdagte en selfversorgende tuin is in die sjarmante Overstrandse dorpie Stanford, was 'n stap-vir-stap-proses – en vir die bewakers van hierdie lappie grond was dit 'n liefdestaak.

Toe die Kelley-egpaar hul plek in 2021 gekoop het, was die tuin 'n oerwoud – oorgroei en verwaarloos met 'n moerasagtige kol aan die agterkant. Daardie deel van die tuin het baie skaduwee gekry, en saam met die kleierige grond en Stanford se hoë watertafel, veral in die winter, het dit in 'n amperse vleiland ontaard.

Cavy onthou: “Hier was voorheen 'n kwekery en die grond was goed in stand gehou, maar daarna is dit baie jare lank verwaarloos. Die natuur was besig om die tuin terug te neem.

“Die grond was omtrent heeltemal bedek met dik swart plastiek. Eers het ons dit nie raakgesien nie omdat 'n bolaag van 'n goeie 20 cm mettertyd bo-op die plastiek gevorm het. Toe ons begin skoonmaak, was die grond onder die plastiek byna so hard soos sement. Ons het die grond nuwe lewe probeer gee deur boombasstukkies, organiese materiaal en tuisgemaakte kompos in te werk.

“Die eerste nege maande het ons net plastiek verwyder, rankplante skoongemaak, die oorgroeide manatoka (*Myoporum insulare*) en witkaree (*Searsia pendulina*) op die aangrensende erwe teruggesnoei – en die vleiland in 'n dammetjie omskep.”



“Die dammetjie is 'n lewende mikro-ekostelsel en lok ons makoue na die huis toe – dit gee ons eindelose vreugde om te kyk hoe hulle in die vlak water peusel,” sê Cavy.

’n Permakultuurpartytjie

Cavy en John se tuinmaakreis by Casa Blanca het begin toe hulle permakultuur bestudeer het by Geoff Lawton, 'n kenner van die plaas Zaytuna in Australië. Hulle het etlike maande lank aanlyn met hom gekonsulteer terwyl die ontwerp van die tuin vorm aangeneem het.

“Ons eerste stap was om 'n piesangsirkel te bou – dis 'n permakultuurtegniek waar jy piesangbome rondom 'n komposgat plant,” vertel Cavy. “Ons het een naweek 'n 'permakultuurpartytjie' gehou waar familie en vriende beurte gekry het om die gat van 1 m diep en 2 m breed te grawe.

“Daarna het die grondwerk gevolg: kontoerslote (vlak kanale wat ontwerp is om water op te vang en stadig te laat dreineer) langs die paadjies, 'n wal (of dan berm) wat gebou word van afgekapte bome met klei uit die dam bo-op, en dan 'n deklaag van boombasstukkies bo-oor alles. Teen vroegsomer in 2022 het ons in alle erns begin plant.” >>

Dit hoef nie *perfek* te wees nie. Maak kompos van alles wat jy kan, gooi 'n *deklaag* en hou op om blare bymekaar te hark en weg te ry – die blare is die begin van 'n woud. Vertrou dat die natuur weet wat die beste is. – Cavy

WAT IS PERMAKULTUUR?

'n Tuin wat op die beginsels van permakultuur gegrond is, is selfvolhoudend en werk in harmonie met die natuur. John, wat tans 'n opleidingsassistent is vir Geoff se aanlyn kursus Discover Permaculture, beskryf dit as 'n etiese stelsel wat behels dat ons patrone in die natuur raaksien en dan volhoubare habitate skep wat saam met natuurlike prosesse werk. “'n Goeie permakultuur-stelsel produseer meer energie as wat dit gebruik. Dit kombineer

verskillende kweekmetodes, en alles wat die tuin nodig het – deklae, kompos, grond – word op die terrein gemaak.

“Om hulpbronne van dieselfde erf te gebruik is baie voordeliger as om byvoorbeeld kompos van êrens anders af in te ry. Basies gaan permakultuur oor doeltreffende hulpbronsiklusse en ontwerp met die oog op langtermyn-oorvloed met die minimum inmengery.”

“Ons lente-voëlverskrikker, Freda, is in 2024 gemaak vir die Stanford in Bloom-lentefeis en die Chelsea Flowers in Stanford-uitstalling toe ons hele hoofstraat se sypaadjies vol voëlverskrikkers was. Vanjaar sal Freda beslis 'n nuwe uitrusting kry!” sê Cavy.

Ek het 'n reputasie dat jy my in my *pajamas* tussen my *kruie* sal aantref. – Cavy

Dit verskaf die egpaar groot vreugde om heuning te oes. Hulle het tans twee vloeibyeekorwe waar wildebye oor die seisoene in- en uitgetrek het. 'n Vloeikorf het spesiale rame wat 'n mens in staat stel om heuning uit te haal sonder om die korf oop te maak. John oes die heuning met 'n rookmetode en die minimum toerusting, sodat die bye nie versteur word nie. “In ons eerste jaar het ons 16 kg uit net één korf geoes. Dit is so heerlijk, en elke keer as ons oes, is die smaak anders,” sê Cavy trots.

Volhoubaar en selfversorgend


“Ons droom was om 'n produktiewe tuin te skep en 'n kwekery waar ons kon wys hoe permakultuur en die ontwerp van 'n permakultuurtuin werk,” sê Cavy.

“John het gewerk aan die hoenderhok, kwekery, werkswinkel en somerhuisie, terwyl ek op die plante gefokus het: Ek het smeerwortel, komkommerkruid, sitroengras (*Cymbopogon citratus*), duisendblad (*Achillea millefolium*), laventel, roosmaryn en pietersielie (*Petroselinum crispum*) begin plant rondom die fokusbome om voedingstowwe op te gaar. Dit help ook met bestuiwing en dien as deklaagmateriaal en natuurlike pesbeheer.” Teen die tyd dat hulle die struktuur van die tuin gevestig het, het Cavy en John vir Patrick Bande, 'n jong permakultuur-entoesias, op die werf verwelkom.

Nou, met die vyfde kweekseisoen wat pas begin het, is die tuin 'n volhoubare en grootliks selfvoorsienende ekosisteem. Plantafval word as hoenderkos of 'n deklaag gebruik – óf dit word tot kompos verwerk. Die hoendermis dra voedingstowwe by tot die komposhoop, terwyl die “chop and drop”-metode – waar gesnoei plantmateriaal en takke gelos word op die grond waar dit val – 'n ekstra laag beskerming bied. Soos Cavy dit stel: “Niks wat lewe kan terugbring na die tuin toe, verlaat ooit hierdie erf nie.”

Noudat die tuin gevestig is, stel die Kelleys steeds die natuur eerste. Van deklae tot die aanplant van metgeselplante is altyd voorop in hul gedagtes, en maak deurlopend 'n groot verskil.





Geurorgideeboom
(*Bauhinia x blakeana*)



Grasui (*Allium
schoenoprasum*)



Sandwieg
(*Vicia villosa*)



Kappertjies
(*Tropaeolum majus*)



Inkalelie
(*Alstroemeria aurea*)

CAVY SE TOPWENKE

- Wees geduldig en let op hoe die son, wind en reën jou eiendom beïnvloed. Werk saam met die natuur, nie daarteen nie. Behalwe die kompos wat ons self maak, gebruik ons die anaërobie se bokashi-fermentasiemetode om kosafval en organiese materiaal in kompos te omskep. Ons het ook 'n wurmplaas.
- Probleme soos meeldou, roes of dopluise takel ons net met natuurlike produkte soos neemolie en koperseep.
- Plae beheer ons heeltemal natuurlik. Ons makoue en hoenders help om slakke en wurms te vang, en ons kies plante met eienskappe wat help om peste en plae te bestuur. Plante met 'n sterk geur, soos kappertjies, hou plae weg, terwyl inheemse wildeals weer plantluise van voedselgewasse af weglok en liewenheersbesies, wat op plantluise voed, na die tuin lok. >>



Wildemalva
(*Pelargonium graveolens*)



Lamstert
(*Verbascum x hibried*)



Gousblom
(*Calendula officinalis*)

Cavy en John ontspan graag in hulle tuin en is veral mal oor vroegoggende in die somer.



Besoek Stanford in Bloom!

Die Suid-Afrikaanse uitstalling wat vanjaar 'n goue medalje by die Chelsea-blommeskou in Londen verower het, word herbou by Stanford in Bloom (12-27 September 2026). Jy kan gedurende die fees ook John en Cavy se tuin besoek (slegs per afspraak; bel 071 352 1419). Vir meer inligting oor die fees, gaan na stanfordinbloom.co.za.

Cavy se gunsteling

Cavy se gunstelingplante is dié wat verskeie voordele en funksies in die tuin het. Elke plant word nagevors vir die medisinale waarde daarvan en die rol in die permakultuurstelsel. Sy kies ook plante wat bestuiwers lok en plaë die hasepad laat kies.

- **Granate** (*Punica granatum*) is droogtebestand en dra vrugte wat 'n magdom antioksidante bevat.
- **Komkommerkruid** (*Borago officinalis*) is 'n dinamiese opgaarplant (akkumuleerder) – 'n plant wat spesifieke voedingstowwe uit die grond absorbeer en in sy blare konsentreer. Dit lewer biomassa vir kompos en dra eetbare blomme waaroor baie gek is.
- **Lablabbone** (*Lablab purpureus*) is sterkgroeiende, eetbare plante wat in die somer en herfs geurige blomme dra. Dit ondersteun die spysverteringstelsel.
- **Laventel** (*Lavandula*-spp.) lok bye, verdryf plaë – en floreer boonop met baie min water!
- **Luffa cylindrica** is 'n rankplant wat natuurlike sponse dra wat jy in die kombuis en badkamer kan gebruik. Dit help ook met asemhalingsprobleme.
- **Roosmaryn** (*Rosmarinus officinalis*) lok bestuiwers en verdryf plaë. Dit het ook medisinale eienskappe: Dit help om spierpyn te verlig, versterk die immuun- en bloedsomloopstelsel, en kan ook as 'n haartonicum gebruik word.
- **Smeerwortel** (*Symphytum officinale*) bevat natuurlike groeihormone wat glo die genesing van bene en senings kan versnel. Dit dien ook as kitsdeklaag en hoenders kan dit nie weerstaan nie.
- **Tagasaste** (*Chamaecytisus proliferus* subsp. *palmensis*), ook bekend as boomlusern, is 'n pragtige treurboom wat wit ertjiebloeisels dra. Dit speel 'n rol in stikstofbinding in die grond en is uitstekende kos vir bye.
- **Kuskusgras** (*Chrysopogon zizanioides*) is 'n snelgroeiende grassoort wat digte polle vorm. Dit is 'n uitstekende deklaag wat stadig afbreek. Die vlugtige olie uit die wortels word gebruik vir stresverligting en om slaap te bevorder.
- **Vyebome** (*Ficus carica*) gee skaduwee en help om vog te bewaar. Hulle blare steel 'n seer keel en kan ook gebruik word om die heerlikste vrugtestrope te maak.
- **Wildeals** (*Artemisia afra*) is uitstekend vir spysvertering en die behandeling van hoes en verkoues. Dit verdryf ook ingewandswurms – vandaar die Engelse volksnaam “wormwood”.



Vinkel (*Foeniculum vulgare*)




Sandwieg is 'n stikstofbinder – dit voed omliggende plante deur ekstra stikstof in die grond vry te stel. Cavy sê haar hoenders lê ook graag weg hieraan!



LESERTUIN

Wildeals



Meerjarige basilie (*Ocimum basilicum*)

VEELDOELIGE KRUIE

Cavy is passievol oor kruie en hul genesende eienskappe. Sy kies kruie op grond van hul medisinale eienskappe: tiemie (*Thymus*-spp.) vir asemhalingskwale, sitroenkruid (*Melissa officinalis*) teen angs, laventel vir die kalmerende uitwerking daarvan, roosmaryn vir bloedsomloop en smalblaar-plantago (*Plantago lanceolata*) om bysteke te behandel. Met die kruie wat sy gekweek het, maak sy hidrosol (plantwater met spoorhoeveelhede vlugtige olies), tinkture (gekonsentreerde kruie-ekstrakte) en oksimels ('n tradisionele mengsel van heuning, kruie en asyn). Sy maak ook vars kruiebondels en het 'n verskeidenheid kruie en brandrissies vir gekeurde sout. Die kruie is ewe voordelig vir die tuin: Hulle lok bestuiwers, onttrek met hul wortels minerale uit die grond, en hul blare vorm 'n goeie deklaag. 🌱



Koringblom (*Centaurea cyanus*)



Vlierbessie (*Sambucus nigra*)



Laventel

WIE WERK HIER? Giselle Grace

WAAR Little Orchard Nursery,
Dieprivier, Wes-Kaap

GROOTTE VAN TUIN 400 m²

OUDERDOM VAN TUIN Amper twee jaar

GRONDTIPE Sanderig

OP DIE natuurlike manier

Giselle Grace kweek blomme en groente terwyl sy haar kennis met medetuiniers deel.

Deur Marié Brody • Foto's Jeandri Streicher



Kontrasterende blaarteksture is vir Giselle mooi. Sy plant vinkel (*Foeniculum vulgare*) of kantblomme (*Ammi majus*) met sagte veeragtige blare saam met dahlias (*Dahlia*-hibriede), wat weer 'n sterker blaarvorm het. In die skadu groei boslelies (*Clivia miniata*) met liniêre blare saam met boomfilodendron (*Philodendron selloum*) met groot blare. Vir haar staan plante in 'n bedding uit as daar kontras tussen die blare is. >>



In die lente en vroeësommer sorg madeiramalva (*Geranium maderense*) vir wolke pienkpers blomme.



Giselle plant *Ixia*- en *Freesia*-bolle vir blomme in die vroeë lente, en dahliaknolle vir blomme in die somer.



Toe Giselle Grace 'n kaal stuk grond sien lê by die kwekery waar sy werk, het sy die eienaar gevra of sy plukblomme daar kan kweek. Chris Slade van Little Orchard Nursery het ingewillig en voorgestel dat sy sommer ook 'n tuinskool begin. "Ek het my nie twee keer laat nooi nie!" onthou Giselle.

Die grond was oortrek met onkruid wat uitgetrek moes word voor hulle met die voorbereiding kon begin. Bakkievragte kompos, Eco Pellets (organiese pluimveebemestingkorrels), beenmeel, erdwurmkompos asook vulkaanstof, wat ryk is aan minerale, is by die grond ingewerk.

"Wanneer ek 'n bedding die eerste keer voorberei, spit ek altyd die kompos met 'n vurk in om seker te maak dit is in die boonste 30 cm van die grond versprei," vertel sy. "Daarna spit ek glad nie meer nie. Ek sit net die kompos bo-op neer. As 'n mens te veel aan 'n bedding spit, versteur jy die grondstruktuur. Ek is regtig passievol oor die verbetering van grond."

By fyn, sanderige grond wat nie baie waterhoudend is nie, werk Giselle growwer kompos in. Sy verduidelik: "Die groter stukke in growwer kompos werk soos 'n spons en neem die water op. Só verbeter dit die grond se vermoë om water te behou." >>

Niemand het ooit vir my gesê tuinmaak kan 'n beroep wees nie. Dis 'n wonderlike bedryf met soveel mense wat vrygewig is met hulle kennis. – Giselle



Giselle is mal oor pronkridderspore (*Delphinium elatum*). "Ek sal nooit vergeet hoe opgewonde ek was toe ek die plante aanlyn bestel het vir my eerste tuin in Stoke Newington in Londen nie."



Giselle het sover moontlik snippers van hout wat reeds op die eiendom was gebruik om tuinpaadjies te skep.



Vlaanderepapawer, ook klapproos genoem (*Papaver rhoeas*)



Kruie soos laventel, roosmaryn, marjolein, platblaar pietersielie en basiliekruid groei tussen die blomme in die beddings en word in die kwekery se restaurant gebruik. Giselle pluk dit ook vir blomrangskikkings.



Als bymekaar

Giselle het besluit om 'n verskeidenheid plante in die beddings te plant sodat mense wat die kwekery besoek en haar tuinskool bywoon, 'n idee kan kry van hoe 'n mens met verskillende plante kan tuinmaak.

Daar is plukblomme, krismisrose (*Hydrangea*-spp.), meerjariges, eenjariges vir seisoenale kleur, groente en kruie – alles bymekaar. “Van die plante het ek by die kwekery self gekry, ander het ek van steggies of saad gekweek,” vertel sy. “Ek probeer juis om te plant wat Little Orchard Nursery verkoop sodat kliënte kan sien hoe die plante in 'n tuin lyk en dan weet hoe om dit te groepeer en te kombineer.”

Verder plant sy ook rose in die beddings, veral dié met 'n ouwêreldse voorkoms, omdat dit vir haar die mooiste is.

“Ek plant graag Antico Moderno-rose wat herhaaldelik deur die seisoen blom. My gunstelinge in dié stadium is ‘Jude the Obscure’, ‘Abraham Darby’, ‘Pink Vintage’ en ‘Addo Heritage’. Ander rose in die beddings is ‘Garden and Home’, ‘Mushe Kirsh’, ‘Mister Lincoln’, en rose sonder name wat kliënte vir my gegee het.”

Daar is niks beter as om vir iemand
’n bos blomme uit jou eie
tuin te pluk of ’n gunstelingplant vir
’n medetuinier uit te haal nie. – Giselle

Vinkel

BESTUIWERS EN PLAAGBEHEER

Dit is vir Giselle belangrik om met haar plantkeuse bestuiwers tuin toe te lok en om peste en plae op 'n natuurlike manier in toom te hou. “Plante soos nieskruid (*Achillea filipendulina*), koringblommetjie (*Scabiosa incisa*), komkommerkruid (*Borago officinalis*) en laventel (*Lavandula*) lok bye en ander bestuiwers,” verduidelik sy. “Laventel en vinkel lok weer liewenheersbesies, wat plantluise verorber. En in November, wanneer dit warmer begin word, laat ek gaasvlieë met hulle delikate deurskynende vlerke asook roofmyte in die tuin vry.” Dié insekte, wat plantluise en rooispinnekop se getalle laag hou, kry sy by Real IPM, wat in biologiese plaagbeheer spesialiseer. >>



Wildemalva (*Pelargonium graveolens*) en 'Bright Lights'-blaarbeet (*links*) is dolgelukkig saam in 'n bedding met 'n deklaag van strooi wat die grond koel hou.



Vir meer inligting oor Giselle se tuinkursusse, besoek [instagram.com/giselle_grace_gardener](https://www.instagram.com/giselle_grace_gardener).

VERSKAFFERS

Eco Pellets [ecopellets.net](https://www.ecopellets.net)

Little Orchard Nursery [littleorchardnursery.co.za](https://www.littleorchardnursery.co.za)

Real IPM [realipm.co.za](https://www.realipm.co.za)

Dit kom van ver af

Giselle se liefde vir tuinmaak kom van haar ouma Valerie Grace af. “Van my vroegste tuinherinneringe is hoe ek haar in die tuin gehelp het en hoe opwindend dit was om saam met haar kwekery toe te gaan. Ouma Grace was baie lief vir krismisrose, pronkertjies (*Lathyrus odoratus*), rose en sintjosefslelies (*Lilium longiflorum*). Sy het dikwels steggies in tuine gepluk, wat vir my as kind 'n groot verleentheid was, maar nou doen ek dit ook!

“Ouma Grace het my geleer hoe om plante te kweek, en ook dat tuinmaak oor die deel en uitdeel van blomme en plante gaan.”

In haar twintigs het Giselle as 'n digitale projékbestuurder in Londen gewerk. Hier het sy bewus geraak van die Britse besonderse tuinkultuur.

“Ek was gek daaroor. Ek het tuinkursusse bygewoon en as vrywilliger by die liefdadigheidsorganisasie Thrive gewerk, wat my aan die konsep van terapeutiese tuinmaak bekendgestel het. Ek het ook gereeld die Kew Botaniese Tuin in suidwes-Londen besoek

waar my oupagrootjie Frank Grace opgelei is voor hy na die Oos-Kaap verhuis en 'n kwekery begin het.”

Met haar terugkeer na Suid-Afrika het sy haar liefde vir tuinmaak in 'n beroep omskep. “My eerste kliënt was 'n suksesvolle boer wat in Kaapstad afgetree het en my gevra het om sy tuin te onderhou. Hy was baie lief vir rose en ek moes seker maak daar was rose wat blom, want hy het elke Sondag vir sy ma daarvan gepluk. Hy het my na nog iemand verwys en só het my tuinbesigheid op dreef gekom,” vertel sy.

“Terwyl ek tuine vir kliënte beplant het, het ek ook besef hoe vinnig 'n tuin agteruitgaan as dit nie die nodige sorg kry nie. Dit is hoekom dit so belangrik vir tuiniers is om meer oor tuinonderhoud te leer. En dit is presies wat die Little Orchard-tuinskool doen. Ek bied elke ses weke 'n kursus aan waarin temas soos grondvoorbereiding, snoei, steggies maak, deklae, organiese plaagbeheer en seisoenale take bespreek word.” 📍



Inkalelie (*Alstroemeria aurea*)



'n Papawerknop op die punt
om oop te maak.



Tabakblom (*Nicotiana glauca*)




Feetjieprimula
(*Primula malacoides*)



Artisjok
(*Cyanara scolymus*)



Vingerhoedjie
(*Digitalis purpurea*)



Yslandse papawers
(*Oreomecon nudicaulis* sin.
Papaver nudicaule)



Leeubekkie (*Antirrhinum majus*)



Savoikool

*Doos,
wees,*

SUID- AFRIKA

bes!

KOEJAWELROOMYSKOEK

Resep op bl. 112

Ons neem 'n paar nostalgiese geure en ikoniese bestanddele uit eie bodem en gee dit 'n kinkel.

Deur Johané Neilson • Foto's ER Lombard

These colours and forms are inspired by the hand-embroidered Suzani textiles that

Baumann has brought to us from Uzbekistan CHANDLER HOUSE • Printed in Cape Town



GROENSLAAI MET
AMASI-SLAAISOUS
Resep op bl. 112

Koejawelroomyskoek

Dié roomysing kombineer die nostalgiese geure van ingelegde koejawel met ingedampde melk in een bevrore koek.

Maak 1 ringkoek • Voorbereiding: 20 minute plus vriestyd

- 4-6 ingelegde koejawelhelftes met 'n bietjie stroop (geblik of tuisgemaak, *sien onder*)
- 5 ml rooswater, opsioneel
- 1 blik (380 ml) ingedampde melk (Ideal), yskoud
- 1 blik (385 g) kondensmelk
- 100 g koekiekrummels (ons het Nuttikrust gebruik)

1 Verpulp die koejawels met 'n bietjie stroop. Jy benodig 400 ml puree. Meng die teelepel rooswater by indien gebruik. Smeer 100 ml van die puree onder in 'n geriffelde ringkoekpan, dit lyk baie mooi wanneer die koek uitgekeer word.

Wenk As jy nie 'n ringkoekpan het nie, kan jy die nagereg ook in 'n broodpannetjie vries en in skywe bedien.

2 Klits die yskoue ingedampde melk tot baie dik. Klits die kondensmelk en oorblywende koejawelpuree apart saam tot goed gemeng. Vou die koejawelmengsel by die geklitste melk in (behou soveel lug as moontlik) en skep in die ringkoekpan. Strooi die koekiekrummels in 'n gelyke laag oor en vries tot hard.

3 Keer die koek versigtig op 'n mooi bord uit en sit dadelik voor. Maak somer die bord ook in die vrieskas koud.

Ingelegde koejawels

Dollie gerus die stroop op met heel speserye soos pypkaneel en anyssterre vir variasie.

Maak sowat 2 x 1 liter-flesse

Voorbereiding: 30 minute • Kooktyd: 12 minute

- 500 ml suiker
- 750 ml water
- heel speserye van jou keuse, opsioneel
- 2 kg koejawels, geskil en gehalveer (verwyder die pitte as jy wil)

1 Roer die suiker en water in 'n kastrol oor matige hitte tot die suiker opgelos het. Hou op roer en laat die stroop vinnig kook vir 2 minute.

2 Plaas die koejawelhelftes (en heel speserye, indien gebruik) in die stroop en bring weer tot kookpunt. Verlaag die hitte sodra dit begin kook en laat prut vir sowat 10 minute. Hou dop, die vrugte moenie pap kook nie.

3 Pak die koejawels in gesteriliseerde flesse en giet die stroop oor. Gebruik 'n gesteriliseerde toetspen om lugborrels langs die rande uit te laat – dit verleng die rakleefyd. Verseël die bottels dadelik, laat afkoel en hou in die spens. Die geur verbeter as dit 'n week of wat staan.

Groenslaai met amasi-slaaisous

Maak die ligte amasi-slaaisous vir jou volgende bring-en-braai met slaai!

Genoeg vir 6 as bykos • Voorbereiding: 15 minute

- 2 koppe cos-blaarslaai, stingels afgesny en in blare gebreek
- 1 klein komkommer, dun gesny
- 3 murgpampoentjies, ook dun gesny
- ½ rooiui, dun gesny
- 1 ryp avokado, geskil en in stukkes gesny
- 100 g southkaramel-neute, gekap (*sien wenk*)

AMASI-SLAAISOUS

- 200 ml amasi
- 30 ml romerige mayonnaise
- 5 ml ligbruinsuiker
- 15 ml witwynasyn
- 10 ml korrelmosterd
- ½ knoffeltoontjie, gerasper
- 125 ml vars dille
- 60 ml platblaarpetersielie

1 **Maak eers die slaaisous** Gebruik 'n staafmenger om die bestanddele vir die slaaisous saam te verwerk tot glad. Hou 'n paar dilleblaartjies uit vir garnering as jy wil. Geur na smaak met sout en varsgemaalde swartpeper en proe en besluit of die balans reg is. Dit is nou die tyd om 'n ekstra knippie suiker of 'n lepel mayon by te voeg as jy wil.

2 Sit die slaai in blare, komkommer, murgpampoentjie en ui op 'n opdienbord en giet die helfte van die slaaisous oor. Meng driftig deur. Voeg die avo en neute by, strooi die behoue kruie oor vir die mooi en bedien met die ekstra sous in 'n bakkie vir selfhelp.

Wenk

Ons het 'n pakkie Snackademia Gourmet Roasted Honey-Flavoured Macadamia Nuts geskenk gekry voor die fotosessie en dit in die slaai geniet. Padkos se Salted Caramel Cashews by Checkers is net so lekker, of kap 'n grondboontjiekraaklekkerstafie ("peanut brittle") in brokke vir 'n bekostigbaarder alternatief om daardie lekker soet-sout knars in die slaai te kry.

Hoender-saté-baguette

Onthou jy nog die seuntjie met nege lewens uit die ou katjebotter-advertensies in die 1990's? As kind wou ek ook rampspoed ontdek met net een hap van 'n toebie! Hierdie Thais geïnspireerde hoender-saté-“sub” is daardie selfde grondboontjebotterbroodjie – dit het net grootgeword.

Genoeg vir 2 reuse- of 4 gewone porsies • Voorbereiding: 20 minute • Gaarmaaktyd: 10 minute

- 12 mini-hoenderfilette
- 15 ml olyfolie
- 1 lang baguette (2 kortes sal ook werk)
- 'n smeersel romerige mayonnaise, opsioneel
- sappige blaarslaai en skyfies komkommer vir opdiening
- 1 avokado, in skyfies gesny en met suurlemoensap besprinkel vir opdiening

SATÉ-SOUS

- 80 ml gladde grondboontjebotter
- 30 ml laesout-sojasous
- 2 cm-stuk vars gemmer, gerasper
- 15 ml heuning (of ligbruinsuiker)
- 15 ml sriracha (of rooikerriepasta as jy 'n oop botteltjie in die yskas het)
- 30 ml kookwater
- 'n paar druppels vissous
- 15 ml vars lemmetjiesap
- 60 ml geroosterde grondboontjies, gekap

1 Maak eers die saté-sous Klits al die sousbestanddele behalwe die grondboontjies saam tot glad en hou eenkant.

2 Maak nou die vulsel Meng die hoender met die olyfolie en geur met 'n knippie sout en as jy wil, varsgemaalde swartpeper. Verhit 'n dikboompan tot lekker warm en braai die hoender in 'n enkellaag tot die onderkant mooi kleur het. Draai die hoender een keer om en braai weer vir 'n minuut of twee. Giet die sous in die pan en roerbraai die hoender tot dit gaar is. As die sous te vinnig te veel verdik, gooi 'n skeutjie water by. Strooi die grondboontjies oor.

3 Sny die broodrolletjies oop en rooster in 'n droë pan. Jy kan 'n smeersel botter vir ekstra kleur byvoeg as jy wil.

4 Vul die warm broodjies met 'n smeersel mayo (indien gebruik), blaarslaai, komkommer en avo en skep die hoender en enige pansous bo-op. Vou toe en vat vas – die broodjies is baie lekker terwyl die hoender nog warm en die slaai koud is! >>





Tuisgemaakte brandrissiesous

My man, Allister, en ons peetkind Rebecca het saam dié sousresep bedink om ons brandrissie-oes te verwerk. Ons hou die rou brandrissies in die vrieskas tot daar genoeg is om sous te kook. Die rissies ontfries blitsvinnig. Die sous is lekker in en op amper alles as jy hou van byt in jou kos. (Dankie vir die inspirasie, Jamie Oliver!)

Maak sowat 1 liter sous • Voorbereiding: 40 minute
Gaarmaaktyd: 30 minute

- 16 lang, matig sterk rooi brandrissies, grofgekap (verwyder die pitte as jy wil)
- 3 klein snoep-soetrissies of 1 groot rooi soetrissie, grofgekap
- 4 knoffeltoontjies, grofgekap
- 2 wituie, grofgekap
- 45 ml olyfolie
- 10 ml paprika
- 'n knippie heel komynsaad
- 15 ml ligbruinsuiker
- 'n knippie gedroogde marjolein
- 'n ruim knypie sout
- 4 rooierp tamaties, grofgekap
- 1 botteltjie (330 ml) droë sider (ons het Savannah gebruik)
- 125 ml appelasyn
- 'n paar druppels rookgeurmiddel ("liquid smoke", sien onder), opsioneel

Het jy geweet?

"Liquid smoke" is 'n wateroplosbare geurmiddel wat 'n rookgeur aan kos gee sonder dat dit oor 'n oop vuur gerook word. Dit is baie gekonsentreerd en slegs 'n paar druppels is genoeg.

1 Pols die brandrissie, soetrissie, knoffel en ui saam in 'n voedselverwerker tot fyngekap.

2 Verhit die olyfolie in 'n pan en voeg die rissiemengsel, paprika, komyn, suiker, marjolein en sout by. Braai rustig vir ongeveer 10 minute.

3 Verwerk intussen ook die tamaties, 'n skeut sider en die appelasyn saam en giet in die pan met die rissiemengsel.

4 Laat prut die sous rustig vir 20 minute. Vul die vloeistof met die oorblywende sider aan as dit te droog kook.

5 Pols die sous vir oulaas in die voedselverwerker om 'n gladde sous te verseker. Proe en geur met 'n knippie sout en die rookgeurmiddel (indien gebruik). Giet en verseël in gesteriliseerde bottels. Bêre in die yskas.

GEBRUIK DIE SOUS SÓ

Bekbrand-hoenderkwarte

Peri-peri-hoender is nie uit eie bodem nie, maar beslis baie tuis as deel van ons braaivleisrepertoire. Dié bekbrand-hoender is matiger as die ware Jakob omdat dit nie van Bird's Eye-rissies gemaak word nie en ook soetrissie bevat.

Marineer 4 **hoenderkwarte** in 60 ml van die **tuisgemaakte brandrissiesous**, verdun met 30 ml afgekoelde **kookwater** en 15 ml **olyfolie**. Vryf die hoender met die marinade in en sit oornag in die yskas. Laat die hoender die volgende dag toe om kamertemperatuur te bereik en braai dan stadig oor matige kole tot gaar – verf gerus met die orige marinade of selfs 'n nuwe skeutjie brandsous. Onthou 'n strooisel **sout** en **varsgemaalde swartpeper** na smaak. Braai ook 'n deurgesnyde **suurlemoen** se snykant oor die kole en druk die warm sap oor die gaar hoender net voor opdiening.

Steurgarnale met romerige brandrissiesous

Knip 1 kg **steurgarnale** se doppe al langs die rugkant oop en haal die dermpie uit. Verdun 30 ml van die **brandrissiesous** met 15 ml **olyfolie** en vryf die garnale in die gesnyde gleuf en oraloor daarmee in. Verhit 'n ruim klont **botter** in 'n dikboompan tot skuimerig en braai die garnale vinnig oor hoë hitte tot pienk en alkant opgekrul. (Net 'n paar minute aan 'n kant, oppas vir oorgaarmaak!) Druk die sap van 'n halwe **suurlemoen** oor, geur met 'n knippie **sout** en skep uit. Braai nog 30 ml **brandrissiesous** vir 'n minuut in dieselfde pan, roer 200 ml **dikroom** by en verhit tot deurwarm. Kook 'n paar minute tot lekker dik en ryk. Sit saam met die garnale en **geelrys of vars broodrolletjies** voor om die sous mee op te vee. **Wenk** Die sous is ewe lekker saam met pangebraaide hoenderrepijs of -lewertjies in plaas van die garnale. >>





Rooibos-chai-melktert

Dié melktert smaak soos soet, melkerige rooibosteel! Vir 'n ryker weergawe, vervang 250 ml van die melk met room.

Maak 1 melktert • Voorbereiding: 40 minute • Gaarmaaktyd: 1 uur • Oondtemperatuur: 180 °C

- 1 rol (400 g) bevrore blaardeeg ("puff pastry"), ontvries
- 'n bietjie melk vir verglansing
- kaneelsuiker vir oorstrooi

MELKVULSEL

- 600 ml melk
- 1 rooibos-chai-teesakkie (ons het Carmiën se Cooking Teabags in Spicy Rooibos Masala Chai gebruik)

- 1 stuk pypkaneel
- 60 ml koekmeel
- 80 ml suiker
- 60 ml koue botter, in blokkies gesny
- 2 eiers
- 5 ml vanieljegeursel

1 Maak eers die kors Rol die blaardeeg effens dunner uit en sny 'n sirkel daaruit wat groot genoeg is om 'n blikbord mee uit te voer. Gebruik die oorblywende deeg om stroke so breed soos die rand van die blikbord te sny. Dit is so 'n bietjie soos legkaart, bou om die stukkie deeg te maak werk. Verf die bord se rand met water en plaas die stroke deeg daarop om die rand te bedek. Voer die bord met die deegsirkel uit en druk dit liggies op die deegrand vas om die kors te vorm. Die rand het nou 'n dubbel-laag deeg wat mooi sal oppof in die oond. Verkoel die deeg terwyl die oond verhit.

2 Bak die kors blind Voorverhit die oond. Prik die koue deeg met 'n vürk. Voer die deeg met 'n vel bakpapier uit en vul dit met rou bone as gewig. Dié metode keer dat die deeg vorm verloor terwyl dit bak. Verf die deegrand met 'n bietjie melk vir glans en bak die kors so met die bone en bakpapier vir 15 minute. Verwyder die bone en bakpapier en plaas vir 5 minute terug in die oond. Nou is die kors reg vir vul.

3 Maak die vulsel Verhit die melk, teesakkie en pypkaneel saam tot net onder kookpunt. Verwyder van die hitte en laat toe om 'n rukkie te trek. Sodra dit mooi kleur het, verwyder die teesakkie en kaneelstokkie.

4 Meng die meel en suiker saam in 'n mengbak en klóp die warm-melkmengsel in 'n dun straaltjie daarby met 'n draadklitser. Giet die vla terug in die kastrol waarin die melk gekook het, bring tot kookpunt en laat prut oor matige hitte vir sowat 5 minute of tot verdik terwyl jy aanhoudend roer. Verwyder van die hitte en roer die botter blokkie vir blokkie by. Sodra die vulsel koud genoeg is, klóp die eiers een-een by, gevolg deur die vanieljegeursel.

Pasop As die vulsel te warm is, gaan die eier gaar raak en gaan jy roëreier maak.

5 Giet die voorbereide vla in die blindgebakte kors en bak vir sowat 30 minute of tot opgepof en goudbruin. Strooi kaneelsuiker oor sodra die tert uit die oond kom en laat afkoel tot loutwarm voordat jy dit voorsit. >>



Pap-‘arancini’

Hierdie balletjies is heerlik saam met boerewors en tamatiesmoor, en perfek as jy ’n bietjie wil uithaal en wys by die plankiebraai waar almal snoep-snoep van die rooster af eet!

Maak 18 balletjies • Voorbereiding: 1 uur, plus afkoeltyd • Gaarmaaktyd: 45 minute

- 500 ml hoenderaftreksel
- 500 ml mieliemeel
- 15 ml botter
- 125 ml gerasperde parmesaankaas
- 18 blokkies mozzarellakaas, elk so 1 x 1 cm groot
- sowat 100 ml koekmeel
- 2 eiers, geklits
- olie vir diepbraai

1 Bring die aftreksel tot kookpunt in ’n middelslagkastrol en klits 250 ml van die mieliemeel geleidelik by terwyl jy heeltyd roer om klonte te voorkom. Sodra die pap glad is, draai die hitte op laag, sit die deksel halflyf op die pot en laat prut vir 20 minute of tot die pap lekker dik is en begin wegtrek van die pot se rand. Roer gereeld.

2 Smeer ’n reghoekige vlak pan met die botter. Roer die parmesaankaas by die pap en keer warm uit in die voorbereide pan. Laat effens afkoel, die pap sal stol as dit afkoel, en makliker in balletjies rol. Dit hoef nie heeltemal koud te wees nie – sodra dit vorm behou, sal dit maklik rol.

3 Sny die plaat afgekoelde pap in 18 blokkies. Werk met een blokkie op ’n slag: Sit dit in die palm van jou hand, sit ’n blokkie mozzarellakaas bo-op en vorm dit in ’n netjiese hapgrootte balletjie met die kaas in die middel. Herhaal met die res van die blokkies.

4 Rol die balletjies in die koekmeel, dan in die eier en laaste in die oorblywende mieliemeel. Sit die balletjies vir 30 minute in die yskas om te verstewig.

5 Diepbraai die koue balletjies in warm olie tot bros buite en deurwarm. Sit warm voor met tamatiesmoor (*sien onder*) en boerewors.

Tuisgemaakte tamatiesmoor

Die smoor is heerlik saam met pap en boerewors of, natuurlik, in ’n boereworsrolletjie! Die resep verdubbel maklik as jy meer op een slag wil maak en vries.

Maak 800 ml sous • Voorbereiding: 40 minute • Gaarmaaktyd: 35 minute

- 30 ml olyfolie
- 2 rooiuie, gekap
- 1 rooi soetrissie, gekap (opsioneel, maar heerlik!)
- 2 knoffeltoontjies, fyngekap
- 2 cm-stuk vars gemmer, geskil en gerasper
- 15 ml bruinsuiker
- 15 ml tamatiepasta
- 2 blikke (410 g elk) gekapte tamaties
- ’n lourierblaar of twee

1 Verhit die olyfolie in ’n dikboompan en braai die ui stadig tot sag en geurig. Roer die soetrissieblokkies (indien gebruik), knoffel en gemmer by en braai nog ’n paar minute saam tot die ui net begin kleur kry.

2 Roer die suiker en tamatiepasta by en braai vir 2 minute saam. Voeg laaste die gekapte tamaties en lourierblaar by. Spoel die blikke met ’n bietjie water uit en giet ook by. Geur ruim met sout en varsgemaalde swartpeper en laat prut rustig saam vir so 20 minute of tot dik en ingedamp. Ek hou van ’n skeutjie rooiwysasyn by; proe en besluit. 🏠

Springbokpastei

met 'n slapdeegkors

As jy 'n jagter in die familie het, is bene afkook vir fynvleis deel van die tradisie! Hier is ons twee-deel-resep vir fynvleis en 'n pasteikors gemaak met slap deeg.

Deur Johané Neilson • Foto's ER Lombard

Maak 2 pasteie (genoeg vir 12 porsies elk) • Voorbereiding: 1 uur • Gaarmaaktyd: 'n hele paar uur
Baktyd: 30 minute • Oondtemperatuur: 180 °C



FYNVLEIS

- 4 kg springbokstowe vleis met bene
- 1 gerookte varkskenkel (eisbein)
- 125 ml bruinasyn
- 2 blokkies biefaftrekselpoeier
- 5 ml heel peperkorrels
- 5 ml heel naeltjies
- 5 ml jenewerbessies
- 2 anyssterre
- 1 kaneelstokkie
- 'n takkie lourierblare
- sowat 2 liter water

1 Sit die vleis in 'n groot pot en voeg die res van die bestanddele by. Maak seker die vleis is net-net bedek met vloeistof. Bring tot kookpunt, draai dan die hitte na matig tot laag en laat prut bedek vir minstens 3 uur of tot die vleis van die bene loskom. (Ná 3 uur is die vleis gaar en kan dit van die been gevlok word; rafelsagte vleis neem langer.)

Wenk Bind die heel speserye in 'n moeseliennappie toe, dan is dit makliker om dit later te verwyder.

2 Dreineer die vleis uit die aftreksel (hou eenkant) en laat afkoel tot hanteerbaar. Vlok die springbok- en varkvleis apart en gooi die bene weg. Om die skenkel is daar 'n lekker vetjie, kap dit saam met die vel fyn en hou eenkant vir die vulsel (*sien onder*). Meng die fynvleis saam en verdeel in twee. Vries die een helfte vir 'n ander dag.

VULSEL

- 125 ml gekapte gaar skenkel en -vet (*sien bo*)
- 2 uie, fyngekap
- 3 knoffeltoontjies, gekap
- 30 ml appelkooskonfyt
- 15 ml worcestersous
- 'n ruim knypie witpeper
- 500 ml behoue aftreksel
- 30 ml mielieblom
- sowat 1 kg bereide fynvleis (*sien bo*)

3 Verhit die skenkel en -vet in 'n pan en braai die ui stadig in die vet tot glansend en gaar. Roer die knoffel by en braai vir nog 'n paar minute. Roer die konfyt en worcestersous by en geur met witpeper. Roer die aftreksel by en verhit tot deurwarm. Meng die mielieblom met 'n bietjie water om 'n pasta te vorm en verdik die sous hiermee.

Wenk As die skenkel nie genoeg vet aan die been het nie, kan jy dit met 200 g gesnipperde spek vervang en 'n skeutjie olyfolie byvoeg vir braai.

4 Meng die sous met die fynvleis, proe en maak seker dit is goed geur met sout en peper. Skep in 'n pasteibak.

PROBEER ANDER SOORTE VLEIS

Ander soorte wild soos koedoe of blesbok maak ook heerlike fynvleis. As die vleis 'n "wilde" geur het, is dit 'n goeie idee om dit af te spoel en met 'n asynlappie af te vee voor dit pot toe gaan. Wildsvleis kan ook vir 'n dag of twee in melk, karringmelk of rooiwijn gemarineer word. Marineer dit altyd in die yskas in 'n houer wat nie met die suur in die marinade sal reageer nie, soos glas, erd of emalje. Draai die vleis dan en wan om.



**SLAP DEEG**

- 375 ml (1½ k) koekmeel, gesif
- 10 ml bakpoeier
- 'n knippie sout
- 2 ekstragroot eiers
- 180 ml canola- of sonneblomolie
- 200-250 ml melk
- 1 ui, in ringe gesny vir mooimaak
- 'n paar lourierblare (opsioneel)

5 Voorverhit die oond. Sif die meel, bakpoeier en sout saam. Voeg die eiers, olie en 200 ml melk by en klits tot glad. As die beslag te dik is, klits die ekstra melk in bietjies by tot die beslag so dik is soos dikroom.

6 Giet die beslag oor die vulsel in die oondbak, versier met uieringe en lourierblare (indien gebruik) en bak vir 30 minute of tot mooi goudbruin en opgepof. Bedien warm uit die oond! 🍴

Kos is op die tafel!



Tamatie-en-feta-pasta

Onder R165 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 25 minute
Gaarmaaktyd: 20 minute • Oondtemperatuur: rooster

- 400 g gemengde kersietamaties, dieselfde grootte gesny
- 4 heel knoffeltoontjies
- 200 g fetakaas, in dik vingers gesny
- 60 ml olyfolie
- 5 ml ligbruinsuiker
- 3 ml elk rissievlokkies en origanum
- 400 g pastaskroewe, gekook tot al dente
- 125 ml varsgerasperde parmesaankaas
- 'n strooisel vars basilieblare

1 Voorverhit die oond se roosterelement. Sprei die tamaties in 'n enkellaag in 'n oondbak uit saam met die knoffeltoontjies en fetakaas. Sprinkel die olyfolie oor en geur met sout en vars-gemaalde swartpeper asook die suiker, rissievlokkies en origanum. Rooster vir 10 minute. Roer deur en rooster vir nog 5-10 minute of tot die tamaties oopgebars het en die feta oraloor mooi goudbruin is.

2 Druk die tamaties fyner met 'n aartappeldrukker. Maak seker jy kom ook die knoffel by; van die tamaties kan heel bly vir tekstuur.

3 Meng die warm pasta deur die gebakte tamatiesous saam met die parmesaankaas en basilie. Sit warm of by kamertemperatuur voor.



Marokkaanse hoender-koeskoes

Onder R135 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 30 minute
Gaarmaaktyd: 15 minute

- 250 ml koeskoes
- 15 ml olyfolie
- ½ rooiui, gekap
- 250 ml hoenderaftreksel, kokend warm
- 300 g mini-hoenderfilette
- 2 ml elk borrie, fyn
- komyn, koljander en kaneel
- 1 blik (400 g) kekerertjies, afgespoel
- 1-2 wortels, geskil en gesnipper of gerasper
- 80 ml korente of sultanas
- 125 ml sagte kruie (pietersielie, ment en basilie), grofgekap
- 60 ml gemengde sade (sesam, pampoen en sonneblom), gerooster
- suurlemoensap na smaak

1 Meng die koeskoes met 5 ml olyfolie en roer goed deur. Voeg die ui by, skink die aftreksel oor en bedek om te stoom vir 5 minute.

2 Meng die hoender met die oorblywende olyfolie en die speserye. Verhit 'n pan tot lekker warm en panbraai die hoender tot gaar, sowat 5 minute. Roer die kekerertjies by en verhit tot deurwarm. Geur met sout en vars-gemaalde swartpeper.

3 Woel die koeskoes se korrels los met 'n vurk en meng met die hoender en kekerertjies, wortel, korente en kruie. Skep in 'n mooi opdienbord en strooi die geroosterde sade oor. Sit voor met vars suurlemoensap na smaak. >>

ZAAN SONNEKUS & TASCHÉ

met SOSSI | **7 OKT**

SPOEGWOLF

met VAN DER AVEN | **8 OKT**

BOOSHLE G.

met TATUM TIDES | **9 OKT**

JEREMY LOOPS

met TESSI NANDI | **10 OKT**

HEKKE OPEN 17:00

JAN MARAIS PARK

QUICKET





Italiaanse aartappelslaai met tuna

Onder R185 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 45 minute
Gaarmaaktyd: 25 minute

- 6 middelslag-aartappels, gewas
- 6 songedroogde tamaties in vinaigrette
- 30 ml olyfolie
- ½ rooiui, dun gesny
- 100 g olywe, ontpit en grofgekap
- 15 ml kappertjiesaad ("capers")
- 80 ml sagte kruie (pietersielie, vinkel en basilie is lekker), grofgekap
- 2 blikkies (170 g elk) tuna, gedreineer
- 2 ryp avokado's, in blokkies gesny en met suurlemoensap besprinkel
- 8 eiers, saggekook, afgedop en gehalveer

- 1 Kook die aartappels tot sag, dreineer en laat afkoel tot hanteerbaar. Skil die aartappels en breek in hapgrootte stukke. (Jy kan die aartappels ook skil, kleiner sny en in soutwater kook as die tyd knyp!)
- 2 Dreineer die tamaties (hou 30 ml van die vinaigrette) en snipper met 'n skêr. Meng met die behoue vinaigrette en die olyfolie en meng dan deur die warm aartappels. Voeg ook die ui, olywe, kappertjiesaad en kruie by en laat staan.
- 3 Geur die tuna na smaak met sout en vars gemaalde swartpeper. (Jy kan ook 'n skeutjie brandrissiesous of mayo byvoeg as jy wil.)
- 4 Skep die geurige aartappels in 'n diep slaai bak en voeg die avo en lepels vol tuna by. Eindig met die eierheltes en sit voor.



Varkfrikkadelle met komkommerslaai

Onder R130 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 30 minute
Gaarmaaktyd: 10 minute

- 1 middelslag-wortel, geskil en grofgekap
- 2 sprietui, wit en groen dele apart gekap
- 2 cm vars gemmer, geskil en gekap
- 1 knoffeltoontjie, gekap
- 10 ml sesamolie (die geroosterde soort)
- 3 eiers
- 450 g varkmaalvleis
- 125-200 ml pankobroodkrummels
- olyfolie vir vlakbraai
- gestoomde rys vir voorsit
- komkommerslaai vir voorsit (*sien wenk*)

1 Pols die wortel, wit gedeeltes van die sprietui, gemmer, knoffel en sesamolie saam tot fyngekap. Meng die fyn groentemengsel en 'n eier by die maalvleis. Voeg die panko by en werk die mengsel met jou hande deur tot goed gemeng. Geur na smaak met sout en vars gemaalde swartpeper.

2 Vorm die maalvleismengsel in 12 ewe groot balletjies en druk elk effens platter. Klits die oorblywende 2 eiers saam. Doop die frikkadelle een vir een alkant in die eier en vlakbraai oor matige hitte in 'n bietjie olie tot goudbruin en net gaar. Werk in sarsies.

3 Skep die frikkadelle uit en braai die oorblywende geklitste eier in die pan om 'n dun omelet te vorm. Rol dit op, skep uit en sny in dun skyfies. Sit die omeletskyfies saam met die frikkadelle, rys en komkommerslaai voor.

Wenk Sny 1 middelslag-komkommer in hapgrootte stukke, strooi sout oor en laat staan vir 10 minute. Druk die komkommer droog en meng dit dan met 1 gerasperde wortel, 15 ml laesout-sojasous, 5 ml sesamolie (geroosterde soort), 'n knippie elk rissievlokkies en strooisuiker en 30 ml geroosterde saadjies (sesam, pampoen en sonneblom). Laat die slaai vir 10 minute marineer voor jy dit voorsit. 🏠

die koningskos Kaasburger



Dink Flink. Kies Varkvleis!

Gebruik jou resep vir jou gunsteling-hamburger en maak dit onweerstaanbaar. Kikker dit op met vars varkmaalvleis. Dis sappig en propvol geur, elke keer.

Wat is 'n slim keuse? Vleis wat lekker smaak. Eindelose veelsydigheid. Goeie voedingswaarde. Bekostigbare onthaalkos. Wat ookal jy kies, begin gerus hier.



www.sapork.co.za



Kos & drank

Deur Johané Neilson • Foto's verskaf



Vreugde met vrugte

Koel in die warmer weer af met Mr Price Home se koeldrankglase (R69,99 elk) en bypassende skinkbeker (R299,99) met verhewe kersieversierings. Gaan na mrphome.com.




NEEM MY OP VLERKE!

Maak 'n bottel vonkelwyn oop en transformeer die kurk tot 'n kunswerk met die koperversierings van Chandler House se *Champangelle* (R400, chandlerhouse.co.za). Só leef die gees van die wyn voort lank nadat die bottel leeg is.

Probeer die heerlike Nuy Mimosa Orange Sparkling Spritzer (R100 vir 'n pak met 4, nuywinery.co.za) in sy blikkie versier met een van Hildegard Reyneke, 'n kunstenaar van De Doorns, se kunswerke.



William Morris At Home-beker (*links*; 500 ml, R599) en Halo Retrobloom-lapoortreksels vir bakke (R799 vir 'n stel van 3) yuppiechef.com



Die Durbaniet Nokx Majozi woon in Londen, maar vier haar Suid-Afrikaanse wortels in haar eerste kookboek, *The South African Cookbook* (R430, Bloomsbury/Jonathan Ball Publishers). Sy gebruik haar internasionale ervaring om nuwe lewe te blaas in Suid-Afrikaanse streekskos, wat wissel van geurige Kaaps-Maleise hoenderkerrie tot haar legendariese pasteie. Dié inspirerende gids propvol foto's is gemik op tuiskokke wat Suid-Afrika se ryk en uiteenlopende koserfenis op die proef wil stel.

HY BYT!

Die Eswatini-brandrissiehandelsmerk Black Mamba spog met 'n nuwe voorkoms. Met kleinboere wat rissies volgens herlewingslandboubeginsels kweek as vennote, belooft die eienaars die reeks bevat slegs organiese bestanddele en "geen bygevoegde nonsens nie". Ons is mal oor die Chilli Crunch (R64,90). Besoek blackmambachilli.com vir hulle reeks warm sousse, smere, blattjans en nog baie meer.





VLAMLEKKER



Kevin Grobler en Johané Neilson



“Die vlamgeroosterde char siu-varklies met mielies en taai hoisinreduksie is my gunsteling,” sê Johané.

Smeul, in die kelder van die Zomerlust-boetiekhotel in die Paarl, is ’n intieme restaurant waar die sjef Kevin Grobler moderne kos voorsit wat oor ’n oop vlam en op Dover-houtstowe gemaak word. Die à la carte-spyskaart kombineer komplekse Oosterse invloede met tuisgemaakte gefermenteerde bestanddele. Spesialiteite sluit in blitsgemarineerde lynvis, ’n 600 g-bees-assiette en ’n elegante blomkoolrisotto met saffraanskuim. Bespreek by zomerlust.co.za.



Tafeldoek met inheemse botaniese motiewe (140 x 250 cm) R2 200, khizadecor.co.za

Proe en peusel

Die Backsberg-proelokaal in die Franschoekvallei kombineer ’n lieflike uitsig op die Mont Rochelle-berg met volhoubare ontwerp. Hier kan jy wynproeë geniet wat met spesiaal vervaardigde sjokolade en plaaslike peuselborde gepas word. Elke Saterdag vanaf 12:30 wag die “Braai met Backsberg” – met geregte wat oor die vuur gaargemaak en saam met hulle heerlike wyne voorgesit word (R350 per persoon). Bespreek by backsberg.co.za.

BOTTELS VOL BAARDSKEERDERSBOS

Caroline Rillema, bekend vir die spogwyne wat sy by haar Caroline’s Fine Wine Cellar-winkels in Seepunt en Tokai verkoop, het haar Celestina Agulhas White 2024 (R395, carolineswine.com) gemaak met gelyke dele sauvignon blanc- en sémillon-druive van haar klein plasie op Baard-skeerdersbos. Slegs 1 400 bottels van die wyn is beskikbaar!



Oerwoudkoors

Amazon is die Monseca Hospitality Group se nuwe Latyns-Amerikaanse eet- en vermaakbestemming in die Menlyn Park-winkelsentrum in Pretoria. Die restaurant is ontwerp om moeiteloos oor te skakel van ontspanne laatontbyte tot middagetes, aandetes en vrolike laataand-drinkies. Vir die kreatiewe spyskaart wat beslis jou smaakknoppies sal bekoor, het die uitvoerende sjef, Siya Mlaba, inspirasie geput uit meer as 15 jaar van internasionale ervaring in Londen, New York en Mexiko. Bespreek jou tafel by amazonmenlyn.co.za. 📍

Geroosterde seebaars met romerige kapokaartappel, béchamelsous, soet sojaous en shimeji-sampioene.



TEKEN IN & SPAAR 40%

R576 VIR 8 UITGAWES*

GEDRUKTE WEERGAWE

NUWE INTEKENARE SMS "TUIS" NA 32361
HERNUWINGS SKAKEL 087 353 1300
E-POS intekenare@media24.com
OF WHATSAPP 087 353 1287

DIGITAAL

Zinio.com of Magzter.com
of Netwerk24.com

ZINIO
THE WORLD'S LARGEST NEWSSTAND
NETWERK24

* Intekeninge is onderhewig aan prysverhogings en jou betaalopdrag word dienoreenkomstig aangepas. Aangesien intekeninge outomaties maandeliks hernu word, moet jy ons laat weet indien jy jou intekening wil kanselleer. Die aanbod geld tot 15 Oktober 2026. B's en V's geld. Die gedrukte aanbod vir intekenare in SA; vir internasionale intekentariere, skakel +27 21 065 0000. Vir nuwe intekeninge, SMS jou besonderhede aan ons sodat ons met jou in verbinding kan tree. Elke SMS kos R1,50; gratis minute tel nie.

KOMPETISIEREËLS 1 Enigiemand in Suid-Afrika mag deelneem, buiten werknemers van Media24, die kompetisieborger, hul filiale, advertensie- en promosieagentskappe en hul gesinslede. 2 Pryse word toegeken aan die eerste korrekte inskrywings wat getrek word en wenners sal telefonies of per e-pos in kennis gestel word. 3 SMS-kompetisiawenners word lukraak uit al die SMS-inskrywings gekies. 4 Die organiseerders se besluit is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie. 5 Pryse kan nie verander, oorgedra, uitgestel of vir kontant geruil word nie. 6 Die onus rus op kliënte om die pryse te verskaf. Tuis kan nie verantwoordelik gehou word vir probleme met of vertraging in die lewering van die pryse nie. 7 Pryse moet binne 6 maande ná kennisgewing opgeëis word; uitstel kan slegs verleen word indien die borge skriftelik daartoe instem. 8 Geen KI-gegenereerde beelde kom in aanmerking vir kompetisies in Tuis waar inskrywings geskied deur die instuur van 'n foto nie. Let wel Vanweë variasies in die drukproses is verkleure in die tydskrif nie noodwendig 'n ware weergawe van die betrokke produk nie.

Koopgids

Sorg vir die hele gesin deur jou mandjie met hierdie kopies te vul!

SLIM ONTWERP VIR WASGOED

Selfs wasgoed is beter wanneer dit mooi lyk. Blum bied 'n stylvolle, praktiese wasgoedoplossing van 600 mm breed, ontwerp vir 'n moderne leefstyl. Twee ruim houters van 42 liter elk maak dit maklik om wasgoed te sorteer, terwyl oop driehoekige lugvloei bevorder om die inhoud vars en goed geventileer te hou. Danksy hul TANDEMBOX-laaistelsel kan jy gladde, betroubare werking en 'n luukse afwerking verwag. Ons is gaande oor dié wasgoedstelsel wat slim funksionaliteit met skoon, kontemporêre ontwerp kombineer.



KOEKIES EN KARAMEL IS ALLES

Bederf jou sintuie met die beste tekstuurkombinasie in sjokolade: koekies en karamel. Ritter Sport in die geur Biscuit & Caramel is 'n premiumgehalte-sjokolade met 'n goue bros botterkoekie en fluweelsagte karamel-laag, alles toegevoeg in ryk melksjokolade. Gemaak met 100% gesertifiseerde volhoubare kakao, bied elke hap 'n bevredigende soet karakterigheid. Besikbaar by kruidentierswinkels.



WARM HANDDOEKE, KOEL ONTWERP

Jeeves se Tangent Ladder L verhitte handdoekreling put inspirasie uit 'n klassieke leer, maar bied 'n verfynde weergawe daarvan met 'n verhitte handdoekreling. Die vorm en sporte skep 'n elegante gevoel van beweging, terwyl die profiel skoon en modern bly. Dit bring 'n tikkie speelverfyndheid en wys dat luuksheid nie altyd ernstig of formeel hoef te wees nie. Dit is beskikbaar in 'n reeks kleure, waaronder pêrelgoud en antieke roosgoud, met die praktiese gemak van warm, droë handdoeke.



GEUR KRY VORM BY RAIN

Rain Natural Skincare se kenmerkende keramiek-geurvaas is ontwerp as geurhouer én beeldhouwerk in een. Dit is beskikbaar in houtskoolgrys of ivoor en kan gekombineer word met Rain se nuwe versamelbare keramiekbloem. Elke blom word individueel met die hand gemaak uit absorberende keramiek, wat dit in staat stel om geur te hou en dit sagkens vry te stel, terwyl dit tekstuur en vorm aan die rangskikking verleen. Geniet hul kenmerkende geure – Karoo, Namib, Sahara en Kalahari – soos nog nooit tevore nie.



HARE VAN BINNE GEVOED

Droom jy van langer, sterker en gesonder hare? Stel Power Gro-kapsules op die proef. Met 'n unieke vermenging van vitamiene en minerale is dit spesifiek geformuleer om jou hare die voeding te gee wat dit benodig. Dring aan op egte Power Gro-produkte van GM Pharmaceuticals. Besikbaar by Dis-Chem en voorste apteke. Vir meer inligting: 031 332 8411, mailbox@gmpharm.co.za.



SAGTE SORG VIR DIE GESIN

Hou elke lid van die gesin se vel sag, versorg en gehidreer met Bodidoc Aqueous Cream. Dié sagte, veeldoelige formule bied 24 uur se vogtigheid en is geskik vir alle veltepes, insluitend gevoelige vel en babas. Doeltreffend as 'n daaglikse bevochtigter, alternatief vir seep, alternatief vir skeerroom of om grimering te verwyder. Dermatologies getoets en gemaak sonder natriumlou-rielsulfaat, kleurstowwe of geurmiddels. Landwyd beskikbaar by geselekteerde handelaars.





Fonteine VAN DIE EWIGHEID

In 'n droogteland soos ons s'n, skryf Karin Brynard, is dit die fonteine wat die verhale van ons en ons geskiedenis dra.



Ek kom af op 'n boek oor die rykdom aan fonteine wat ons droë land eens op 'n tyd gehad het en ek staan verwonderd.

Jy sou nooit raai dat daar soveel duisende fonteine oor die groot breë rug en bekken van die land uitgesaai lê nie – of dit nou in die swartgebakte vlaktes van die Boesmanland of die semiwoestynleegtes van die Groot-Karoo is, of die klip-en-sand van die Noord-Kaap, daar's altyd iewers een, of twee, 'n drieling of selfs baie op een plek.

Eintlik gaan die boek nie oor fonteine nie, maar oor die plekname wat ons oorhou aan dié oorvloed. Dis naamlik die liefdeswerk van 'n kultuurhistorikus en oud-professor aan die Universiteit Stellenbosch, Matilda Burden, en die produk van agt jaar se kruis-en-dwars-rondryery om al wat 'n plek wat na 'n fontein genoem is, op te soek en te karteer – altesaam 5 600. En wat 'n ongelooflike boek is dit nie. Jy kan vir ure deur hom blaai en jou verkneukel in die name, wat wissel van die mees mundane Bapsfontein tot die verspotte Kuikendieffontein en Tweebuffelsmeteenskootmorsdoodgeskietfontein. Laasgenoemde is 'n plaas tussen Lichtenburg en Koster en maak daarop aanspraak dat dit die langste pleknaam in die land is (44 letters) en vierde op die wêreldranglys van lang plekname.

Dit borrel behoorlik van die allerheerlikste plekname, soos Tonteldoosfontein en Voëlroepersfontein, Zoete Meisjesfontein, Oorbietjiesfontein en Woepsfontein in die Colesbergdistrik. Jy kan jou wonder oor die verhale wat aanleiding gegee het tot die name, soos Soebatsfontein in Namakwaland, wat toegeskryf word aan 'n insident in die laat 1700's, toe 'n groepie Oorlams-Khoekhoen van die omgewing 'n plaaswerker wreed vermoor het oor hy sy diere laat suip het by dié water. Hy't glo gesoebat om nie doodgemaak te word nie, maar tevergeefs.

Dis 'n kosbare kultuurverskynsel, dié fonteingerigte naamgewing, en uniek aan Suid-Afrika. En waar Suid-Afrikaners ook al in die groot diaspora versprei, daar neem hulle die fonteinname saam. Die derduisende Suid-Afrikaners wat deesdae in Australië woon, het aan die stad Perth 'n alternatiewe naam besorg, naamlik Perthfontein. Buite Melbourne is daar 'n plaas Suutjiesfontein. En die Britse sportstadion Twickenham word herdoop na Twickersfontein wanneer die Springbokke daar speel, vanweë die grosse groentruï-ondersteuners wat met biltong en droëwors daar opdaag.

Die name verdwyn egter namate die geskiedenis sy lope loop en die tyd sy draaie stap. Baie van die fonteinname gaan eeue terug,

maar verdwyn nou, sink die vergetelheid in saam met die mense wat die stories daarvan dra. Jy sien die verlate opstalle, die trotse ou gewels wat verwese en verbroekel op eens netjiese werwe staan, begraaftplase eenkant onder vaalgroen sipresse wat nog verbete stry teen die verderf. En iewers in jou hart breek daar iets vir die wegwaai van al die verhale, die lang geslagte hane wat daar gekraai het.

Maar in die millennia voor dié fonteine Westerse name had, was dit plekke wat aan die klein jagters en versamelaars van die land behoort het, die San. Ons eerste mense oorspronklike koestersaars van al die groenfluweel bronne vir meer as honderd-duisend jaar. Ook hulle verhale is weg, hul voetspore toegewaaï.

Dikwels, wanneer die politici weer die herdoop aankondig van 'n plek waaraan ek soet herinnering koester – Nieu-Bethesda of Soekmekaar – roer daar iewers in my 'n ouverdrietsnaar. Byna vleeslik is die gevoel van verlies aan 'n deel van jou storie, jou herkoms. Die geleerdes praat van kulturele ontheemding, wat dikwels gepaardgaan met 'n soort kollektiewe trauma.

Ek probeer egter filosofies wees – die tyd het 'n sleepsel wat voortdurend die wêreld omploeg en verander. Dis ons almal se lot. Die oudste koloniseerders van wie ons weet was die Fenisiërs, wat 1 200 jaar voor Christus al die ganse Midde-Ooste en Middellandse See onderstebo gegooi het. Hierna was dit vlaag op vlaag – van die antieke Grieke en die Romeine deur tot by Genghis Khan, die Wikings en daarna die Arabiese koloniste van die Ottomaanse Ryk. 'n Stad soos Istanbul, met sy sluiers en minarette, het deur die loop van die eeue vyf naamwisselings gehad. Vir die Grieke was dit Bisantium, vir die Romeine Nova Roma en Konstantinopel en toe weer iets anders vir die Arabiere. Die fraaie St. Petersburg in Rusland was drie keer iets anders, so ook New York.

Dis maar hoe die geskiedenis die wêreld maal. In die gang van die tyd is verandering die enigste konstante.

En tog. 'n Liefnaam soos Mooimeisiesfontein maak jou hart week. En Beskuitfontein en Snorkfontein. En Tamboekiesfontein, genoem na die groot Temboe-koninkryk van die 17de en 18de eeu in die Oos-Kaap.

Kulture en mense kom en gaan, die geskiedenis draai homself soms op die ander sy, maar die grond en die water en die dansende sterre verstaan: Sterflikheid is die prys vir nuwe lewe en groei. Vandag droog ons trane op Verlatenheidsfontein, maar môre dans ons kinders op Nuwefontein. 🏠

SMARAGGROEN STYL EN GEMAK

Die Carriage View-hoeksitkamerstel beskik oor ruim grootte en ryk donkergroen chenille-materiaal vir 'n sagte, uitnodigende gevoel en 'n treffende voorkoms. Die modulêre uitleg en oorgroot sitplekke bied volop ruimte om te ontspan, terwyl die mengsel van kontemporêre styl en klassieke gerief dit 'n tydlose middelpunt vir enige sitkamer maak.



'N TYDLOSE GLANS

Die Warm Geelkoper-afwerking bied 'n vars interpretasie van luuksheid wat elke detail van jou badkamer verryk.


Ontdek die Warm Geelkoper-afwerking by jeeves.co.za



JEEVES
HEATED TOWEL RAILS

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Betsie

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24